

Die invloed van ekotoerisme op lewenskwaliteit in ontwikkelende gemeenskappe: ‘n ontwikkelingskommunikasieperspektief

Maria Louisa van Wyk, B. Comm (Komm)

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad **Magister Commercii** (Kommunikasiekunde) in die Departement Kommunikasie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Prof HJ Groenewald
Hulpstudieleier: Prof T Eloff

**Potchefstroom
1995**

VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie projek wil ek my opregte dank uitspreek teenoor:

My studieleier, prof. H.J. Groenewald vir al sy raad en bystand.

Aan my hulpstudieleier, prof. T. Eloff, wat my veral met die empiriese ondersoek bygestaan het, en my nuwe insigte in die wildbedryf as deel van ekotoerisme gegee het. Veral ook vir die geleentheid om so naby aan die natuur te leef, die aanwakker van 'n liefde hiervoor en sommer al sy vriendelikheid.

Hiermee saam die wildboere by wie ek die navorsing gedoen het: mnre. Neels Jordaan, Piet Combrink, Boeta von Wielligh en Ds. L.A.S. van Wyk. So - ook die Thabazimbi Wildsentrum en die Hoofdirektoraat Natuurbewaring.

Die personeel van die Sentrum vir Ekotoerisme by die Universiteit van Pretoria.

Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek vir alle hulp.

Die geldelike hydrae gelewer deur die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling (RGN, Suid-Afrika) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe gekom is, is dié van die outeur en moet nie noodwendig aan die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling toegeskryf word nie.

Aan my taalversorger en vriendin met baie raad, Elanie Steyn.

Aan my ouers, familie, vriende, vriendinne en in besonder, Jan vir al sy geduld, en moeite - baie dankie!

Aan my Skepper en Heer vir die geleentheid en voorreg wat ek kon hê om so verder te leer.

Soli deo Gloria

ABSTRACT

Due to the growing dissatisfaction with mass tourism, ecotourism has emerged as an alternative form of tourism. This form of tourism is based on three precepts: conservation must take place, the neighbouring community has to benefit from it and it should give some information to the tourists visiting the attraction or area of attraction.

Ecotourism offers a unique possibility to South Africa, because it is environmentally friendly and therefore provides an ideal opportunity for development. It is consistent with the Government of National Unity's Reconstruction and Development Programme (RDP) and furthermore, would relieve the growing burden of poverty in our country.

An attempt at an ecotourism effort would however, not be successful without effective communication and therefore the advantages of ecotourism and the different components of ecotourism need to be communicated to the population as well as the tourists. Intercultural and development communication is essential. Development communication is not measured by the process but by the end result.

This study is based on the premise that a successful ecotourism project necessitates a participatory developmental communicative approach. Without the participation of the local community, success cannot be guaranteed. This also means that local and traditional knowledge of the community have to be taken into consideration in conjunction with the modern technology and mass media.

The results of this study show that ecotourism is practised on a small and informal scale in the Thabazimbi area with economic and cultural benefit for all. Conservation does not only mean conservation of nature but of a specific culture as well. The local community has a rich culture of which it should be justifiably proud.

Ecotourism contributes to the quality of life. The study also shows that communication enhances the ability of ecotourism to generate wealth and contribute to conservation. By informing the tourist about ecotourism it ensures future interest in nature and culture. Communication with the local community ensures participation, wealth and pride in their heritage. These are all components of the quality of life of a people.

INHOUDSOPGAWE

INHOUDSOPGAWE	i
LYS VAN BYLAE	vii
LYS VAN FIGURE	viii

**HOOFSTUK 1 INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN
DOELSTELLINGS**

1.1 INLEIDING	1
1.2 PROBLEEMSTELLING EN AGTERGROND	1
1.3 DOELSTELLINGS	4
1.4 SENTRALE TEORETIESE STELLING ..	4
1.5 METODE VAN ONDERSOEK	5
1.5.1 Literatuur - en brontleding	5
1.5.2 Empiriese ondersoek	5
1.6 BEGRIPSOMSKYWING	6
1.6.1 Ekotoerisme	6
1.6.2 Etnotoerisme	7
1.6.3 Ontwikkeling	7
1.6.4 Ontwikkelde en ontwikkelende lande en gemeenskappe	7
1.6.5 Ontwikkelingskommunikasie	8

1.6.6	Gemeenskap	8
1.6.7	Lewenskwaliteit	9
1.7	SLOT	9

HOOFSTUK 2 TEORETIESE GRONDSLAG VIR DEELNEMENDE KOMMUNIKASIE IN ONTWIKKELING

2.1	INLEIDING	10
2.2	OMSKRYWING VAN KONSEPTE	10
2.2.1	Kultuur	11
2.2.2	Inheemse kennis	11
2.2.3	Inheemse kommunikasie	11
2.3	DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE ONTWIKKELINGSPARADIGMA	12
2.4	NUWE PARADIGMA	14
2.5	ELEMENTE VAN DEELNEMENDE ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE ..	19
2.5.1	Ontwikkeling	19
2.5.1.1	Die Noord-Suid kwessie	21
2.5.1.2	Suksesvolle ontwikkeling	24
2.5.1.3	Beperkings op ontwikkeling	25
2.5.2	Deelname	26
2.5.3	Ontwikkelingskommunikasie	26
2.5.3.1	Kommunikasiehandeling	29

2.5.4	Die verband tussen kultuur en kommunikasie	31
2.5.4.1	Interkulturele kommunikasie	32
2.5.5	Inheemse kennis en inheemse kommunikasiesisteme	34
2.6	DIE DOEL VAN DEELNEMENDE ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE ..	39
2.7	SLOT.....	41

HOOFTSTUK 3 EKOTOERISME AS ‘N KOMMUNIKASIEPROSES

3.1	INLEIDING	42
3.2	AGTERGROND OOR DIE ONTSTAAN VAN EKOTOERISME	43
3.3	DIE BEGRIP EKOTOERISME	46
3.3.1	Ekotoerisme en bewaring	49
3.3.2	Ekotoerisme en die gemeenskap	50
3.3.3	Ekotoerisme en die leerproses	52
3.4	KULTUUR EN EKOTOERISME	54
3.5	EKOTOERISME IS ‘N KOMMUNIKASIEPROSES	56
3.5.1	Die bydrae van die media tot ekotoerisme	57
3.6	DIE BESLUIT VIR OF TEEN EKOTOERISME	59

3.6.1	Die positiewe en negatiewe impak van ekotoerisme	60
3.6.2	Die ontwikkeling van 'n ekotoerisme-besienswaardigheid	62
3.7	EKOTOERISME IN THABAZIMBI	64
3.8	'N VISIE VAN EKOTOERISME	65
3.9	SLOT	69

HOOFSTUK 4 EMPIRIESE ONDERSOEK

4.1	INLEIDING	70
4.2	AANNAMES VANUIT DIE TEORETIESE BEGRONDING	71
4.3	KEUSE VAN DIE NAVORSINGSPROSEDURE	72
4.3.1	Die kwalitatiewe ondersoek	72
4.4	UITVOERING VAN DIE STUDIE	75
4.4.1	Agtergrond	76
4.4.1.1	Aantal respondente betrokke	77
4.4.2	Onderhoudvoering	78
4.4.2.1	Grondeienaars	82
4.4.2.2	Jagtersgidse	84
4.4.3	Vraelyste	84
4.4.3.1	Jagters	84

4.4.4	Algemene gesprekvoering	85
4.5	SLOT	86

HOOFSTUK 5 RESULTATE

5.1	INLEIDING	88
5.2	GRONDEIENAARS	88
5.3	JAGTERSGIDSE	96
5.4	JAGTERS	102
5.5	SLOT	106

HOOFSTUK 6 INTERPRETERING VAN RESULTATE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1	INLEIDING	107
6.2	INTERPRETERING VAN RESULTATE .	107
6.2.1	Grondeienaars	108
6.2.1.1	Gevolgtrekkings van die onderhoude met die grondeienaars	112
6.2.2	Jagtersgidse	114
6.2.2.1	Gevolgtrekkings van die onderhoude met die jagtersgidse	119
6.2.3	Jagters	119
6.2.3.1	Gevolgtrekkings oor die vraelyste aan die jagters	122

6.3. GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	123
6.3.1 Die doelstellings	123
6.3.2 Aannames vanuit die teoretiese begroting ..	126
6.4 BYDRAES EN LEEMTES VAN DIE STUDIE	128
6.4.1 Bydraes van die studie	128
6.4.2 Leemtes van die studie	129
6.5 SLOT	130
BRONNELYS	142

LYS VAN BYLAE

Bylae I:	Skeppers van die toeriste-infrastruktuur	133
	Gids vir die voer van semi-gestruktureerde onderhoude	
Bylae II	Jagtersgidse	137
	Gids vir die voer van semi-gestruktureerde onderhoude	
Bylae III:	Vraelys	140

LYS VAN FIGURE

Figuur 5.2.1	Gemiddelde aantal toeriste per plaas	91
Figuur 5.2.2	Aktiwiteite beskikbaar op elke plaas	92
Figuur 5.3.1	Interessantheide wat jagtersgidse uitwys	99
Figuur 5.3.2	Bewaringskommunikasie van die jagtersgidse met ander mense	100
Figuur 5.3.3	Loon per maand	101
Figuur 5.3.4	Meel per maand	102
Figuur 5.4.1	Jagters se kennis van die Tswana-kultuur	104
Figuur 5.4.2	Natuur- en wildbewaring	104
Figuur 5.4.3	Gemiddelde beloning van die jagtersgidse	105
Figuur 5.4.4	Persentasie van die jagters wat hul gesinne op 'n plaasvakansie sou wou neem	105
Figuur 5.4.5	Persentasie van die jagters wat hul gesinne op 'n etnotoerisme-vakansiesou wou neem	105
Figuur 5.4.6	Gemiddelde totale jaarlikse bruto inkomste van die jagters ...	105

HOOFSTUK 1 INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN DOELSTELLINGS

1.1 INLEIDING

You see things and say why? But I dream things that never were and I say why not? Bernard Shaw, *Back to Mehtuselah*

In die inleidende hoofstuk tot hierdie studie gaan daar hoofsaaklik aandag gegee word aan die ontstaan van die navorsing. Die probleemstelling gaan gestel word, asook die agtergrond wat as motivering vir die navorsing dien. Nadat daar aandag gegee is aan die probleemstelling en agtergrond, gaan die doelstellings van die studie uiteengesit word. Dit word ook in verband gebring met die sentrale teoretiese stelling en die verloop van die empiriese ondersoek wat in die Thabazimbi-distrik gedoen is. Ten slotte gaan begrippe wat deurgaans gebruik word omskryf word.

1.2 PROBLEEMSTELLING EN AGTERGROND

Louis Turner verwys na toerisme as: "The most promising, complex and understudied industry impinging on the Third World" (Lea, 1988:1).

Toerisme is tans dié bedryf wat die meeste mense in die wêreld met mekaar laat kommunikeer. Heelparty toeriste uit ontwikkelde lande stel belang in Afrika-kulture, en kontak met laasgenoemde kulture onderstreep die belangrikheid van ontwikkelings- en interkulturele kommunikasie. Ontwikkelings- en interkulturele kommunikasie is onlosmaaklik aan mekaar gekoppel (Hornik, 1988).

Ekotoerisme is 'n vorm van toerisme. Dit is die begrip wat gebruik word om aan te dui hoe toerisme en die ekosisteem van 'n bepaalde streek mekaar beïnvloed. Alle relevante faktore van die ekosisteem van daardie streek moet in balans gehou word. Die begrip ekotoerisme bestaan uit drie aspekte, naamlik bewaring, 'n inligtingsfunksie aan die toeris en die omliggende gemeenskap moet daarby baat (Hattingh, 1993).

Die jare negentig word allerweë verwag om die dekade van ekotoerisme te word (Smith, 1992:8). Onlangse opnames in Suid-Afrika dui daarop dat 60 persent van internasionale toeriste wat die land besoek, hierheen kom om 'n ekotoerisme-ervaring te beleef (Koch, 1995:1). Mense is ontnugter met massatoerisme en die

Rio de Janeiro plaasgevind. Die doel van UNCED (United Nations Conference on Environment and Development) se "Earth Summit" was om ontwikkeling omgewingsvriendelik te maak (Von Weizsacker, 1992:23).

Ekotoerisme is só 'n vorm van omgewingsgerigte volhoubare ontwikkeling (Dearden, 1991:400). Dit sal duidelik blyk uit die literatuur dat dié vorm van toerisme 'n daadwerklike bydrae kan lewer tot bewaring, opvoeding en ontwikkeling. Juis daarom sluit ekotoerisme ook aan by die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP)² van die Regering van Nasionale Eenheid³. Hierdie stelling word ondersteun deur die volgende aanhaling uit 'n nuwe beleidsdokument van Satoer, wat tydens Indaba 1995 deur Pres. Nelson Mandela bekend gestel is (Koch, 1995:2):

Ecotourism can add to considerable and significant benefits to South Africa's Reconstruction and Development Programme, creating employment opportunities, generating a healthy economy and earning millions of rand in foreign currency. The country's communities stand to reap the rewards of well-managed ecotourism in the New South Africa.

Kommunikasie is 'n aktief-bydraende veranderlike tot ontwikkeling (Hamelink, 1990:101). Dit is die voertuig vir uitdrukking, die dra van simbole en idees. Simbole en idees is eie aan elke kultuur en daarom moet kultuur 'n belangrike deel vorm van enige ontwikkelingstrategie.

Daar word algemeen aanvaar dat die skepping van inkomste- en werksgeleenthede in Suidelike Afrika 'n hoë prioriteit moet geniet ten einde die lewenskwaliteit van die inwoners te verhoog. Toerisme en ook ekotoerisme sal waarskynlik een van die sterkste groeimootlikhede in die toekoms in Suid- en Suidelike Afrika skeep (Hattingh, 1994b:1). Jenkins (1994:261) stel dat 'n hoë kwaliteit toerisme-ervaring sal afhang van die bewaring van die natuurlike hulpbronne, die beskerming van die omgewing en die bewaring van die kulturele herkoms.

Ekotoerisme, die voordele daarvan en die opvoeding daaraan verbonde moet as 'n manier beskou word waardeur die ontwikkelende lande van armoede kan wegbeveeg en lewenskwaliteit van die plaaslike gemeenskappe positief beïnvloed kan word.

² Kyk ook 3.2, bl. 43

³ Kyk ook 3.4, bl. 54, 3.8, bl. 65 en 6.5, bl. 130.

Die klem val op deelnemende ontwikkelingskommunikasie. Dit impliseer dat ontwikkelingsprogramme⁴ slegs suksesvol kan wees indien dit deelname as grondslag het.

Die gemeenskap moet ook deelneem in die kommunikasieaktiwiteite tydens ontwikkelingsprojekte, wat impliseer dat interkulturele kommunikasie belangrik is. So ook sal ontwikkelingskommunikasie verseker dat die einddoel van so 'n ontwikkelingsprojek werklik 'n bydrae sal lewer tot die verbetering van lewenskwaliteit.

Die plaaslike bevolking in Suid-Afrika beskik oor 'n ryk inheemse kennis. Die Tswana's waaronder die studie gedoen is, is geen uitsondering nie. Die inheemse kennis moet ook ontgin word, gekommunikeer en gebruik word in ontwikkelingsprojekte. Inheemse kennis is nie altyd toepaslik vir 'n spesifieke ontwikkelingsprojek nie, maar dit wat van nut is, moet geïntegreer word met akademiese en wetenskaplike kennis.

1.5 METODE VAN ONDERSOEK

1.5.1 LITERATUUR- OF BRONONTLEDING

'n Volledige studie van die beskikbare literatuur oor die onderwerp gaan gedoen word. Ekotoerisme was by die aanvang van die studie nog 'n relatief onbekende begrip. Daar is van 'n wye verskeidenheid metodes gebruik gemaak om literatuur te versamel.

1.5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

Dié deel van die studie bestaan uit 'n kwalitatiewe ondersoek in die Thabazimbi-distrik, waar sommige wildboere ekotoerisme-praktyke beoefen. Dit vind plaas op wildplase, en daarom gaan daar aandag gegee word aan wildlewe-toerisme. Dié studie is nie gedoen op 'n groot ekotoerisme-projek nie, maar die fokus val eerder op die verskil wat op elke plaas individueel gemaak kan word en uiteindelik ook in die gemeenskap. Ontwikkeling behoort sodoende verder te kring.

Die ondersoek is drieledig van aard en word aan die hand van die doelstellings bespreek:

⁴ In die geval is die ontwikkelingsprojek 'n ekotoerisme-projek.

In The Star (5 Oktober 1994) definieer Geoffry Lipman dit as:

an enlightening, participatory travel experience in environments, natural or cultural or both that contributes to the conserving of these environments by generating sustainable economic opportunities of direct benefit to the local people and maximises use of environmentally sound infrastructure.

1.6.2 ETNOTOERISME

Etnotoerisme is 'n belangrike onderdeel van ekotoerisme. Dit is afgelei uit die feit dat bewaring beide 'n natuur- en kultuurbees het. Dit is 'n vorm van toerisme wat betrekking het op die eienskappe van 'n bepaalde etniese groep of kultuur. Die bewaring van 'n kultuur is dus hier belangrik. Etnotoerisme pas dan ook so by ekotoerisme in, omdat daar bewaring van 'n kultuur is, die toeris wat die gebied besoek daaruit kan leer en die plaaslike gemeenskap se lewenskwaliteit deur die betrokke projek kan verbeter.

1.6.3 ONTWIKKELING⁷

Dit word deur die World Commission on Environment and Development as volg gedefinieer: "development that meets the needs of the present without compromising the ability of future generations to meet their own needs" (Vivian, 1992:61).

1.6.4 ONTWIKKELDE OF ONTWIKKELENDE LANDE EN GEMEENSAPPE

Die begrip is moeilik meetbaar en dus ook moeilik definieerbaar. Dit word egter gedefinieer deur te kyk na die BBP (Bruto Binnelandse Produk) per capita (per kop/inwoner). 'n Tipiese ontwikkelde land sal ongeveer \$5 000 per capita per jaar verdien. In Suid-Afrika verdien mense maar ongeveer \$1 000 per capita per jaar (Van Wyk, 1995). Die begrippe eerstewêreld teenoor derde wêreldlande, Noord-teenoor Suidlande, Eurosentryse teenoor Afrosentryse lande, Westerse teenoor nie-Westerse lande kan ook hier genoem word, aangesien die verskille tussen hierdie groepe lande afkomstig is van die graad van ontwikkeling wat daar heers.

⁷ Kyk ook 2.5.1, bl. 19

1.6.7 LEWENSKWALITEIT

Lewenskwalityt is nie maklik omskryfbaar nie aangesien al die dimensies daarvan nie gemeet kan word nie (Lecomber, 1975). Dit omsluit die fisiese, sosiale en ekonomiese omgewing van 'n mens. Dit is dus nie net ekonomiese vooruitgang nie, maar ook algemene tevredenheid¹⁰ met die heersende lewensomstandighede.

1.7 SLOT

In die volgende hoofstukke van die studie gaan die navorsing uiteengesit word en aangepak word aan die hand van die doelstellings.

Hoofstuk twee fokus primêr op deelnemende kommunikasie in ontwikkeling, en bevat 'n deel van die literatuurstudie vir die ondersoek. Deelnemende kommunikasie in ontwikkeling is 'n komplekse begrip aangesien daar baie veranderlikes is wat 'n invloed hierop het.

Hoofstuk drie is die literatuurstudie oor ekotoerisme waarin aangetoon word dat ekotoerisme 'n kommunikasieproses is, veral 'n ontwikkelings- en interkulturele kommunikasieproses. Hoofstukke vier tot ses handel oor die empiriese ondersoek. Hoofstuk vier bevat die teoretiese uiteensetting van die empiriese ondersoek. Hoofstuk vyf gee die resultate van die studie weer, terwyl daar in hoofstuk ses sekere interpretasies, asook aanbevelings en gevolgtrekkings gemaak word.

¹⁰ Kyk ook 2.6, bl. 41

2.2.1 KULTUUR

Daar is verskillende definisies van kultuur. Kultuur het betrekking op die etno-toerisme onderdeel van ekotoerisme¹⁶. Kultuur is die gemeenskaplike wyse waarop mense veelvuldige maniere gebruik om die wêreld waar te neem, te organiseer en interpersoonlik aan die nageslag oor te dra (Asante en Gudykunst, 1989:163). Volgens (Ayee, 1993:69) maak dit kommunikasie moontlik deur die toekenning van betekenis aan die omgewing en sy aspekte.

Kultuur is 'n wye en allesomvattende konsep. Dit is 'n sisteem van waardes, oortuigings en gelowe wat die individu en die samelewingsgedrag affekteer (Grassi, 1990:106). Kultuur beteken in hierdie studie die kultuur van die plaaslike gemeenskap, waarbinne die ontwikkeling moet plaasvind, met al hul gewoontes, gebruike, oortuigings en waardesisteme.

2.2.2 INHEEMSE KENNIS

Hierdie begrip verwys na die liggaam van kennis wat deur plaaslike bevolkings oor die jare verkry is deur direkte kontak met hul omgewing, en dit word oorgedra van geslag tot geslag (Morin-Labatut & Akhtar, 1992:24)¹⁷.

Inheemse kennis is eie aan en deel van 'n bepaalde kultuur. Dit hoef nie noodwendig tradisioneel te wees nie, maar is gewoonlik beproef en ontwikkel deur uit foute van die verlede te leer.

2.2.3 INHEEMSE KOMMUNIKASIE

Dit vind plaas binne 'n bepaalde gemeenskap en bevat aspekte soos die poppekas, drama, interpersoonlike kommunikasiekanale, dorpsorganisasies, markte en besprekings (Mundy, 1993:42).

Inheemse kommunikasie is dus alle kommunikasie wat eie is aan en deel van die bepaalde kultuur en dit staan parallel tot inheemse kennis¹⁸. Dit is ook waarde-gelaaï, wat beteken dat die betrokke gemeenskap bepaalde waardes koppel aan simbole, wat nie noodwendig dieselfde is in 'n ander kultuur nie.

¹⁶ Kyk 1.6.2, bl. 7

¹⁷ Kyk 2.5.5, bl. 34

¹⁸ Kyk 2.5.5, bl. 34

HOOFSTUK 1 INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN DOELSTELLINGS

1.1 INLEIDING

You see things and say why? But I dream things that never were and I say why not? Bernard Shaw, *Back to Mehtuselah*

In die inleidende hoofstuk tot hierdie studie gaan daar hoofsaaklik aandag gegee word aan die ontstaan van die navorsing. Die probleemstelling gaan gestel word, asook die agtergrond wat as motivering vir die navorsing dien. Nadat daar aandag gegee is aan die probleemstelling en agtergrond, gaan die doelstellings van die studie uiteengesit word. Dit word ook in verband gebring met die sentrale teoretiese stelling en die verloop van die empiriese ondersoek wat in die Thabazimbi-distrik gedoen is. Ten slotte gaan begrippe wat deurgaans gebruik word omskryf word.

1.2 PROBLEEMSTELLING EN AGTERGROND

Louis Turner verwys na toerisme as: "The most promising, complex and understudied industry impinging on the Third World" (Lea, 1988:1).

Toerisme is tans dié bedryf wat die meeste mense in die wêreld met mekaar laat kommunikeer. Heelparty toeriste uit ontwikkelde lande stel belang in Afrika-kulture, en kontak met laasgenoemde kulture onderstreep die belangrikheid van ontwikkelings- en interkulturele kommunikasie. Ontwikkelings- en interkulturele kommunikasie is onlosmaaklik aan mekaar gekoppel (Hornik, 1988).

Ekotoerisme is 'n vorm van toerisme. Dit is die begrip wat gebruik word om aan te dui hoe toerisme en die ekosisteem van 'n bepaalde streek mekaar beïnvloed. Alle relevante faktore van die ekosisteem van daardie streek moet in balans gehou word. Die begrip ekotoerisme bestaan uit drie aspekte, naamlik bewaring, 'n inligtingsfunksie aan die toeris en die omliggende gemeenskap moet daarby baat (Hattingh, 1993).

Die jare negentig word allerweë verwag om die dekade van ekotoerisme te word (Smith, 1992:8). Onlangse opnames in Suid-Afrika dui daarop dat 60 persent van internasionale toeriste wat die land besoek, hierheen kom om 'n ekotoerisme-ervaring te beleef (Koch, 1995:1). Mense is ontnugter met massatoerisme en die

probleme wat dit veroorsaak het. Massatoerisme het die omgewing asook die outentiekheid en egtheid van kulture vernietig (Bosselman, 1978:110).

Dié tendens, wat ook die agteruitgang van die omgewing insluit, het gelei tot die ontstaan van alternatiewe vorme van toerisme, waarvan ekotoerisme een is. Alternatiewe toerisme is toerisme wat konsekwent is met die natuurlike, sosiale en gemeenskapswaardes wat beide die toeris en die gasheerlande die geleentheid gee om positiewe en betekenisvolle interaksie en gedeelde ervarings te beleef (Smith, 1992:3; Slocombe, 1993:69).

Suid-Afrika word beskou as 'n ontwikkelende land¹. Armoede, veral in ontwikkelende gemeenskappe, is een van die hoofoorsake van die agteruitgang van die omgewing (Dixon, 1992:6). Meer as 1 biljoen mense wêreldwyd leef in absolute armoede (World Bank, 1992:1). Voor daar dus aandag gegee kan word aan die bewaring van die omgewing, moet die mees basiese behoeftes van die mens bevredig word. Bewaring is egter ook vir baie plaaslike gemeenskappe kultuurvreemd.

Die verligting van armoede is nie net 'n Christelike plig nie, maar ook 'n voorvereiste vir die volhoubare ontwikkeling van die omgewing. 'n Verslag van die Wêreldbank se Suidelike Afrika-afdeling wat pas verskyn het, stel die volgende oor armoede in die land (World Bank, 1994a:1):

Reducing poverty is the central challenge confronting the South African economy. Apartheid has left nearly half the people living below the poverty line. Half of the poor lack even the means of subsistence; for these absolutely poor, insufficient income and appalling conditions of daily life converge to stunt the attainment of human and economic potential.

Ontwikkeling en bewaring is tradisioneel as twee konflikterende begrippe beskou. Die International Union for Conservation of Nature and Natural Resources (IUCN) het in 1991 in 'n dokument, "Caring for the Earth - A Strategy for Sustainable Living", riglyne neergelê oor bewaring en ontwikkeling. Eerstens moet daar 'n verbintenis met volhoubare ontwikkeling geskep word, en tweedens moet bewaring met ontwikkeling op so 'n wyse geïntegreer word, dat dit die aarde se ekologie in ag neem en individue se lewenskwaliteit verhoog (Thompson, 1992:61). Met omgewingsbewaring word nie net die bewaring van die natuur bedoel nie, maar ook die kultuur. Die "Earth Summit" het van 3 - 4 Junie 1992 in

¹ Kyk 2.5.1.1, bl. 19

Rio de Janeiro plaasgevind. Die doel van UNCED (United Nations Conference on Environment and Development) se "Earth Summit" was om ontwikkeling omgewingsvriendelik te maak (Von Weizsacker, 1992:23).

Ekotoerisme is só 'n vorm van omgewingsgerigte volhoubare ontwikkeling (Dearden, 1991:400). Dit sal duidelik blyk uit die literatuur dat dié vorm van toerisme 'n daadwerklike bydrae kan lewer tot bewaring, opvoeding en ontwikkeling. Juis daarom sluit ekotoerisme ook aan by die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP)² van die Regering van Nasionale Eenheid³. Hierdie stelling word ondersteun deur die volgende aanhaling uit 'n nuwe beleidsdokument van Satoer, wat tydens Indaba 1995 deur Pres. Nelson Mandela bekend gestel is (Koch, 1995:2):

Ecotourism can add to considerable and significant benefits to South Africa's Reconstruction and Development Programme, creating employment opportunities, generating a healthy economy and earning millions of rand in foreign currency. The country's communities stand to reap the rewards of well-managed ecotourism in the New South Africa.

Kommunikasie is 'n aktief-bydraende veranderlike tot ontwikkeling (Hamelink, 1990:101). Dit is die voertuig vir uitdrukking, die dra van simbole en idees. Simbole en idees is eie aan elke kultuur en daarom moet kultuur 'n belangrike deel vorm van enige ontwikkelingstrategie.

Daar word algemeen aanvaar dat die skepping van inkomste- en werksgeleenthede in Suidelike Afrika 'n hoë prioriteit moet geniet ten einde die lewenskwaliteit van die inwoners te verhoog. Toerisme en ook ekotoerisme sal waarskynlik een van die sterkste groeimootlikhede in die toekoms in Suid- en Suidelike Afrika skeep (Hattingh, 1994b:1). Jenkins (1994:261) stel dat 'n hoë kwaliteit toerisme-ervaring sal afhang van die bewaring van die natuurlike hulpbronne, die beskerming van die omgewing en die bewaring van die kulturele herkoms.

Ekotoerisme, die voordele daarvan en die opvoeding daaraan verbonde moet as 'n manier beskou word waardeur die ontwikkelende lande van armoede kan wegbeveeg en lewenskwaliteit van die plaaslike gemeenskappe positief beïnvloed kan word.

² Kyk ook 3.2, bl. 43

³ Kyk ook 3.4, bl. 54, 3.8, bl. 65 en 6.5, bl. 130.

Daar is al heelwat gepubliseer oor die bydrae van toerisme en veral ekotoerisme tot omgewingsbewaring en ontwikkeling (Anon, 1991; Copeland, 1991; Dearden, 1991; Durr, 1990; Odendal & Schoeman, 1990; Zurick, 1992). Die gebruik en toepassing van ontwikkelingskommunikasie vir die bevordering van ekotoerisme en die kweek van omgewingsbewustheid, is egter nog min bestudeer. Dit blyk uit 'n ondersoek in 1994 na navorsingonderwerpe wat by die RGN geregistreer is, asook ander relevante en beskikbare databasisse.

Die probleem is hoe ekotoerisme en die gepaardgaande voordele suksesvol aan die plaaslike gemeenskap gekommunikeer kan word. Die studie hou daarom 'n kommunikasiedimensie in, omdat sinvolle kommunikasie tot voordeel en verbetering van die lewenskwaliiteit van die betrokke plaaslike gemeenskap kan lei. 'n Antwoord op bogenoemde probleem sal nie net tot die ontwikkeling in die vakgebied van kommunikasiekunde as geheel bydra nie, maar ook tot bewaring, opvoeding, ontwikkeling en ekonomiese groei in die Suid-Afrikaanse gemeenskap.

Die rede vir die kommunikasiestudie word verder duidelik wanneer na die volgende definisie van toerisme gekyk word: Dit is 'n aktiwiteit wat menslike gedrag, gebruik van hulpbronne, interaksie met ander mense, ekonomiese en omgewingsbevat (Bull, 1993:1). Kommunikasie is immers die studie van simboliese menslike gedrag.

1.3 DOELSTELLINGS

- 1.3.1 Om vas te stel hoe die skeppers van die toerisme-infrastruktuur (die wildboere), in die Thabazimbi-distrik, ekotoerisme-praktyke beoefen.
- 1.3.2 Om te bepaal of die beoefening van ekotoerisme-praktyke sal bydra tot 'n verbetering in die lewenskwaliiteit van die betrokke gemeenskap.
- 1.3.3 Om vas te stel op watter manier die plaaslike kultuur (artefakte, gebruike en gewoontes) aan die toeris gekommunikeer word.
- 1.3.4 Om vas te stel hoe natuurbewaring aan die toeris gekommunikeer word.

1.4 SENTRALE TEORETIESE STELLING

Gemeenskapsbetrokkenheid lei tot volhoubare ontwikkeling en mense se kommunikasie-aktiwiteite tydens ekotoerisme word as 'n hulpbron beskou wat gebruik kan word om beter kwaliteit in die ekonomiese, sosiale en kulturele lewe te bring (Rahim, 1993:46). Ekotoerisme as ontspanning is 'n katalisator vir beter lewenskwaliiteit en dus is dit 'n onmisbare deel van die mens se bestaan.

Die klem val op deelnemende ontwikkelingskommunikasie. Dit impliseer dat ontwikkelingsprogramme⁴ slegs suksesvol kan wees indien dit deelname as grondslag het.

Die gemeenskap moet ook deelneem in die kommunikasieaktiwiteite tydens ontwikkelingsprojekte, wat impliseer dat interkulturele kommunikasie belangrik is. So ook sal ontwikkelingskommunikasie verseker dat die einddoel van so 'n ontwikkelingsprojek werklik 'n bydrae sal lewer tot die verbetering van lewenskwaliteit.

Die plaaslike bevolking in Suid-Afrika beskik oor 'n ryk inheemse kennis. Die Tswana's waaronder die studie gedoen is, is geen uitsondering nie. Die inheemse kennis moet ook ontgin word, gekommunikeer en gebruik word in ontwikkelingsprojekte. Inheemse kennis is nie altyd toepaslik vir 'n spesifieke ontwikkelingsprojek nie, maar dit wat van nut is, moet geïntegreer word met akademiese en wetenskaplike kennis.

1.5 METODE VAN ONDERSOEK

1.5.1 LITERATUUR- OF BRONONTLEDING

'n Volledige studie van die beskikbare literatuur oor die onderwerp gaan gedoen word. Ekotoerisme was by die aanvang van die studie nog 'n relatief onbekende begrip. Daar is van 'n wye verskeidenheid metodes gebruik gemaak om literatuur te versamel.

1.5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

Dié deel van die studie bestaan uit 'n kwalitatiewe ondersoek in die Thabazimbi-distrik, waar sommige wildboere ekotoerisme-praktyke beoefen. Dit vind plaas op wildplase, en daarom gaan daar aandag gegee word aan wildlewe-toerisme. Dié studie is nie gedoen op 'n groot ekotoerisme-projek nie, maar die fokus val eerder op die verskil wat op elke plaas individueel gemaak kan word en uiteindelik ook in die gemeenskap. Ontwikkeling behoort sodoende verder te kring.

Die ondersoek is drieledig van aard en word aan die hand van die doelstellings bespreek:

⁴ In die geval is die ontwikkelingsprojek 'n ekotoerisme-projek.

Eerstens is onderhoude gevoer met die skeppers van die toerisme-infrastruktuur (die wildboere) om te bepaal hoe die beoefening van ekotoerisme-praktyke plaasvind. Die bestuur van dié praktyke is ook waargeneem. Daar is ook gekyk hoe bewaringskommunikasie tussen die wildboer en die jagtersgidse, asook tussen die wildboer en die toeriste (jagters) plaasvind.

Tweedens is gekyk hoe bewaringskommunikasie⁵ tussen die plaaslike bevolking en die toeris (in die geval jagters) plaasvind. Die oordrag van die plaaslike kultuur in die vorm van artefakte, gebruike en gewoontes is dus ook bestudeer. Hier is onderhoude met 10 jagtersgidse gevoer en inligting oor dié aspekte is ook vanuit die vraelyste aan die jagters en die onderhoude met die wildboere verkry. Meer informele kommunikasiekanale wat die wildboer en die jagtersgidse gebruik, is ook ondersoek. Die Hoofdirekoraat Natuur- en Omgewingsbewaring is ook genader om hul bydrae tot bewaringskommunikasie te bepaal.

Derdens is gekyk of ekotoerisme-praktyke wel 'n bydrae lewer tot die verbetering van lewenskwaliteit in ontwikkelende gemeenskappe. Daar is bepaal watter beloning die plaaslike bevolking vir hul bewaringsinisiatief ontvang, of hulle bewus is hiervan en ook watter voordeel dit vir die wildboere inhou. Hierdie inligting is verkry uit die onderhoude met die jagtersgidse, sowel as dié met die wildboere.

Ter afsluiting van die studie gaan die teoretiese en empiriese gedeeltes saamgevoeg word, waaruit 'n geheel gevorm word om sodoende evaluerende en kritiese aanbevelings te maak aangaande kommunikasie deur ekotoerisme.

1.6. BEGRIPSOMSKRYWING

1.6.1 EKOTOERISME

Wanneer daar in die studie van toerisme gepraat word, beteken dit toerisme in die algemeen, en sluit dit dus beide eko- en etnotoerisme in. Benewens die beskrywing van die drie boustene van ekotoerisme⁶ is dit nodig om verder hierop uit te brei. Wight (1993:3) definieer ekotoerisme as volg: "Ecotourism is an enlightening nature travel experience that contributes to conservation of the ecosystem, while respecting the integrity of the host communities".

⁵ Bewaringskommunikasie verwys hier na die kommunikasie van die kultuur en die natuur.

⁶ Kyk 1.2, bl. 1

In The Star (5 Oktober 1994) definieer Geoffry Lipman dit as:

an enlightening, participatory travel experience in environments, natural or cultural or both that contributes to the conserving of these environments by generating sustainable economic opportunities of direct benefit to the local people and maximises use of environmentally sound infrastructure.

1.6.2 ETNOTOERISME

Etnotoerisme is 'n belangrike onderdeel van ekotoerisme. Dit is afgelei uit die feit dat bewaring beide 'n natuur- en kultuurbees het. Dit is 'n vorm van toerisme wat betrekking het op die eienskappe van 'n bepaalde etniese groep of kultuur. Die bewaring van 'n kultuur is dus hier belangrik. Etnotoerisme pas dan ook so by ekotoerisme in, omdat daar bewaring van 'n kultuur is, die toeris wat die gebied besoek daaruit kan leer en die plaaslike gemeenskap se lewenskwaliteit deur die betrokke projek kan verbeter.

1.6.3 ONTWIKKELING⁷

Dit word deur die World Commission on Environment and Development as volg gedefinieer: "development that meets the needs of the present without compromising the ability of future generations to meet their own needs" (Vivian, 1992:61).

1.6.4 ONTWIKKELDE OF ONTWIKKELENDE LANDE EN GEMEENSAPPE

Die begrip is moeilik meetbaar en dus ook moeilik definieerbaar. Dit word egter gedefinieer deur te kyk na die BBP (Bruto Binnelandse Produk) per capita (per kop/inwoner). 'n Tipiese ontwikkelde land sal ongeveer \$5 000 per capita per jaar verdien. In Suid-Afrika verdien mense maar ongeveer \$1 000 per capita per jaar (Van Wyk, 1995). Die begrippe eerstewêreld teenoor derde wêreldlande, Noord-teenoor Suidlande, Eurosentryse teenoor Afrosentryse lande, Westerse teenoor nie-Westerse lande kan ook hier genoem word, aangesien die verskille tussen hierdie groepe lande afkomstig is van die graad van ontwikkeling wat daar heers.

⁷ Kyk ook 2.5.1, bl. 19

1.6.5 ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE

Die begrip word later volledig omskryf⁸. Moemeka (1983) definieer dit as die manifestasie van verskeie kommunikasieprosesse binne die konteks van die ontwikkelingsdilemma (Blake, 1993:9). Volgens Mowlana & Wilson (1990:204) beteken kommunikasie 'om bekend te maak' en ontwikkeling 'om te ontvou'. Ontwikkelingskommunikasie is dus die ontvouing van kennis en die gebruik van kommunikasie met die doel om sosio-ekonomiese ontwikkeling te bevorder (Asante & Gudykunst, 1989:67).

Volgens Groenewald (1992:66) is dit kommunikasie wat aan die resultaat van die proses self geïdentifiseer word. Dit is nie kommunikasie wat noodwendig altyd sigbaar is, soos interkulturele of massakommunikasie nie. Boodsappe in ontwikkelingskommunikasie het te doen met aspekte soos wanvoeding, waardes en landbou-tegnieke (Blake, 1993:9).

Ontwikkelingskommunikasie is kommunikasie oor volhoubare ontwikkeling en sluit dus al die aspekte betrokke by volhoubare ontwikkeling in⁹. Dit gaan oor wetersydse begrip en deelname. Dit vereis 'n bewustheid van die plaaslike kultuur en interkulturele kommunikasie is dus deel van die ontwikkelingskommunikasieproses.

1.6.6 GEMEENSKAP

Wanneer daar in die studie van die gemeenskap gepraat word, is dit die gemeenskap betrokke by die ontwikkeling en waarbinne ontwikkeling ook moet plaasvind. In die geval van hierdie ondersoek dus die plaaslike gemeenskap. Dit is ook inheemse mense, in die geval van die studie, die Tswana's in die Thabazimbi-distrik.

⁸ Kyk 2.5.3, bl. 26

⁹ Kyk 2.2.1, bl. 11

1.6.7 LEWENSKWALITEIT

Lewenskwalityt is nie maklik omskryfbaar nie aangesien al die dimensies daarvan nie gemeet kan word nie (Lecomber, 1975). Dit omsluit die fisiese, sosiale en ekonomiese omgewing van 'n mens. Dit is dus nie net ekonomiese vooruitgang nie, maar ook algemene tevredenheid¹⁰ met die heersende lewensomstandighede.

1.7 SLOT

In die volgende hoofstukke van die studie gaan die navorsing uiteengesit word en aangepak word aan die hand van die doelstellings.

Hoofstuk twee fokus primêr op deelnemende kommunikasie in ontwikkeling, en bevat 'n deel van die literatuurstudie vir die ondersoek. Deelnemende kommunikasie in ontwikkeling is 'n komplekse begrip aangesien daar baie veranderlikes is wat 'n invloed hierop het.

Hoofstuk drie is die literatuurstudie oor ekotoerisme waarin aangetoon word dat ekotoerisme 'n kommunikasieproses is, veral 'n ontwikkelings- en interkulturele kommunikasieproses. Hoofstukke vier tot ses handel oor die empiriese ondersoek. Hoofstuk vier bevat die teoretiese uiteensetting van die empiriese ondersoek. Hoofstuk vyf gee die resultate van die studie weer, terwyl daar in hoofstuk ses sekere interpretasies, asook aanbevelings en gevolgtrekkings gemaak word.

.

¹⁰ Kyk ook 2.6, bl. 41

HOOFTUK 2 TEORETIESE GRONDSLAG VIR DEELNEMENDE KOMMUNIKASIE IN ONTWIKKELING

2.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om meer lig op die sentrale teoretiese stelling te werp. Die sentrale teoretiese stelling is funksioneel omdat dit aanduidend is van hoe die navorsings-probleem in 'n teoretiese vorm opgelos kan word. Dit beteken dat daar gekyk word na hoe die teoretiese onderbou in die Thabazimbi-distrik op die wildboere, jagters en jagtersgidse van toepassing is.

Dit is ook vanuit die sentrale teoretiese stelling wat die doelstellings gestel is waarvolgens die empiriese ondersoek aangepak is. Voor daar dus aannames gemaak en die empiriese ondersoek aangepak is, is die begrip deelnemende ontwikkelingskommunikasie, asook die teorie in hoofstuk 3, in al sy fasette ontleed.

Die begrippe wat in hierdie hoofstuk en verder in die studie gebruik word gaan eerstens kortliks omskryf word, waarna die totstandkoming van die ontwikkelingskommunikasie-paradigma bespreek gaan word. Daarna word die elemente van deelnemende ontwikkelingskommunikasie omskryf. Laastens gaan die doel van deelnemende ontwikkelingskommunikasie beskryf word.

Daar is sekere elemente wat noodsaaklik is vir die konsep deelnemende ontwikkelingskommunikasie. Hierdie elemente is ontwikkeling, deelname, kommunikasie, kultuur en die gebruik van inheemse kennis- en kommunikasiesisteme.

2.2 OMSKRYWING VAN KONSEPTE

Ontwikkeling¹¹, ontwikkelende lande of gemeenskappe¹², ontwikkelingskommunikasie¹³, gemeenskappe¹⁴ en lewenskwaliteit¹⁵ is reeds in hoofstuk een omskryf. Vervolgens word die volgende konsepte beskryf.

¹¹ Kyk 1.6.3, bl. 7

¹² Kyk 1.6.4, bl. 7

¹³ Kyk 1.6.5, bl. 8

¹⁴ Kyk 1.6.6, bl. 9

¹⁵ Kyk 1.6.7, bl. 9

2.2.1 KULTUUR

Daar is verskillende definisies van kultuur. Kultuur het betrekking op die etno-toerisme onderdeel van ekotoerisme¹⁶. Kultuur is die gemeenskaplike wyse waarop mense veelvuldige maniere gebruik om die wêreld waar te neem, te organiseer en interpersoonlik aan die nageslag oor te dra (Asante en Gudykunst, 1989:163). Volgens (Ayee, 1993:69) maak dit kommunikasie moontlik deur die toekenning van betekenis aan die omgewing en sy aspekte.

Kultuur is 'n wye en allesomvattende konsep. Dit is 'n sisteem van waardes, oortuigings en gelowe wat die individu en die samelewingsgedrag affekteer (Grassi, 1990:106). Kultuur beteken in hierdie studie die kultuur van die plaaslike gemeenskap, waarbinne die ontwikkeling moet plaasvind, met al hul gewoontes, gebruike, oortuigings en waardesisteme.

2.2.2 INHEEMSE KENNIS

Hierdie begrip verwys na die liggaam van kennis wat deur plaaslike bevolkings oor die jare verkry is deur direkte kontak met hul omgewing, en dit word oorgedra van geslag tot geslag (Morin-Labatut & Akhtar, 1992:24)¹⁷.

Inheemse kennis is eie aan en deel van 'n bepaalde kultuur. Dit hoef nie noodwendig tradisioneel te wees nie, maar is gewoonlik beproef en ontwikkel deur uit foute van die verlede te leer.

2.2.3 INHEEMSE KOMMUNIKASIE

Dit vind plaas binne 'n bepaalde gemeenskap en bevat aspekte soos die poppekas, drama, interpersoonlike kommunikasiekanale, dorpsorganisasies, markte en besprekings (Mundy, 1993:42).

Inheemse kommunikasie is dus alle kommunikasie wat eie is aan en deel van die bepaalde kultuur en dit staan parallel tot inheemse kennis¹⁸. Dit is ook waarde-gelaaï, wat beteken dat die betrokke gemeenskap bepaalde waardes koppel aan simbole, wat nie noodwendig dieselfde is in 'n ander kultuur nie.

¹⁶ Kyk 1.6.2, bl. 7

¹⁷ Kyk 2.5.5, bl. 34

¹⁸ Kyk 2.5.5, bl. 34

2.3 DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE ONTWIKKELINGS-PARADIGMA

'n Paradigma is 'n bepaalde lewensuitkyk wat deur 'n groep mense gehuldig word. 'n Paradigma is 'n wetenskaplike benadering tot 'n sekere fenomeen wat probleme en oplossings aan 'n gemeenskap verskaf. Dit is hul beskouinge oor 'n bepaalde saak. Die wêreldsienings van mense beïnvloed hulle doen en late, ook ontwikkelingsprogramme. Wêrelduitkyke of paradigmas is nie staties nie en verander. Net so het die konsep ontwikkeling met verloop van tyd verander. Woorde soos die ou paradigma, Westerse paradigma, nuwe paradigma en dominante paradigma word dikwels in die literatuur gevind. Paradigmas akkumuleer eerder met verloop van tyd, as om mekaar te vervang (Servaes, 1991:53).

Die verandering in die ontwikkelingsparadigma en of daar werklik verandering in die ontwikkelingsparadigma plaasgevind het word nou verder ontleed.

In die 1950's en 1960's is ontwikkeling bloot gesien as ekonomiese groei, modernisasie, verandering, demokrasie, produktiwiteit en industrialisasie (Mowlana & Wilson, 1990:5). Die fokus van die paradigma was hoofsaaklik ekonomiese groei. Ontwikkeling is gede-finieer in terme van die verskil tussen ryk en arm lande (Servaes, 1991:56). Dit was veral Lerner en Schramm wat die benadering aangehang het (Schramm, 1964). Melkote (1991:57) noem ook dat industrialisasie as die pad na ontwikkeling gesien is. Ontwikkeling is gelyk gestel aan ekonomiese groei en ook 'n verbetering van lewenskwaliteit. Dit het absolute groei beklemtoon en nie gelyke verspreiding van hulpbronne nie (Moles, 1977:131).

Aanvanklik is geglo dat die effek van die massamedia sal lei tot ontwikkeling en dus ekonomiese groei. Die diffusie van nuus en inligting sou vanselfsprekend plaasvind, omdat die massamedia so 'n kragtige veranderingsagent is. Dit was egter nie die geval nie, omdat die ontwikkelingsmodelle nie geskik was vir die behoeftes van die kultureel-diverse lande soos Asië, Latyns-Amerika en Afrika nie. Verder het die massamedia nie altyd gemeenskappe op die platteland bereik nie en gewoonlik was daar nie die infrastruktuur hiervoor nie. Lerner (1958) se "Passing of Traditional Society", soos in sy boek uiteengesit, het ook nie plaasgevind nie. In die tagtigerjare het ernstige kritiek ontstaan deurdat die superparadigma misluk het wat politieke-ekonomiese veranderlikes soos kulturele, menslike, kommunikasie en geestelike faktore gestel het (Mowlana & Wilson, 1990:31).

'n Eenrigting kommunikasieproses, met inligting wat slegs van bo na onder vloei was nie die antwoord nie. Daar was geen sprake van deelnemende ontwikkelings-kommunikasie nie. Dit het vinnig geblyk dat dinge anders werk in die ontwikkelende lande - so ook in Afrika. Volgens Godwin Chu was die ou paradigma van "wie sê wat aan wie deur watter kanaal en met watter effek" onvoldoende vir die suide (Blake, 1993:9). Die ou paradigma is as dominant beskou, omdat dit sy ontstaan gehad het in die Westerse lande, en dus Eurosentriese waardes gehad het (Blake, 1993; Ayee, 1993; Moles, 1977; Teheranian, 1977; Emmerij, 1993; Siddle, 1991; Abate & Akhtar, 1993; Batubenga, 1993 & Hardt, 1989; Mountjoy, 1978).

Dit is as 'n fout beskou, omdat die ontwikkelingsparadigma geartikuleer is buite die konteks van ontwikkelende lande. Dit was geskoei op 'n visie van buite af oor hoe die sisteem veronderstel was om te werk. Inheemse leefwyses is geïgnoreer en daar is geglo dat die Westerse strukture, norme en waardes die alfa en die omega is.

'n Verandering was noodsaaklik en is gerealiseer toe Rogers en Shoemaker (1971) 'n sosiologiese dimensie by die aanvanklik slegs groei-georiënteerde ontwikkelingsmodel gevoeg het. Volgens Mowlana & Wilson (1990:21) het hulle besef dat dit nie slegs gaan oor die tempo van groei nie, maar ook oor die aard daarvan. Tot dusver was die groei baie skeef. Die besef het ontstaan dat vóór groei kan plaasvind en ook vir groei om plaas te vind, moet houdings, waardes en gedrag verander.

Rogers (1983) het veral klem geplaas op die diffusie van innovasie. Diffusie is die manier waarop innovasie deur sekere kanale oor 'n tydperk tussen lede van 'n sosiale sisteem gekommunikeer word (Rogers, 1983:1). Daar is geglo dat kommunikasie kan bydra tot die modernisasieproses. Die nuwe sogenaamde moderne paradigma was egter nog grootliks stimulus-respons georiënteerd en ook Westers en etnosentrisities (Servaes, 1991:56).

Tydens die diffusie van innovasie was die massamedia veronderstel om plaaslike bevolkings te verander deur afstand te doen van hul tradisionele waardes, houdings en kulturele gewoontes sodat hulle moderne sienswyses kan aannem. Die proses het die mense egter net verder verarm. Dit is dan ook waarom heelwat mense voel dat die gebrek aan ontwikkeling deels voor die deur van die ontwikkelde lande gelê kan word. Ontwikkeling vernietig dikwels strukture van sosiale ondersteuning, byvoorbeeld die ouma wat die kind oppas word vervang met die professionele babawagter (Ayee, 1993:188).

Onderontwikkeling is deur sommige kommunikasiekundiges soos Lerner, Schramm (1964), McClelland, Pye en Rogers (1976) as 'n kulturele probleem beskou. Die onderontwikkelde lande moes hulle tradisionele kulture laat vaar en instellings ondersteun as hulle die voordele van ontwikkeling wou smaak.

Die idees, kennis, tegnologie, waardes, dus die hele ontwikkelingsparadigma, was vreemd vir die ontwikkelende lande, aangesien dit van buite ingevoer is. Die nuwe 'moderne' praktyke wat oorgeplant is van die Weste, was onvanpas. Dit het die ou manier van doen ontwig, maar kon dit nie vervang nie. Die gevolg was 'n ontworteling van die samelewing en die vervanging daarvan met stukkies van 'n moderne Westerse samelewing (Stevenson, 1988:29). Omdat die ontwikkeling slegs van buite af geïnisieer is, het dit platgeval sodra die ontwikkelingsagent homself van die projek onttrek het. Die ontwikkeling was nie volhoubaar of deelnemend nie, en die kommunikasie wat plaasgevind het was nie transaksioneel nie.

Boyd-Barrett (1982:176) som die veranderinge in die paradigmas wat die verhouding tussen kommunikasie en ontwikkeling probeer verklaar het, as volg op:

- Die ou paradigma was op Westerse waardes gebaseer.
- 'n Etnosentriese paradigma en die massamedia moes in verband met die model gebring word.
- Elke ontwikkelende land moes 'n paradigma op sy eie ontwikkel - die sogenaamde nuwe paradigma.

Uit bogenoemde blyk dit dat die ontwikkelingsparadigma met verloop van tyd verander het tot die huidige nuwe paradigma wat aangepas kan word volgens die spesifieke behoeftes van elke situasie.

2.4 NUWE PARADIGMA

Die nuwe paradigma het ontstaan weens die mislukking van vroeëre paradigmas. Hierdie paradigma staan bekend as die sogenaamde deelnemende paradigma. Die rol wat kommunikasie speel is transaksioneel, met ander woorde deelnemende ontwikkelingskommunikasie.

Wang & Dissanayke (1984) definieer dit as volg (Melkote, 1991:193):

a process of social change which has as its goal the improvement of the quality of life for the majority of people without doing violence to

the natural and cultural environment in which they exist, and which seeks to involve the majority of the people as closely as possible in this enterprise, making them masters of their own destiny.

Goulet (1971) sluit hierby aan deur te sê (Melkote, 1991:193):

Freeing men from nature's servitude, from economic backwardness and oppressive technological institutions, from unjust class structures and political exploits, from cultural and physical alienation - in short from all of lifes' inhuman agencies.

Rogers(1976) het dit so gestel: "... a widely participatory process of social and material advancement (including greater equality, freedom and other valued qualities) for the majority of people through their gaining greater control over their environment" (Rogers, 1976:133).

Uit bogenoemde definisies kan eerstens die volgende afgelei word: Die doel van ontwikkeling was nie meer net ekonomiese groei nie, maar daar word eerder gefokus op die verbetering van lewenskwaliteit (Ayee, 1993:41). Dit sluit aan by die uiteindelijke doel van ontwikkeling.

'n Tweede belangrike aspek is die handhawing en bewaring van die spesifieke kulturele omgewing waarbinne die gemeenskap leef. Ontwikkelingsmodelle wat geskoei is op die waardes en kultuur van die gemeenskap toon 'n groter kans op sukses. Die oplossings vir probleme word in die bestaande lewenswyse van die gemeenskap gesoek, eerder as die instelling van nuwe en sogenaamde superieure metodes (Jamieson, 1991:32). Die kombinerings van wetenskaplike met inheemse kennis is ook noodsaaklik. Hierdie verandering is in teenstelling met die ou dominante paradigma waartydens ontwikkelingsmodelle geïmplementeer is wat geskoei is op Westerse waardes. Dié paradigma maak ook gebruik van inheemse kommunikasiesisteme.

Derdens kan ontwikkelende gemeenskappe volgens die paradigma deelneem aan die ontwikkelingsproses. Jamieson (1991:32) meld dat die mense met die grootste probleme in die verlede nooit gekonsulteer is nie. Dit hou ook in dat die gemeenskap hul eie behoeftes kan definieer en aktief deelneem aan die ontwikkelingsproses. Volgens Elkins (1992:68) vereis hierdie verskuiwing van besluitname na grondvlak dikwels 'n katalisator, aangesien die proses nie altyd vanself kom nie. 'n Fasiliteerder moet tussenbeide tree. Dit moet egter iemand wees wat met die gemeenskappe werk, in hulle glo en met hulle identifiseer.

Nyerere (1973) beklemtoon die belangrikheid van die gemeenskap en hul deelname verder. Hy gaan as volg voort (Mowlana & Wilson, 1990:33):

...development brings freedom, provided it is development of people. But people cannot be developed, they can only develop themselves. For while it's possible for an outsider to build a man's house, an outsider cannot give the man pride and self-confidence in himself. These things a man has to create in himself by his own decisions by increasing his understanding of what he is doing and why; by increasing his own knowledge and ability, and by his own full participation - as an equal in the life of the community he lives in.

Die aanhaling beklemtoon ook self-ontwikkeling. Uiteindelik moet die gemeenskap volhoubaar verder kan ontwikkel. Deurdat mense mag verkry veroorsaak dit dat gemeenskappe in beheer van hul eie toekoms is. Ware deelname gaan verby hoër produktiwiteit en beter gesondheid tot die ontwikkeling van 'n gewetenswroeging by die mense oor die ongelykheid van strukture (Melkote, 1991:192).

Die stelling van Melkote vind aanklank in die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP)¹⁹ van die Regering van Nasionale Eenheid. Volgens die program is mense belangrike hulpbronne en is ware deelname baie belangrik. 'n Geïntegreerde program, gebaseer op die mense, wat vrede en sekuriteit vir almal gee, die nasie bou en ook herkonstruksie en ontwikkeling koppel, is nodig om demokrasie te verbeter (ANC, 1993:7).

Twee ander interessante punte wat deur Jamieson (1991:32) beklemtoon word is dat daar in die nuwe paradigma beter terugvoer bestaan, sowel as die kapasiteit om daarop te reageer.

Verskillende outeurs beskryf die nuwe paradigma en die gepaardgaande veranderinge op verskillende maniere. Mowlana & Wilson (1990:35) het dit goed saamgevat deur te sê dat dit die volgende voorbehoude inhoud:

- Eenheid met God, die mens en natuur;
- Belangrikheid van die estetiese, etiese en deel met ander mense;
- Dit behels dimensies van emansipasie, vryheid van onderdrukking en menslike rewolusie;

¹⁹ Kyk ook 3.2, bl. 43

- Waardes en kulturele sisteme word gestel bo ekonomiese en politieke veranderlikes;
- Klem word gelê op kommunikasie as 'n proses van deel en dialoog, eerder as 'n middel vir tegnologiese innovasie en manipulasie;
- 'n Verbondenheid en lojaliteit tot die individue en die gemeenskap;
- Self-ontwikkeling en onafhanklikheid met klem op plaaslike hulpbronne;
- Die integrasie van tradisionele en moderne sisteme en 'n nie-linieêre uitkyk van ontwikkeling;
- Deelname in self-ontwikkeling, beplanning en uitvoering;
- Die gebruik van alternatiewe inheemse sisteme.

Uit bogenoemde blyk dit dat die nuwe benadering 'n geïntegreerde uitkyk op ontwikkeling het deurdat die ontwikkeling verband hou met God, die natuur en die mens.

Die verandering na die deelnemende paradigma hou verder volgens Stephan (1992:14) die volgende skuiwe in:

- van groei na ontwikkeling;
- na meer effektiwiteit in die gebruik van natuurlike hulpbronne, veral energie;
- na 'n ekonomie vol geleenthede;
- na 'n ekonomie met langtermyn geleenthede;
- na die bewaring van kulture, eerder as net die verbruik daarvan.

Dit is duidelik dat minder klem op ekonomiese groei val, maar eerder op die volhoubare groei en ontwikkeling van die mens.

Ayee (1993:54) brei verder op die deelnemende benadering uit deur te sê dat dit die volgende omvat:

- Geïntegreerde plaaslike ontwikkeling wat deelname deur die gemeenskap bevorder;
- Definiëring van ontwikkelingsprobleme deur die gemeenskap;
- Die rol van kultuur as mediërende mag in ontwikkeling;
- Die belangrikheid van die kulturele, humanistiese, ekonomiese en tegniese aspekte van ontwikkeling;
- Die integrering van interpersoonlike en tradisionele kommunikasiekanale met elektroniese media.

Volgens al bogenoemde outeurs blyk dit dat die klem van die nuwe ontwikkelings-paradigma die mens in al sy fasette is. Die mens, sy kultuur en gewoontes asook sy verbondenheid met God en die natuur is die fokus van dié paradigma. Die mens neem op 'n volhoubare basis deel aan ontwikkeling en al die aktiwiteite is op die langtermynverhoging van lewenskwaliteit gerig.

Chapel (1980); Galtung (1990); Perroux (1983) en Todaro (1977) meen dat die veranderings tot 'n nuwe benadering lei en het dié paradigma 'n ander naam gegee, naamlik "another development" of dan eko-ontwikkeling. Die paradigma is definitief 'n nuwe en deelnemende paradigma en berus samevattend op die volgende beginsels (Servaes, 1991:67):

- Behoeftige-georiënteerd;
- Endogeen;
- Self-onderhoudend;
- Ekologies veilig;
- Gebaseer op strukturele verandering;
- Plaas mense eerste.

Samevattend som Rogers (1983:43) die verskil tussen die dominante en die nuwe paradigma as volg op:

OU PARADIGMA	NUWE PARADIGMA
1. Ekonomiese groei	1. Gelyke verspreiding
2. Kapitaal-intensiewe, arbeidsbesparende tegnologie	2. Verbeter lewenskwaliteit Groter klem op toepaslike tegnologie
3. Gesentraliseerde beplanning	3. Self-afhanklikheid op plaaslike vlak
4. Oorsake van onderontwikkeling is die land se eie skuld	4. Interne en eksterne oorsake van onderontwikkeling

Die deelnemende paradigma is aan die orde van die dag. Kommunikasie staan sentraal tot die nuwe paradigma.

Daar gaan voorts gekyk word na die onderskeidende elemente van die model, naamlik ontwikkeling, deelname, kommunikasie, inheemse kennis, kommunikasiesisteme en kultuur.

2.5 ELEMENTE VAN DEELNEMENDE ONTWIKKELINGS-KOMMUNIKASIE

2.5.1 ONTWIKKELING

Ontwikkeling is die proses waardeur 'n individu se keuses vergroot word. Hierdie proses vind plaas deur die skep van geleenthede om 'n bestaan te maak waarin hy sy Godgegewe talente ten volle en genoegsaam en op 'n volgehoue basis gebruik vir beter lewenskwaliteit, terwyl daar ekonomiese, sosiale, politiese en geestelike interafhanklikheid bestaan. Dit moet gebaseer wees op die behoeftes van die gemeenskap en is 'n leer- en opvoedkundige proses (Asante & Gudykunst, 1989:15). Uit die aanvanklike²⁰ definiëring van ontwikkeling word aanvaar dat wanneer van ontwikkeling gepraat word, daar van volhoubare ontwikkeling gepraat word.

Volgens Long (1988:450) is ontwikkeling :

²⁰ Kyk 1.6.3, bl. 7

The self-sustaining process to engage free men and women in activities that meet their basic needs, and beyond that realise individually defined human potential within socially defined limits..

Die definisie van die Brundtland Kommissie in die verslag: "Our Common Future" is een van die definisies wat die meeste gebruik en aanvaar word. Volhoubare ontwikkeling word hiervolgens gedefinieer as ontwikkeling wat die behoeftes van die hede bevredig, sonder om die vermoë van toekomstige generasies om hul eie behoeftes te bevredig in gevaar te stel.

Ontwikkeling moet volhoubaar wees, dit moet deur die gemeenskapslede op grondvlak ontwikkel word, die individue moet dit self kan beheer en bestuur en kulturele metodes van bestuur moet bestaansruimte gegun word (Anon, 1993a:10). Dit is ook die tipe ontwikkeling, soos aanbeveel deur die Regering van Nasionale Eenheid se Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP)²¹ (ANC, 1993).

Wanneer die begrip ontwikkeling verder in die studie gebruik word, word daar aanvaar dat dit volhoubaar is. Ontwikkeling moet deelnemend van aard wees en dus die basiese behoeftes van individue in ag neem. Dit vereis deelnemende kommunikasie op 'n transaksionele basis. Die begrip transaksioneel beteken dat die betrokke partye wedersyds 'iets' gee en ontvang. Dit is dus 'n ruiltransaksie. Verder moet die plaaslike kultuur deel wees van die ontwikkelingspoging.

Ibn Khaldun word as die vader van ontwikkeling beskou. Hy het reeds in 1332-1406 vC die term gebruik (Mowlana & Wilson, 1990:9).

Ontwikkeling het 'n ekonomiese, politiese en epistemologiese dimensie. Die ekonomiese dimensie behels nie net groei nie, maar ook 'n bewustheid van ander omgewingseksernaliteite soos skade aan die omgewing. Die politieke dimensie behels die mag wat mense oor mekaar en die omgewing wil uitoefen. Die verhouding tussen kennis en mag verwys ook na die Noord-Suid kwessie²². Die epistemologiese dimensie gaan oor wetenskaplike en tradisionele kennis. Wetenskaplike kennis is abstrak, terwyl tradisionele kennis vervat is in die rituele, geloofswaarneming, aksies en kulturele gebruike van elke dag. Tydens ontwikkeling moet daar gesoek word na die skakel tussen tradisionele en wêreldstelsels (Redclift, 1992:35).

²¹ Kyk ook 3.2, bl. 43

²² Kyk 2.5.1.1, bl. 21

Volgens Batubenga (1993:26) is die konsep “ontwikkeling” nie uit Afrika afkomstig nie en ook nie deel daarvan nie. Miskien moet dit eerder gestel word dat die konsep “ontwikkeling” nie ‘n konsep was wat in die ontwikkelende lande ontstaan het nie. Dit is eerder ‘n Westerse stereotipe.

Vir die doel van die studie moet ontwikkeling binne die konteks van ontwikkelende lande gesien word. Ontwikkeling moet anders wees in elke land. Net so sal ekotoerisme as ontwikkelingsaktiwiteit uniek wees in elke land en in elke gemeenskap. Dit moet outonoom en verteenwoordigend wees van die land se eienskappe, gebreke, rykdomme en eie historiese, sosiale en kulturele verlede. Tot dusver is dit gemeet aan die Weste en het dit ‘n agter-geblewenheid ten opsigte van kultuur, wetenskaplike en ekonomiese produksie geïmpliseer. Afrika moes “opvang” by die ontwikkelde lande (Batubenga, 1993:26). Daar moet onthou word dat wie ook al die ontwikkeling oordra of inisieer daarmee saam ‘n stel van idees, ‘n sekere verwysingsraamwerk en ‘n bepaalde denkraamwerk oordra.

2.5.1.1 Die Noord-Suid kwessie

Hierdie paar inleidende opmerkings sinspeel almal op die verskil tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande. Ontwikkeling en onder-ontwikkeling is egter twee kante van dieselfde muntstuk (Dissanayake, 1991:335). Dikwels word dit die verskil tussen Noord en Suid of Westerse en nie-Westerse lande genoem, of die afdwing van Eurosentriese waardes op ander lande. Dit is ook waarom ontwikkeling verskillende dinge vir verskil-lende mense beteken (Gordon, 1993:99). Sonder kommunikasie is ontwikkeling nie moontlik nie, maar hierdie kommunikasie verskil ook van land tot land en situasie tot situasie.

Redclift (1993:26) meld dat wanneer daar van ontwikkeling gepraat word, dit binne ‘n Noord-Suid-raamwerk gedoen moet word, omdat daar ‘n strukturele ongelikheid in die wêreldstelsel is. Die lande in die Noorde word oor die algemeen as ryk beskou, terwyl die in dié Suide as arm beskou word. Verder word ryk lande as ontwikkelde beskou en arm lande as ontwikkelende of self soms onder-ontwikkelde lande. Die lande word nie net deur materiële aspekte of omstandighede geskei nie, maar ook deur verskillende epistemologieë en kennissisteme (Redclift, 1992:24).

Die behoeftes van ontwikkelende en ontwikkelde lande verskil. Mense tree selfsugtig op, bloot om te oorleef (Redclift, 1993:26). Dit is ook die rede waarom baie lande glo dat armoede die oorsaak is vir die gebrek aan bewaring. Sodra armoede verlig kan word, sal bewaring verbeter. Hoe moet iemand wat nie kos het nie, by

‘n bok verbystap en dit nie wil doodmaak nie, of wat nie hitte in die winter het nie, nie ‘n boom wil afkap vir vuurmaakhout nie? Hierdie stelling dui op een van die probleme wat met ekotoerisme as ontwikkelingsprojek ondervind kan word, want dit is vir die plaaslike gemeenskap moeilik om aan bewaring te dink as hulle nie hul basiese behoeftes kan bevredig nie.

In die Noorde is natuurlike hulpbronne ook ‘n bron van waarde en daar is dikwels konflik tussen mense hieroor. In die lande verkry bewaringskwessies egter net aandag by besluitneming en word min mense se lewenswyse deur bewaringsmaatreëls bedreig. Bewaring is hier net ‘n bewusmakingsproses. Mense word verder net bewus gemaak van die gevolge van nie-volhoubare ontwikkeling. In dié lande beteken die woord lewenskwaliteit dikwels bepaling van politieke prioriteite, omdat daar groot sukses is ten opsigte van industriële kapitalisme.

Die lande in die suidelike halfrond ervaar ontwikkeling as die proses waardeur mag gegee word aan inheemse mense, vaardighede aan hul verskaf word sodat hul beter beheer het oor hul eie lewe, die verskaffing van tegnologie en inligting, die aanspreek van daaglikse kwessies, die afskaf van armoede en die vermyding van ‘n nie-volhoubare lewenswyse. Wanneer ontwikkeling op bogenoemde manier geskied impliseer dit ook dat die etno-toerisme onderdeel van ekotoerisme tot sy volste reg sal kom²³.

Ayish (1992:487) meen Derde Wêreldlande beskou dominasie van die Weste as ‘n bron van onderontwikkeling. Daar word dikwels gemeld dat die rede vir onderontwikkelde lande die gevolg van die ontwikkelde lande se optrede is en nie die gevolg van die onderontwikkelde land se optrede nie (Dissanayake, 1991:335). Ontwikkeling is in ontwikkelende lande ook meer kompleks as gevolg van die interafhanklikheid tussen die natuur en die mense (Kadekodi, 1992:73).

Hierdie frustrasie van Westerse waardes en paradigmas is deur Rabindra Tegore as volg opgesom (Axinn, 1991:120):

We have for over a century been dragged by the prosperous West behind its chariot, choked by the dust, deafened by the noise, humbled by our own helplessness and overwhelmed by the speed... if we ever ventured to ask: 'Progress towards what, and progress for whom', it was considered to be peculiarly and ridiculously oriental to entertain such doubts about the absoluteness of progress.

²³ Kyk 1.6.2, bl. 7

Wanneer daar na sekere syfers gekyk word blyk die Noord-Suid kwessie nog duideliker. Die wêreldpopulasie verdubbel elke 36 jaar (Beisner, 1990:44). Elke dag word 250 000 kinders gebore, waarvan 90 % in minder ontwikkelde lande is (Hrabar & Ciparis, 1990:17). Lande met 'n hoë populasiesyfer het ook 'n lae lewenstandaard.

Die vraag kan gevolglik gevra word of Suid-Afrika nou as 'n Noord- of Suidland geïdentifiseer kan word? Dit is al dikwels vermeld dat mense in Suid-Afrika in 'n unieke situasie van 'n kombinasie van 'n ontwikkelde en 'n ontwikkelende land leef. Die vraag of Suid-Afrika 'n ontwikkelde of ontwikkelende land is, ontketen op sy eie 'n debat. Om hierdie vraag te beantwoord moet daar na verskeie indikatore gekyk word. Suid-Afrika het 'n populasiegroeikoers van 2,4%, terwyl die wêreldgroeikoers slegs 1,7 % is (World Bank, 1994b:26). As die lande van die wêreld in vier kategorieë, volgens populasie-groeikoers, verdeel word, val Suid-Afrika in die groep wat die tweede hoogste groeikoers het. Daar is 96 lande wie se populasiegroeikoers 2,2 % en meer is, terwyl daar 101 lande is wie se populasiegroeikoers 2,1 % en laer is.

Wanneer die lande van die wêreld in vier kategorieë verdeel word, dié keer volgens ekonomiese groeikoers, val Suid-Afrika in die tweede armste groep. Dit verklaar dus die volgende stelling; "arm lande het 'n te hoë groeikoers" (Mathieson & Wall, 1984:111). 'n Hoë populasie groeikoers verhoog die vraag na goedere en dienste en veroorsaak dus meer omgewingskade.

As daar na bogenoemde statistieke van 1992 gekyk word en na die dikwels vermoende voorspellings vir die toekoms, is dit duidelik dat Suid-Afrika in geheel 'n lae lewensstandaard het. Dit moet egter hier genoem word dat Suid-Afrika as gevolg van 'n skewe verspreiding van inkome en 'n te hoë gini-koeffisiënt nie oral dié tendens toon nie.

Volgens Dornbusch, *et. al.* (1987:77) is die gini-koeffisiënt 'n kwantitatiewe maatstaf van die verdeling tussen die inkome van die boonste 10 % op die inkomeskaal en die inkome van die onderste 20 %, asook die verhouding tussen die inkome van die boonste 20 % en dié van die onderste 20 %. In die geval van Suid-Afrika beteken dit dat daar 'n klein persentasie van die bevolking is wat die meeste van die land se inkome verdien.

Die dualiteit van die situasie word verder duidelik as daar na syfers gekyk word wat aandui dat mans en vroue in Suid-Afrika 'n lewensverwagting van 63 jaar het

(wat relatief hoog is), terwyl die geboortes per vrou 4,1 is (wat ook relatief hoog is) (World Bank, 1994a). Dit sou eintlik verwag word dat so 'n hoë lewensverwachting met 'n laer geboortesifer gepaard sou gaan.

Dit is egter veral in plattelandse gebiede in suidelike-Afrika waar daar 'n lae lewensstandaard en gevolglik armoede is. Volgens die World Development Report (World Bank, 1992:30) bly die helfte van die wêreld se arm mense in landelike gebiede en is hulle vir hulle voortbestaan afhanklik van natuurlike hulpbronne waarvoor hul min wettige beheer het. Suid-Afrika se ryk natuurlike- en kulturele erfenis, veral ook in die plattelandse gebiede, maak dat ekotoerisme moontlik die ideale metode kan wees om 'n bydrae tot die verbetering van die lewenskwaliteit van ontwikkelende gemeenskappe te lewer.

Volgens Beisner (1990:158) was 'n huidige hulpbron dalk nie in die verlede 'n hulpbron gewees nie. Hulpbronne moet verantwoordelik benut word en sover moontlik moet daar van herwinbare hulpbronne gebruik gemaak word. Die plaaslike bevolking se inheemse kennis in ontwikkelende lande is een van die mees onderbenutte nasionale hulpbronne (Chambers, 1983:92). Uit die studie blyk dit dat die mense, hul inheemse kennis en die natuurskat 'n onderbenutte hulpbron is wat deur kommunikasie beter tot voordeel van die hele gemeenskap aangewend kan word.

2.5.1.2 Suksesvolle ontwikkeling

Ontwikkeling in plaaslike gemeenskappe sal suksesvol wees indien (Asante & Gudykunst, 1989:437):

- dit relevant tot die behoeftes, begeertes en aspirasies van die mense is;
- die deelnemers die kennis, intelligensie, vaardighede en opinies het om by te dra tot die program;
- die deelnemers mekaar se tale kan praat;
- ontwikkelingsagente en plaaslike groepe binne 'n vreedsame klimaat in interaksie verkeer.

Volgens Eden (1978:31) sal ontwikkeling suksesvol wees indien dit eerstens in verhouding met die kwaliteite en beperkings van die omgewing gedoen word en tweedens moet die tegnologie by die kultuur pas. Alleen dan sal kulturele probleme oorkom word, die ontwikkelingspotensiaal ten volle ontgin word en agteruitgang vermy word.

Uit bogenoemde aanhalings blyk dit dat suksesvolle ontwikkeling op mense binne hul natuurlike en kulturele omstandighede en op hul kommunikasie-aktiwiteite berus.

2.5.1.3 Beperkings op ontwikkeling

Melkote (1991:231) het beperkings op plaaslike ontwikkeling as volg geïdentifiseer:

- die gebrek aan 'n effektiewe sisteem vir die gee van kennis en vaardighede;
- die gebrek aan 'n sisteem om finansiële en materiële insette te lewer;
- ontoepaslike markontwikkeling;
- onderontwikkeling van die infrastruktuur, bv. produkte wat nie by die mark gekry kan word nie;
- die gebrek aan indiensname-geleenthede;
- gebrek aan deelname en betrokkenheid.

Ontwikkeling is dit wat elke mens kan bydra tot die mensdom. Dit is nie die op-hoping van materiële goedere nie. Die klem val op self-ontwikkeling en -afhanklikheid (Dissanayake, 1991:330). Die Afrika-kultuur moet volgens Batubenga (1993:27) die hoeksteen wees van geïntegreerde ontwikkeling in Afrika. Die verkeerde hoeksteen kan 'n beperking op ontwikkeling wees. Afrika het geen alternatief nie - dit moet sy eie enjin vir ontwikkeling wees, anders gaan daar aangehou word om agter die "ontwikkelde" wêreld aan te loop.

'n Slotopmerking is dat daar onthou moet word dat ontwikkeling oor mense gaan, die eerste stel van mense en die realisering van hul behoeftes. Selfs Wilbur Schramm het dit besef: "... it is people changing themselves.." (Schramm, 1964:88). So lank as wat die geestelike en menslike vermoëns van mense nie ontwikkel word nie, sal geen ontwikkeling, hetsy materieel, ekonomies, polities of kultureel kan plaasvind nie.

2.5.2 DEELNAME

Dit is duidelik dat deelname saam met kommunikasie een van die sleutelwoorde van die nuwe paradigma is. Groter deelname is een van die essensiële elemente vir volhoubare ontwikkeling (Vivian, 1992:73; Bandarage, 1994:11; ANC, 1993). Cernea (1984:49) sluit hierby aan deur te meld dat kwalitatiewe en kwantitatiewe getuies aangedui het dat deelname die mees effektiewe metodologie is vir die implementering van plaaslike ontwikkelingsprojekte.

Deelname moet as 'n leerproses beskou word. Volgens Ayee (1993:165) moet mense se latente vermoëns ontwaak deur aan hulle keuses te gee wat hulle sal toelaat om tot hul volle potensiaal te ontwikkel. Die ontwikkelingsagente moet inheemse wyses vind om die deelnemers te motiveer (Asante & Gudykunst, 1989:435). Die ontwikkeling van mense tot hulle volle potensiaal hou dan ook die verbetering van lewenskwaliteit in.

Deelname moet van grondvlak af geskied (Melkote, 1991:192). Dit hou kommunikasie tussen die mense en agente in. 'n Deelnemende kommunikasiesisteem word dus vereis. Sonder deelname vind nuttige kommunikasie selde plaas.

Plaaslike gemeenskappe moet deelneem in al die fases van die ontwikkelingsprojek. Die ontwikkelingsagent, indien enige, moet bloot dien as katalisator. Dit sou goed wees indien die hele gemeenskap kan deelneem aan die ontwikkeling van ekotoerisme-praktyke. Die wildboer kan hier 'n goeie katalisator wees. Deelname word vereis tydens besluitneming, implementering, voordele en evaluering van die ontwikkelingsprojek (Ayee, 1993:165). Mense neem deel deur hul prioriteite en basiese behoeftes te stel en dit verhoog die effektiwiteit van die investering. Omdat die projekte volgens die gemeenskap se eie doelwitte gestel is, neem die mense aktief hieraan deel. Dit hou ook in dat die plaaslike kultuur gebruik word.

Voorts word plaaslike hulpbronne beter ontgin en bestuur (Vivan, 1992:304; Cernea, 1989:41). 'n Kollektiewe verantwoordelikheid sal hieruit ontstaan. Die mense ervaar dan die projek as "hulle" eie (Asante & Gudykunst, 1989:437; Blair, 1985:451; Heyzer, 1992:15).

2.5.3 ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE

Die verband van kommunikasie met deelnemende ontwikkeling gaan hier ondersoek word. Of te wel dan, waarom daar gepraat kan word van die begrip

deelnemende ontwikkelingskommunikasie. Die verband is eintlik voor-die-hand-liggend, want deelname kan nie sonder kommunikasie geskied nie.

Kommunikasie het volgens Mowlana & Wilson (1990) ook baie verander en het 'n verskeidenheid van definisies. Dit het saam met die ontwikkelingsparadigma verander (Reilly, 1990:131). Die vroeëre spuitnaaldmodelle van kommunikasie was nie geskik nie (Casmir, 1991:18). Dit help nie om mense net met inligting te gooi nie. Meer inligting en tegnologie is nie noodwendig beter nie. Daar is besef dat kommunikasie 'n baie meer komplekse komponent van ontwikkeling is en dit kan nie van die sosiale en kulturele konteks van 'n gemeenskap losgemaak word nie. Dit is die stuur van boodskappe met terugvoer en is aanhoudend, dinamies, sonder 'n begin of einde (Martin, 1970:424).

Kommunikasie is 'n onmisbare deel van enige ontwikkelingspoging. Kommunikasie het 'n belangrike rol te speel in menslike ontwikkeling, ook in self-ontwikkelingspogings.

Uiteindelik is dit die mense, sosiaal verbonde aan mekaar, asook die geakkumuleerde kennis, wysheid en inligting wat ontwikkeling moontlik maak (Rahim, 1993:38). Die gebruik van geakkumuleerde kennis van die plaaslike gemeenskap sal ook die ontwikkeling van eko- en etnotoerisme-projekte bevorder. Kommunikasie opsigself kan nie lei tot ontwikkeling nie. Baie ander faktore is hierby betrokke. As dit egter reg gebruik word, kan dit ontwikkelingspogings ondersteun.

Volhoubare ontwikkeling vind deur omgewingsopvoeding en kommunikasie plaas. Ayee (1993:21) definieer deelnemende ontwikkelingskommunikasie as twee-rigting kommu-nikasie wat inlig, opvoed, motiveer, mobiliseer en organiseer. Weer eens word die begrip van die sosiale struktuur van die dorpie en hul kulturele waardes, geloof en oortuigings beklemtoon indien suksesvolle ontwikkelingskommunikasieprogramme op die been gebring wil word. Die hoeveelheid en vloei van kennis, wysheid en inligting in enige ontwikkelingsprogram is amper altyd die reslutaat van doelgerigte interaksie tussen plaaslike, nasionale en internasionale bronne (Rahim, 1993:38).

Die klem val nou op kommunikasie as 'n proses²⁴ en nie as middel of voertuig nie. Groenewald (1992) dui ook aan dat dit die onderskeidende kenmerk van ontwikkelingskommunikasie is.

²⁴ Kyk 1.6.4, bl. 7

Soos dit later²⁵ sal blyk uit die bespreking van inheemse kommunikasiesisteme is die massamedia nie die alleen-antwoord vir die kommunikasie-probleme tydens ontwikkeling nie. Blake (1993:9) stel dit dat ontwikkelingskommunikasie nie suksesvol sou wees met 'n absolute afhanklikheid van die media nie. Juis daarom word daar van ontwikkelingskommunikasie gepraat. Dit is met ander woorde kommunikasie om ontwikkeling aan te help, gegrond in die beginsels van ontwikkeling. Uit hierdie bespreking volg dit dat deelnemende ontwikkelings-kommunikasie die antwoord vir ekotoerisme-projekte is, want in die plattelandse gemeenskappe is daar nie absolute afhanklikheid van die massamedia nie.

Die massamedia moet gekombineer word met interpersoonlike media en dus met inheemse kommunikasiesisteme. Ook Schramm (1964:4) is van mening dat die massamedia nie voldoende is vir ontwikkeling nie. Stevenson (1988:73) noem dat die 'little media' meer belangrik mag wees as wat ooit vermoed is, meer dalk as groot skemas vir vinnige transformasie gegrond in massamedia-sisteme.

'n Goeie voorbeeld hiervan is die radio. Dit vereis nie geletterdheid nie. Gemeenskappe kan dit wat hulle oor die radio hoor, byvoorbeeld inligting oor landbou-tegnieke, met mekaar onderling bespreek. Waar die massamedia nie maklik kan bereik nie, kan die inheemse kommunikasiekanale dieselfde inligting verder dra en ook oorreed (Schramm, 1964:104). Hierdie horisontale vloeï van kommunikasie is baie belangrik (Ayee, 1993:210). Self-ontwikkeling vind ook sodoende plaas.

Samehangend met die ontwikkeling van die ou na die deelnemende paradigma, het die boodskappe wat die media stuur ook verander. In die verlede was daar 'n vloeï van ongebalanseerde en negatiewe nuus na die ontwikkelende lande, in plaas van ontwikkelingsnuus. Mense is gedomineer met inligting uit die Westerse wêreld (Asante & Gudykunst, 1989:90). Die nuus van die Westerse lande het die massakultuur aan ontwikkelende lande bekend gestel. Dié massakultuur het gedreig om die kwaliteite van morele en estetiese waarde te vernietig wat gesetel was in die volkskultuur van ontwikkelende lande (Gurevitch, *et. al.*, 1982:36).

Die volkskultuur het spontaan ontwikkel, terwyl die massakultuur van bo afgedwing was. Die volkskultuur was mense se eie idees, terwyl die massakultuur grense tussen kulture afbreek en 'n instrument van politieke dominasie was. Hierdie massakultuur-samestelling in die nuus moes verander om vir ontwikkelende lande geskik te wees. Die plaaslike gemeenskappe het 'n ryk volks-

²⁵ Kyk 2.5.5, bl. 34

kultuur. Die massakultuur se vernietiging hiervan lei soms daartoe dat trots op die volkskultuur verlore gaan. Hierdie volkskultuur moet gekommunikeer word, deur informele kanale in die gemeenskap self en ook na buite. Sodoende sal trots op die inheemse volkskultuur versterk word.

Die kommunikasieboodskappe moet so ontwikkel word dat die meeste mense dit verstaan. Daar moet baie aandag aan die elemente, ontwerp, kodes, struktuur en behandeling hiervan gegee word (Melkote, 1991:259). Dit moet plaaslike mense insluit by die beplanning en implementering van ontwikkelingsaktiwiteite. Aangesien kommunikasieboodskappe van die media hoofsaaklik gesentraliseerd ontwikkel word is die boodskappe nie noodwendig die regte passing in elke situasie nie. Deur terugvoer en interaksie tussen die wildboer en die plaaslike gemeenskappe kan hierdie kommunikasieboodskappe maksimaal benut word.

Die ontwikkelingsnuus moes vloei na en van die ontwikkelende gemeenskappe, sodat hul behoeftes geken kan word en hulle kan deelneem aan besluitneming. Die wildboer is die ideale persoon wat die vloei van nuus kan aanhelp, veral omdat hy van die behoeftes van die plaaslike gemeenskap bewus is. Kommunikasiehandeling is dus noodsaaklik.

2.5.3.1 Kommunikasiehandeling

Ontwikkeling is slegs suksesvol as dit deelnemend en volhoubaar is. Sonder kommunikasie kan geen samelewing bestaan of ontwikkel of verander nie (Ayee, 1992:21). Die tipe kommunikasie wat vereis word is deelnemend en transaksioneel. Dit hou in dat daar wedersydse begrip geskep word, sodat samewerking verkry kan word.

Rahim (1993:38) gebruik die term “communicative action”, dit is kommunikasiehandeling. Wanneer twee of meer mense betrokke is in kommunikasie, gemik op wedersydse begrip, en hul stem saam om hul aksies te koördineer is dit ‘n kommunikasiehandeling. Dit is die kommunikasie wat in ‘n ekotoerisme-projek moet figureer, aangesien dit ‘n ontwikkelingsprojek is wat gemik is op die verbetering van die lewenskwaliteit van die plaaslike gemeenskap. In die ontwikkelingskonteks beteken dit dat deelnemers daarna streef om wedersydse begrip oor ‘n verskeidenheid aspekte te verkry. Dit is nie soseer gebaseer in die optimalisering van resultate nie, want die rasionaal van kommunikasie lê gesetel in kultuur (Rahim, 1993:38).

Kommunikasiehandeling speel op sy eie 'n baie belangrike rol in ontwikkelingskommunikasie, want sonder wedersydse begrip en ooreenkoms onder die deelnemers van ontwikkeling oor die doel, doelwitte, ontwerpe en programme van ontwikkeling, sal dit baie moeilik wees om volhoubare resultate te bewerkstellig.

Kommunikasiehandeling en kultuur is ook verweef, omdat wedersydse begrip tussen kulture net met interkulturele kommunikasie kan plaasvind. Vir die wildboer, die jagtersgidse en die jagters is interkulturele kommunikasie dus onontbeerlik. Volgens Rahim (1993:38) hang die effektiwiteit van kommunikasiehandeling af van die kommunikeerders se oriëntasie tot vier verskillende kulturele kategorieë, naamlik die materiële, sosiale, linguïstiese en subjektiewe wêreld. Hierdie stelling impliseer 'n begrip en erkenning vir die plaaslike gemeenskap se kultuur en gewoontes.

1. *Die materiële wêreld:* 'n Gemeenskap benodig inligting oor aspekte van die materiële wêreld. Dit is gewoonlik aspekte wat hul wil verander, sodat daar ontwikkeling kan plaasvind. Die gemeenskappe benodig inligting oor die wetenskap en tegnologie. Die wildboer kan tegnologie oordra aan die jagtersgidse en die plaaslike gemeenskap sodat hulle dit met hul eie inheemse kennis kan integreer vir moontlike groter sukses van ekotoerisme-projekte. Die sukses van ontwikkeling hang af van die waarheid en toepaslikheid van die inligting en dan ook die mate waartoe dit konsekwent is met die plaaslike inheemse kennis en manier van doen. Volgens Rahim (1993:39) is hier 'n sekere waarde van waarheid betrokke by die kommunikasiehandeling, want dikwels sal mense jok om hul eie doelwitte te bereik.
2. *Die sosiale wêreld:* Hierdie kategorie sinspeel ook op Casmir (1991) se sogenaamde derde kultuur²⁶, deurdat deelnemers aan ontwikkelingsprogramme dikwels hulle eie norme en waardes moet herdefinieer, sodat 'n gemeenskaplikheid kan ontwikkel. Alle mense leef volgens bepaalde norme en waardes. Die gemeenskap se kommunikasie-aktiwiteite word gewettig deur die gebruik van die norme en waardes.
3. *Die subjektiewe wêreld:* Elke individu het 'n subjektiewe wêreld wat 'n rol speel in sy aksies. Dit kan slegs verklaar of verduidelik word deur kommunikasie. Dit vereis 'n verhouding van wedersydse vertroue. Omdat ontwikkelings- en interkulturele kommunikasie verskillende kulture behels, is daar verskillende maniere waarop wedersydse vertroue na vore kom. Dit hang

²⁶ Kyk 2.5.4, bl. 31

ook saam met watter tipe media gebruik word. Die betrokke partye moet bewus wees van hierdie kultuur-spesifieke maniere waarop vertroue geopenbaar word.

4. *Die linguïstiese wêreld* : Vir begrip in 'n kommunikasiehandeling moet die taal wat gebruik word deur almal verstaan word. Taalverskille kan dikwels lei tot ongelyke toegang tot geleenthede. Dit kan ook die omstandighede van waarde, wettigheid en vertroue ondermyn.

Uit bogenoemde blyk dit dat hierdie vier kategorieë in ag geneem moet word wanneer ekotoerisme-praktyke beplan en bestuur word. Die betrokke partye moet bewus wees van die mense betrokke in so projek. Slegs dan sal dit tot volhoubare ontwikkeling en 'n verbetering van lewenskwaliteit aanleiding gee.

Ten slotte: Ontwikkeling is slegs volhoubaar as dit deelnemend van aard is. Kommunikasie lei slegs tot wedersydse begrip en effektiwiteit wanneer dit 'n transaksionele of deelnemende proses is.

2.5.4 DIE VERBAND TUSSEN KULTUUR EN KOMMUNIKASIE

Die rede waarom die verband tussen kultuur en kommunikasie ondersoek word is voor-die-hand-liggend. Inheemse kommunikasiekanale is uiters belangrik vir deelnemende ontwikkelingskommunikasie ook in ekotoerisme-projekte. Inheemse kommunikasiekanale is gegrond op inheemse kennissisteme, wat op sy beurt weer gewortel lê in die plaaslike kultuur.

Kultuur is die konteks vir kommunikasie (Mowlana, 1991:150). Dit is direk en indirek 'n produk van kommunikasie. Sonder kommunikasie sou akkumulasie en oordrag van kultuur van een geslag na 'n ander nie kon plaasvind nie (Sarbaugh & Asuncion-Laude, 1991:49). Hierdie oordrag is 'n leer- en kommunikasieproses. Kultuur word leer ken deur kommunikasie, en kultuur word gevorm en gekommunikeer deur kommunikasie.

Kommunikasie word op sy beurt weer gevorm deur kultuur. Kultuur is die produk van kommunikasie en kommunikasie die resultaat van kultuur (Ruben, 1991:141). Smith (1966) som dit as volg op: "Culture is a code we learn and share, and learning and sharing require communication" (Ayee, 1993:72). Kommunikasie vereis kodering en simbole. Die simbole word geleer en gedeel in 'n spesifieke kultuur (Ayee, 1993:71). Dit is nog 'n rede waarom die simbole van die Westerse ontwik-

kelingsmodel nie gewerk het nie, want dit is nie gegrond in die inheemse kultuur nie.

Daar is 'n verhouding van wisselwerking tussen kommunikasie en kultuur. Die verhouding is so nou van aard dat bykans alle hedendaagse kommunikasie en kultuur gekoppel is (Prosser, 1970:40). Kommunikasie word dus beïnvloed deur die gedrag en handeling van die sosiale strukture, die kultuur en die verwysingsraamwerke binne die bepaalde gemeenskap. Kommunikasie is 'n krag wat gedeelde betekenisse, gemeenskaplike waardes en ervarings beklemtoon (Ayee, 1993:49).

Kultuur reguleer interaksie tussen mense en die omgewing. Die mens verkeer in interaksie met die omgewing deur 'n hoeveelheid komplekse simboliese elemente verwant aan die sosiale en kulturele aard. Elke kulturele handeling of gedrag is verwant aan die omgewing en behels kommunikasie. Die omgewing waarbinne deelnemende ontwikkelingskommunikasie moet plaasvind is uniek, deurdat dit kultuurryk is en ook van situasie tot situasie verskil. Die studie is juis in so 'n omgewing uitgevoer.

Casmir (1991) voeg 'n nuwe en interessante dimensie by. Volgens hom moet daar 'n nuwe en sogenaamde 'derde' kultuur gekonstrueer word vir kommunikasie om in plaas te vind. Dit hou in dat die betrokke partye deur hul interaksie met mekaar 'n nuwe kommunikasie-kultuur skep. Die kultuur is anders as hul eie kulture, maar spesifiek geskep vir die interaksie-situasie. So sou daar 'n eie kultuur vir kommunikasie in ekotoerisme-projekte kan ontstaan. Die wildboer, jagters en jagtersgidse sou tot die nuwe kultuur aanleiding gee.

2.5.4.1 Interkulturele kommunikasie

Dit is onder die bepsrekingpunt waar die interkulturele kommunikasie-dimensie op die voorgrond tree. Die uniekheid van interkulturele kommunikasie is die fokus op die kulturele faktore wat kommunikasie tussen persone van verskillende kulture beïnvloed (Sarbaugh & Asucion-Laude, 1970:46).

Interkulturele kommunikasie is wanneer mense met verskillende waardesisteme en wyses van interpretasie dit nodig vind om in interaksie te verkeer en sekere ervarings, emosies en aspekte van hulle dag tot dag bestaan te deel (Casmir, 1991:8). Kultuur herlei die behoeftes van die self en van ander. Dit is dikwels nodig vir kulture om mekaar te ontmoet ter wille van oorlewing. So ontstaan 'n der-

de kultuur²⁷, sodat nuwe maniere van doen ontwikkel word vir die volgehoue bestaan van die betrokke partye.

Een van die eienskappe van kultuur is dat dit 'n kontinue proses is en oorgedra word van geslag tot geslag. Daar heers dus 'n simbiotiese verhouding tussen kultuur en verandering (Melkote, 1991:203). Dit is dan ook waarom interkulturele kommunikasie so belangrik is, omdat daar inligting, gedagtes en idees uitgeruil word tussen mense van verskillende kulture (Maletzke, 1970:409). Hierdie stelling van Maletzke bevestig die verband van interkulturele kommunikasie met deelnemende kommunikasie aangesien deelnemende ontwikkelingskommunikasie tweerigting kommunikasie is wat inlig, opvoed, motiveer en mobiliseer²⁸. Interkulturele kommunikasie is dus 'n belangrike onderbou van deelnemende ontwikkelingskommunikasie, juis omdat daar op die kulturele faktore gefokus word.

Kommunikasie is die voertuig waardeur verandering plaasvind. Prosser (1970:40) vat dit goed saam deur te sê dat kommunikasie en kultuur kontinue prosesse, sonder spesifieke begin- en eindpunte is.

Batubenga (1993:26) brei op die verband tussen kultuur en ontwikkeling uit deur te sê dat dit gewoonlik twee aspekte van dieselfde proses is. As 'n kultuur ontwikkeling voortbring, veroorsaak laasgenoemde weer nuwe kulturele waardes. Hy glo egter dat Afrosentriese waardes die verwysingsraamwerk moet wees vir ontwikkeling, eerder as die Eurosentrise waardes²⁹. Die woord Afrika kan vervang word deur te sê dat die waardes wat as 'n verwysingsraamwerk moet dien, daardie waardes moet wees wat eie is aan die gemeenskap waarbinne die ontwikkeling plaasvind. Die kultuur van die gemeenskap is die siel van die samelewing en ook die basis vir al sy aktiwiteite. Die verklaring van interkulturele kommunikasie lê nie geslote in Westerse maniere van dinge doen nie (Asante & Vora, 1991:293).

Die verklaring van interkulturele gebeure lê in twee of meer kulture en nie in een nie. Rahim (1993:39) sluit hierby aan wanneer hy meld dat die kulturele komponent 'n kritieke deel van ontwikkelingskommunikasie is en help om die geheel te vorm. Dit verklaar die term kommunikasiehandeling³⁰ verder, omdat dit gemik is op wedersydse begrip, koördinerings van aktiwiteite en die deel van betekenis. Dit

²⁷ Kyk Casmir (1991), 2.5.4, bl. 32

²⁸ Kyk Ayee (1993), 2.5.3, bl. 27

²⁹ Kyk 2.5.1.1, bl. 21

³⁰ Kyk 2.5.3.1, bl. 29

kan alleen tydens deelnemende ontwikkelingskommunikasie plaasvind, wanneer die verskillende betrokke kulture, in ag geneem word.

Diaz-Bordenave (1989) het die volgende funksies van interkulturele kommunikasie uitgelig (Rahim, 1993:40):

- Dit help om die samelewing se kulturele identiteit te ontwikkel;
- Dit tree as voertuig vir self-uitdrukking op;
- Dit fasiliteer probleemoplossing;
- Dit dien as 'n middel vir probleemdefiniëring in 'n gemeenskap.

Uit die funksies volg dat interkulturele kommunikasie geskik kan wees vir ekotoerisme-projekte.

Dit blyk duidelik dat deelnemende ontwikkelingskommunikasie nie suksesvol sal wees sonder om die kulturele faktore in ag te neem nie. Die kulturele skakels en verwantskappe in 'n gemeenskap moet gebruik word, eerder as wat dit vernietig word (Shcramm, 1964:117). Volgens (Serageldin, 1991:88) staan kultuur sentraal tot die ontwikkelingsparadigma. Volhoubaarheid van ontwikkeling word slegs verseker wanneer die spesifieke kulturele omgewing waarbinne die ontwikkeling moet plaasvind 'n integrale deel van die ontwikkelingsproses vorm. Daarom moet inheemse kennis en inheemse kommunikasiesisteme erken word.

2.5.5 INHEEMSE KENNIS EN INHEEMSE KOMMUNIKASIESISTEME

Suid-Afrika is kultuurryk. Inheemse gemeenskappe is volop en dra by tot die groot verskeidenheid interessante kulture in die land. Daar is elf hoofkulture in die land, naamlik die Engelse, Afrikaners, Tswana's, Zoeloe's, Xhosa's, Swazi's, Suid-Sotho's, Noord-Sotho's, Venda's, Tsonga's en Ndebeles (Groenewald, 1994).

Inheemse mense verteenwoordig die meeste van die planeet se kulturele diversiteit (Guppy, 1992:32). Die verskeie kulture beskik elk oor sy eie inheemse kennis en inheemse kommunikasiesisteme. Ontwikkelingsmodelle en -projekte moet op inheemse kennis- en kommunikasiesisteme geskoei wees. Dit sal dan 'n groter kans op sukses toon. Om die konsep inheemse kennis beter te verstaan moet die volgende woorde van Laurens van der Post in ag geneem word (Player, 1991:152):

Africa had a soul and you had to relate to Africa with your heart.

Die onderskeidende kenmerk van inheemse mense is die verhouding tussen die mense, die aarde en sy hulpbronne (Siddle, 1991:118). Inheemse mense beskou hulself as 'n integrale deel van die natuur. Dit is dan ook waarom daar dikwels na "moeder-aarde" verwys word (Walker, 1992:36). Die mens, kultuur en die land is onskeibare elemente van die ekologie en 'n sleutel tot ontwikkeling. Hierdie drie aspekte is veral teenwoordig in ekotoerisme as ontwikkelingsprojek. Volgens Vivian (1992:83) het die tradisionele kulture 'n beter verhouding tussen dié drie elemente behou.

Inheemse kennis is gegrond in die spesifieke kultuur en omgewing. Dit leen, pas aan, is innoverend en gebou op vorige geslagte se kennis. Dit is plaaslike kennis spesifiek tot 'n sekere plek of kultuur en ontwikkel deur die plaaslike samelewing (Mundy, 1993:41). Daar word ondervinding, ervaring en kennis van buite af bygevoeg. Dit moet 'n aktiewe komponent van 'n spesifieke groep wees en gebruik word deur die lede om 'n doel te dien (Morin-Labatut & Akhtar, 1992:24).

Tot dusver het dit duidelik geblyk dat plaaslike kulture nie geïgnoreer mag word in die ontwikkelingsproses nie³¹. Enige ontwikkelingsinisiatief moet die plaaslike kultuur erken en gebruik. Plant (1992:23) noem dat daar selfs in die Verenigde Volkesistiem nou 'n erkenning is dat inheemse organisasies betrek moet word tydens alle fases van ontwikkelingsprojekte: implementering, toesighouding, ontwikkeling en evaluering van projekte. Mundy (1993:41) stel dat om die bestaande inheemse kennis te ignoreer, die ignorering van 'n moontlike ontwikkelingsbron is en ook die ignorering van die plaaslike bevolking. Abate & Akhtar (1993:71) meld dat die toenemend belangrike rol van inheemse kennis ten spyte van die beperkings daarvan, erken word en ook die feit dat dit wetenskaplike meriete het. Hulle brei ook uit oor die miskenning tot dusver daarvan, deur Atte (1989) as volg aan te haal:

The African elite has little or no sympathy for indigenous knowledge, for so long running away from it has been a mark of success this is possibly the greatest obstacle ... there is no mention of local knowledge in any rural development literature in Nigeria ... those studying it and pointing out its potential are not Africans.

Plaaslike kulture en hul inheemse kennis moet erken word en is duidelik noodsaaklik vir die ontwikkelingsproses (Redclift, 1992:39; Ghai & Vivian, 1992:17). Hulle beskik oor die reg om die aard en tempo van ontwikkeling in hul omgewing

³¹ Kyk 2.4, bl. 14

te determineer. Wildboere sal waarskynlik 'n fout maak indien die plaaslike gemeenskap nie betrek word in die beplanning en bestuur van ekotoerisme-praktyke nie.

Die definiëring en vorming van gemeenskappe se eie omgewings hang hiermee saam (Teheranian, 1977:35). Ontwikkelingsagente moet die beginsel raaksien en help om dit te realiseer (Guppy, 1992:33, Blake, 1993:10). As ontwikkelende gemeenskappe ontwikkeling op sy eie plaaslike modelle en rondom sy eie ontwikkeling baseer, kan daar voortuitgang wees. Die voortuitgang moet egter gebaseer wees op die gebruik van 'n gemeenskap se eie inheemse produkte en die blootstelling van ander mense hieraan (Batubenga, 1993:26).

In Suid-Afrika moet daar ook meer erkenning wees vir inheemse kennis- en kommunikasiesisteme.

Ontwikkelende lande moet sy beeld nie in die toekomstige ontwikkelingswêreld soek nie, maar in sy eie omgewing en kultuur. Die plaaslike gemeenskappe moet hul kultuur as 'n ontwikkelingsinstrument beskou, deurdat dit baie oplossings kan genereer. Volgens Melkote (1991:190) is die verwerping van die plaaslike kultuur verkeerd en eties onverderdigbaar. Die inheemse gemeenskappe moet trots wees op hul volkskultuur en dit uitbou deur die gebruik van deelnemende ontwikkelingskommunikasie in ekotoerisme-projekte.

Die wêreld raak al hoe meer bewus van die menslike element in ontwikkeling - daarom word daar menslike deelname en ook kommunikasie in ontwikkeling vereis. Sentraal tot die deelname in ontwikkeling staan die konsep van inheemse kennis omdat mense besluite neem gebaseer op hul bestaande kennis en ervaring (Mundy, 1993:41).

Melkote (1991:254) noem dat inheemse kennis dikwels beter is as uitheemse kennis. So byvoorbeeld kan die gemiddelde !ko³² bosvrou in Afrika 206 uit die 211 van die planttipes in haar omgewing noem en die vrugbaarheid van die grond identifiseer deur die kleur en tekstuur waar te neem. Dit is nie kennis wat sy in 'n boek geleer het nie, maar dit is van geslag tot geslag oorgedra.

Inheemse kennis is egter nie altyd beter nie. Dit moet in elk geval oorweeg word omdat dit deel is van die plaaslike kultuur en definieer wat die mense weet en doen. Dit kan met uitheemse kennis gekombineer word. Die kombinerings van

³² Hierdie is 'n uitspraakvorm ('n klank) en nie 'n spelfout nie.

inheemse kennis met Westerse wetenskaplike kennis lei tot gemeenskapsdeelname en aksie (Morin-Labatut & Akhtar, 1992:25). Westerse of internasionale kennis is sistematies, waardevry en nie gebonde deur kultuur nie. Inheemse kennis is plek-spesifiek, waardegelaaï en nou verwant aan die plaaslike kultuur (Mundy, 1993:41).

Inheemse kennis en die idee van volhoubaarheid is ook nou verwant. Mundy (1993:41) voel dat die inheemse praktyke volhoubaar is, terwyl baie van die moderne tegnologie skadelik is vir die omgewing of die plaaslike bevolking ekonomies nadelig beïnvloed. Ontwikkelingsaktiwiteite wat poog om tegnologie van buite af in te voer sonder kommunikasie hieroor met die plaaslike gemeenskap en die konsiderasie van plaaslike mense se kennis en ervaring is nie deelnemend van aard nie.

Volgens Wang (1982:3) staan inheemse kennis en inheemse kommunikasie parallel tot mekaar (Mundy, 1993:42). Inheemse kommunikasiesisteme bestaan uit tradisionele- of volksmedia. Ayee (1993:57) maak 'n onderskeid tussen die twee deur te sê dat volksmedia die beeldende kunste soos poppekaste, drama, danse, storievertellings, ens. is en tradisionele media is die bymekaarkomplekke soos markte, geloofsentrums, teehuse en ander gemeenskapinstellings. Ander outeurs soos Mundy (1993); Blake (1993); en Melkote (1991) praat egter net van volksmedia wat uit die poppekas, drama, interpersoonlike kommunikasie, storievertellings, dorpsorganisasies, markte, gesprekvoering, teehuse ensovoorts bestaan.

Inheemse kommunikasiesisteme bestaan langs ander vorme soos die massamedia, skole, uitbreidingsdienste, banke, pos- en telefoondienste (Mundy, 1993:42). Dit gee kleur en gemeenskaplikheid aan die samelewing (Schramm, 1964:39).

Inheemse kennis moet die vertrekpunt wees vir enige ontwikkelingsboodskap. Met ander woorde: ontwikkelingsgeoriënteerde boodskappe moet met die inhoud van die volksmedia geïntegreer word (Blake, 1993:9; Melkote, 1991:214). So kan die wildboer die katalisator wees vir 'n ontwikkelingsgeoriënteerde boodskap of dit kan vanuit die massamedia ontstaan, maar dit moet verder gekommunikeer word deur die inheemse kanale of meer toepaslik gemaak word vir die plaaslike gemeenskap deur die integrering daarvan met inheemse kennis. Die rede, volgens Melkote (1991:210) waarom inheemse kommunikasiëkanale suksesvol is, is die feit dat dit 'n produk van die plaaslike kultuur is, ryk in kulturele simbole, hoogs deelnemend van aard en nou verwant aan die mense is. Inheemse kommuni-

kasiekanale mag nie geïgnoreer word nie, want dit is deel van die gegewe kultuur en kommunikasiestruktuur in 'n spesifieke gemeenskap.

Die tipes media wat bestaan, moet nie in isolasie bestudeer word nie. 'n Kommunikasiesisteem van 'n spesifieke kultuur kan net begryp word as daar begrip is vir die onderliggende waardesisteme daarvan. Uitdrukkings soos geloofsaksies is sleutels tot die begrip van hoe mense dink en voel oor bepaalde verhoudings en ook die natuur en omgewing waarbinne hulle leef.

Dissanayke (1984) definieer inheemse kommunikasiesisteme as volg (Melkote, 1991:210):

..communication system embedded in the culture which existed before the arrival of mass media and still exists as a vital mode of communication in many parts of the world, presenting a certain degree of continuity, despite changes.

Eilers (1991) noem inheemse kommunikasie etno-kommunikasie en hy stel dit so: "The description and study of communication means, communication structures and communication processes in cultural units" (Mundy, 1993:43). Die belangrikheid van kulture en interkulturele kommunikasie kom hier sterk na vore. Dit is ook waarom bestaande kommunikasiestrukture eers die ontvangerkultuur in ag moet neem voordat daar vreemde metodes gebruik word.

Die tradisionele kommunikasiekanale moet dus bekend wees aan die inisieerder van die ontwikkelingsboodskap. Inheemse kommunikasiekanale kan egter nie deur iemand van buite af gedefinieer word nie. Hier word die belangrikheid van deelnemende ontwikkelingskommunikasie weer beklemtoon.

Dit beteken nie dat alle ontwikkelingsboodskappe gevind kan word in die inheemse kommunikasiesisteme nie, maar dat dit net 'n beter manier is om die probleme aan te spreek. Dit bly egter 'n baie goeie vertrekpunt vir ontwikkelingsboodskappe (Blake, 1993:10).

Die volksmedia moet die vooroordeel van geletterdheid in ontwikkelingskommunikasie-strategieë oorkom, asook die gaping tussen hoër en laer ekonomiese status verminder. Die boodskappe wat geskep word moet ooreenkomstig die behoeftes van die spesifieke gemeenskap wees (Melkote, 1991:227).

Inheemse kommunikasiekanale het voordele (Melkote, 1991:213):

- Dit is deel van die plaaslike sosiale omgewing.
- Dit is kredietwaardige bronne van inligting vir die mense.
- Dit is twee-rigting kommunikasie.
- Dit behou die mense se aandag.
- Dit ontlok dialoog en plaaslike deelname.
- Dit is buigbaar, goedkoop en daar is 'n groot verskeidenheid.

Aangesien inheemse kennis nie altyd reg is nie en beslis ook nie die enigste vorm van kennis is nie, is dit vanselfsprekend dat die massamedia met die volksmedia gekombineer moet word (Melkote, 1991:215; Ayee, 1993:59; Mundy, 1993:44). Die rede hiervoor is die wyer geografiese dekking van die massamedia, terwyl die volksmedia 'n verskeidenheid vermaaklikheidstemas bied.

Dit blyk uit bogenoemde dat die effektiwiteit van inheemse kommunikasiekanale eerder van die mense afhang as van die tegnologie. Juis daarom word dit as 'n deelnemende of te wel transaksionele kommunikasieproses beskou. Die deelname van die plaaslike gemeenskap impliseer ook interkulturele kommunikasie. Die konsep van selfontwikkeling is daarom ook gegrond op inheemse kommunikasiekanale. Die massamedia kan egter as 'n katalisator dien en moet saam met inheemse kommunikasiekanale gebruik word.

2.6 DIE DOEL VAN DEELNEMENDE ONTWIKKELINGS-KOMMUNIKASIE

Die begrip deelnemende ontwikkelingskommunikasie verduidelik opsigself wat die doel van die proses is.

Dit is 'n proses van wedersydse begrip waartydens die mense deelneem aan die proses, die vergroting van mense se keuses plaasvind en 'n verandering van wêrelduitkyk waargeneem kan word. Dit is 'n kommunikasieproses (Ayee, 1993:121), sowel as die ontsluiting van mense se latente vermoëns en die bied van geleenthede aan hulle, sodat hulle tot hul volle potensiaal kan ontwikkel (Ayee, 1993:1).

Hand aan hand met die vergroting van mense se keuses loop die mandjie van verbruikersgoedere. Dit is 'n ekonomiese term wat gebruik word om onder meer inflasie te bereken. 'n Mandjie van verbruikersgoedere word bepaal waarmee die gemiddelde mens per maand kan oorleef. In ontwikkelende lande verskil die samestelling van die mandjie aansienlik van dié van ontwikkelde lande. Wanneer

ontwikkeling plaasgevind het, word aanvaar dat die samestelling van die mandjie van verbruikersgoedere sou verander het. Dit beteken ook dat die onewe verspreiding van inkomste, wat so kenmerkend van ontwikkelende lande is, sal verminder (Melkote, 1991:80).

Die uiteindelijke doel is volgens die meeste outeurs die verbetering van lewenskwaliteit (Aye, 1993; Asante & Gudykunst, 1989; Melkote, 1991; Ghai & Vivian, 1992; Rahim, 1993). Dit verklaar die verband van ekotoerisme met deelnemende ontwikkelingskommunikasie verder, aangesien die einddoel van 'n ekotoerisme-projek die verbetering van lewenskwaliteit is deur die gebruik van interkulturele- en ontwikkelingskommunikasie.

Verbetering van lewenskwaliteit kan vir verskillende mense verskillende betekenis inhou. Verbetering van lewenskwaliteit in Westerse waardes is iets heel anders as dié in ontwikkelende gemeenskappe.

Lewenskwaliteit is nie net ekonomiese vooruitgang nie - dikwels word daar aangeneem dat dit al voorvereiste is vir 'n verbetering van lewenskwaliteit. Lewenskwaliteit hang ook af van aspekte wat nie gemeet kan word nie, soos die kwaliteit van die lug rondom ons, die water waarin ons bad of visvang, die geluide rondom ons, die landskap (Lecomber, 1975:76).

Lewenskwaliteit omsluit ook algemene tevredenheid en gelukkigheid. Dit omsluit dus die fisiese sowel as sosiale omgewing. Alle aspekte moet gemeet word, maar dit is nie altyd meetbaar nie (Corbett, 1989:267). Om subjektiewe aspekte soos houdings en oortuigings te meet is nie altyd so eenvoudig nie.

Volgens Melkote (1991:230) kan lewenskwaliteit verhoog word deur die volgende doelwitte te bereik:

- Verbeterde vlakke van sosiale, fisiese en geestesgesondheid, byvoorbeeld voeding, sanitasie, kleiner gesinne, sosiale gelykheid, landhervorming, vryheid van geloof, spraak en assosiasie, politieke deelname, gemeenskapsvermaaklikheidsentrums, radio, TV, dorpsfeeste en ander vermaak.
- Verhoogde self-ontwikkeling van die plaaslike bevolking deur selfdeterminasie, onafhanklikheid en die kapasiteit om kontinue groei en ontwikkeling daar te stel.

Doelwitte wat meer korttermyn van aard is, is die volgende:

- Verhoging in die vlak van landbou, verkope, ensovoorts.
- Verhoging in lone.
- Verbeterde plaaslike dienste, soos opvoeding, gesondheid en voedingsdienste.
- Verhoogde desentralisasie deur effektiewe plaaslike deelname en besluitneming in ontwikkeling.

Uit bogenoemde doelwitte word dit duidelik dat verhoging in lewenskwaliteit die verbetering op elke terrein van 'n mens se lewe inhou.

Die woord deelnemende ontwikkelingskommunikasie hou nog een belangrike doelwit in, naamlik, volhoubaarheid. Ontwikkeling is nie suksesvol indien dit nie volhoubaar is nie. Ontwikkeling is volhoubaar wanneer die kommunikasie deelnemend van aard is.

2.7 SLOT

Dit is duidelik dat die tipe kommunikasie, vir enige ontwikkelingsprogram om sukses te behaal, deelnemende ontwikkelingskommunikasie is. Dit hou dan ook 'n deelnemende paradigma in. Die deelnemende paradigma is egter nie vas nie en dit moet verskil van plek tot plek om by die behoeftes van die spesifieke gemeenskap te pas.

Deelnemende ontwikkelingskommunikasie hou in dat die mense, sowel as hul inheemse kennis en kommunikasiesisteme erken word. Verder is daar 'n interkulturele dimensie onderliggend aan deelnemende ontwikkelingskommunikasie, aangesien daar gestreef word na wedersydse begrip tussen verskillende kulture.

Deelnemende ontwikkelingskommunikasie is die essensie van die ontwikkelingsprogram, want daarsonder kan daar geen verandering plaasvind nie.

HOOFTSTUK 3 EKOTOERISME AS 'N KOMMUNIKASIEPROSES

3.1 INLEIDING

At first I thought I was fighting to save rubber trees. Then I thought I was fighting to save the Amazon rainforest. Now I realise I am fighting for humanity...." (Hasan, 1991:100).

Dié woorde van 'n omgewingsbewaarder vat die essensie saam van waarom bewaring, ekotoerisme en kommunikasie noodsaaklik is.

Toerisme is tans die enkel vinnigste groeiende industrie in die wêreld (Anon, 1992a:3). Daarenteen is dit slegs in Suid-Afrika die vierde grootste bedryf (Ranchod, 1993:28).

Suid-Afrika ontvang slegs 0,2 % van die internasionale toerismemark en die groeikoers is hier baie stadiger as op ander plekke in die wêreld (Cowling, 1993:3). Tydens Indaba 1995 blyk dit dat die tendens besig is om te verander en meer en meer mense na Suid-Afrika reis (Koch, 1995:1).

Ontwikkelende lande beskou toerisme dikwels as 'n antwoord op probleme omdat dit 'n verdieners van inkomste is, werk skep en plaaslike entrepreneurs aanmoedig. Die Heropbou en Ontwikkelingsprogram van die Regering van Nasionale Eenheid beskou dit ook as 'n moontlike verdieners van inkomste (ANC, 1993). Indien ontwikkeling egter plaasvind met min of geen beplanning nie kan toerisme ook 'n negatiewe impak op die ekonomie, samelewing en die omgewing hê. Tot datum was Suid-Afrika nog nie te veel blootgestel aan massatoerisme nie. Met die veranderinge in die land en die nuwe politieke bedeling moet daar gewaak word teen die potensieel gevaarlike effek van hoë volume toerisme. Goeie beplanning gemik op volhoubaarheid is noodsaaklik.

Bewaringsagente het besef dat die toekoms van die aarde en ook die biologiese verskeidenheid van die aarde onuitwisbaar gekoppel is aan die verbetering van die lewenskwaliteit van plattelandse gemeenskappe. Die rede hiervoor is dat dié gemeenskappe nie verplig moet wees om hul hulpbronne uit te put om te oorleef nie (Boo, 1992:3; Whelan, 1991:3). Armoede is die grootste oorsaak van die agteruitgang van die omgewing en ekotoerisme kan dié probleem aanspreek (Turner, *et. al.*:1994:309).

In hierdie hoofstuk word die begrip ekotoerisme bestudeer. Ekotoerisme word nie uit 'n geografiese oogpunt bestudeer nie, maar vanuit 'n ontwikkelingskommunikasieperspektief. Daar gaan ook aandag gegee word aan al die begrippe wat hiermee saamhang.

3.2 AGTERGROND OOR DIE ONTSTAAN VAN EKOTOERISME

Die samelewing is gekonfronteer met drie probleme: eerstens was daar 'n algemene ontevredenheid met massatoerisme en die gevolge daarvan, tweedens was die agteruitgang van die omgewing kommerwekkend en derdens was daar ekonomiese bekommernisse soos 'n te lae groeikoers, te hoë populasiegroeikoers, werkloosheid, gebrek aan buite-landse valuta en vele ander.

Die ontevredenheid met massatoerisme en die ander bogenoemde redes het daartoe gelei dat die toerismemark al meer gediversifiseerd geraak het. Spesifieke en spesiale belangstellings het begin ontstaan (Inskeep, 1992:245). Eko- en etno-toerisme is vorme van spesifieke en spesiale belangstellings³³.

Toerisme word gesien as een van die oplossings van minder ontwikkelde lande en plattelandse gemeenskappe se probleme. Dié bedryf is aan die einde van die eeu die belangrikste uitvoerprodukt en steeds meer ontwikkelende lande ontdek die potensiaal van dié sektor (Koelemeijer, 1994:18).

Daar is egter gesoek na 'n alternatiewe vorm van toerisme, want daar was toeneemende bekommernis oor die sosiale en omgewingskoste wat veroorsaak is deur te veel en verkeerde bestuur van toerisme. 'n Toerismevorm is gesoek wat beide die natuur en die gemeenskap in ag neem. Dit klink baie eenvoudig, maar die woorde "natuur" en "gemeenskap" is baie kompleks. Die rede vir die kompleksiteit sal later in die hoofstuk blyk.

Alternatiewe toerisme is vir toeriste wat nie die omgewing beskadig nie. Dit is ekologies veilig en vermy die negatiewe impak van baie massatoerisme-ontwikkelings (De Kadt, 1992:47). Dit word onderneem in areas wat nog nie ontwikkel is nie. Dit is dikwels ook kleiner ontwikkelings of besienswaardighede en geleë in spesifieke dorpieë of gemeenskappe. 'n Besienswaardigheid is 'n plek wat in so mate aantrekking vir toeriste besit, dat dit deur toeriste besoek word. Die plek word dus deur die toeriste aantreklik gevind.

³³ Kyk 1.2, bl. 1

Alternatiewe toerisme het minder sosiale en kulturele negatiewe effekte en die plaaslike bevolking aanvaar dit makliker. Die aanvaarding van alternatiewe toerisme deur die plaaslike gemeenskap hou deelnemende ontwikkelings-kommunikasie in, want sonder dié kommunikasie sal aanvaarding nie plaasvind nie. Die samelewing baat direk daarby, die klem val op kulturele volhoubaarheid en lewenskwaliteit verhoog hierdeur. Verder kan al die voordele van toerisme verkry word, sonder dat 'n enorme investering vereis word (Inskeep, 1991:245).

Holden (1984:15) definieer dit as volg: "...a process which promotes a just form of travel between members of different communities. It seeks to achieve mutual understanding, solidarity and equality amongst participants".

Uit bogenoemde definisie word interkulturele kommunikasie en die belangrikheid van inheemse kennis beklemtoon vir suksesvolle ekotoerisme-projekte.

Ekotoerisme is alternatiewe toerisme. Volgens Robinson (1991:22) is alternatiewe toerisme 'n konsep verenigbaar met ekotoerisme. Suid-Afrika met sy pragtige en kontrasterende natuurskoon wat plek-plek nog ongerep is en die groot verskeidenheid wildsoorte wat hier voorkom, bied die ideale geleentheid vir ekotoerisme (Robinson, 1991:23).

Ekotoerisme word vandag deur die regering en Satoer beskou as 'n moontlike oplossing vir die land se ontwikkelingsprobleme. Hierdie verwikkelinge is bevestig tydens Indaba 1995. Indaba is Suid-Afrika se jaarlikse toerisme-konferensie. Tydens Indaba 1995 maak Satoer hul bemarkingsbeleid vir 1996 bekend en die klem val dié jaar op natuur -en avontuurtoerisme. Verder word ekotoerisme nou amptelik beskou as 'n werkbare alternatief om tot Suid-Afrika se heropbou by te dra. Die volgende aanhaling bevestig ook die Regering van Nasionale Eenheid se standpunt hieroor (Koch, 1995, 1-2):

Satour has scored a coup in getting Mandela to endorse the principle that nature tourism should play a role in the nation's reconstruction.....Satour's new programme to make nature travel a part of the RDP...

Bogenoemde aanhalings word verder bevestig as daar na die volgende uittreksels uit die Regering van Nasionale Eenheid se Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP) gekyk word: (ANC, 1993):

- armoede en omgewingsbewaring is nou gekoppel (38).

- 'n deelnemende besluitnemingsproses oor omgewingsake, met die gee van mag aan gemeenskappe om hul natuurlike omgewing te bestuur (39).
- deelname van gemeenskappe in bestuur en besluitname in wildlewebewaring en ander verwante toerismevoordele.
- omgewingsopvoedingsprogramme om weer ons mense se liefde vir die land aan te wakker, om omgewingsbewustheid onder die jeug te bevorder en die koördinering van omgewingsopvoedingsbeleide op alle vlakke sodat die gemeenskap die mag het om oor omgewingsake op te tree en omgewingsetiek te bevorder (40).
- natuurlike hulpbronne is deel van ons herkoms en 'n kultuur van waardering moet aangewakker word (106).
- die bevordering van ekotoerisme en Suid-Afrika se unieke kulturele- en politieke herkoms is belangrik. Dit gee die geleentheid vir die integrering van tradisionele kennis in toerisme (106).
- gemeenskapsbetrokkenheid by toerismeprojekte moet aangemoedig word (106).
- volledige en deursigtige ontledings van die impak van toerisme op die omgewing moet uitgevoer word vir alle toerismeprojekte.

Wight (1993:3-9) meen dat ekotoerisme ook die volgende moet doen:

- nie hulpbronne degradeer nie, maar ontwikkel op 'n omgewingsvriendelike manier;
- 'n eerstehandse, deelnemende en opvoedkundige ervaring gee;
- opvoeding onder alle betrokke partye ten doel stel;
- die intrinsieke waarde van die hulpbronne erken;
- 'n goeie uitwerking op die langtermyn hê;
- 'n morele en etiese verantwoordelikheid tot die natuur en kultuur hê; en
- respek hê vir almal daarby betrokke.

Uit bogenoemde blyk dit dat die mens, die natuur, die kultuur en dat dit kommunikasie tussen dié drie hulpbronne is wat in ekotoerisme-projekte benut moet word.

Aangesien toerisme 'n bedryf is wat verskillende mense bymekaar uitbring, hetsy in die beplannings- of bestuursfase, bly kommunikasie 'n essensiële element in die proses. Sonder kommunikasie sal die bedryf nie suksesvol wees nie. Kommunikasie tussen verskillende kulture vind dikwels plaas omdat toerisme lei tot interkulturele kontak (Inskeep, 1991:15).

3.3 DIE BEGRIP EKOTOERISME

Soos reeds gesê³⁴ is toerisme een van die grootste bedrywe in die wêreld en ekotoerisme is die snel groeiendste segment van die toerismebedryf (Inskeep, 1992:245). Volgens Hattingh (1994f:2) skakel die begrip ekotoerisme die volgende ander begrippe met mekaar: toerisme, die omgewing en die gemeenskap met as einddoel volhoubare ontwikkeling en die verhoging van lewenskwaliteit.

Ekotoerisme ignoreer ook nie die kulturele aspekte nie. Daar is simbiose tussen die omgewing, gemeenskap en die besoekers daaraan. Ekotoerisme het deur inter-kulturele kommunikasie die potensiaal om bande te bou en die grense van rasse- en klasverskille te oorbrug (Cock, 1992:2). Die rede hiervoor is dat ekotoerisme die omgewing, die mense, maar ook omgewingsprobleme betrek. Ekotoerisme is anti-massatoerisme sowel as pro-omgewingsbewaring en pro-gemeenskap. Daar is al spottenderwys verwys na ekotoerisme as “guilt-free” toerisme.

Satoer (1993a) het ook gereageer op die verandering in toerisme-tendense en het ‘n ekotoerisme-visie daargestel:

Capture the true South African atmosphere - its unique wildlife, its spectacular scenic beauty, its wonderful climate and above all - its people and their lifestyles into a total effectively packaged environmental experience; to jointly manage the ecotourism resource base appropriately so as to achieve optimal sustainability and to empower the people of the country to take ownership of their ecotourism environment, to reap maximum benefits from its proceeds and to be accountable for its future.

Die visie van Satoer stel duidelik dat die mense, die natuur en die kultuur tot voordeel van die plaaslike gemeenskap deur gesamentlike bestuur aangewend behoort te word.

‘n Paar definisies van ekotoerisme gaan aangehaal word ter wille van die duidelikheid van die begrip:

³⁴ Kyk 1.2, bl. 1 - 2

Hattingh (1994), in beheer van die Sentrum vir Ekotoerisme by die Universiteit van Pretoria, meen dat die volgende definisies van ekotoerisme goeie omskrywings van die begrip is:

- “The World Wildlife Fund defines (ecotourism) as tourism to natural areas that foster environmental understanding, appreciation and conservation and sustains the culture and well-being of local people, thus ecological tourism” (Notes for Council for the Environment Exco, 1993).
- Ekotoerisme is ‘n verrykende ervaring in die natuur wat bydra tot die bewaring van die ekosisteem, terwyl dit die integriteit van die plaaslike gemeenskap respekteer (Wight, 1993).
- “Ecotourism depends on how you go about touring, rather than where. It is not a question of what you are looking at, it is a question of how you got there and where you are staying. In essence ecotourism takes responsibility for the impact visitors have, both on the environment and on local communities” (Knill, 1993).
- Ekotoerisme - sosiaal verantwoordelik, omgewingsvriendelik (D’Amore, 1993).
- Toerisme na beskermde natuurlike areas met die doel om ekonomiese voordeel te verkry deur die bewaring van hulpbronne (Marajh, 1992).
- “Travelling to relatively undisturbed or uncontaminated natural areas with the specific objectives of studying, admiring, and enjoying the scenery and its wild plants and animals, as well as any existing cultural manifestations (both past and present) found in these areas..” (Lascurin, aangehaal in Jacobson & Robles, 1992).

Koch (1993) definieer dit as die doelbewuste besoek aan natuurlike areas om die kultuur en herkoms van die omgewing te verstaan, terwyl daar sorg gedra word dat die integriteit van die ekosisteem nie skade lei nie. Terselfdertyd word ekonomiese geleenthede geskep waarby die plaaslike gemeenskap kan baat en so doende die bewaring van natuurlike hulpbronne moontlik maak (Satoer, 1993a:1).

Marajah (1992:23) meen dat ekotoerisme beperk is tot die tipe toerisme wat gerig is op relatief onversteurde natuurlike areas, dit is ekologies volhoubaar en lewer 'n direkte bydrae tot die volgehoue bewaring en bestuur van natuurlike areas.

Ander woorde wat dikwels met ekotoerisme geassosieer word is: omgewingsvriendelik, groen, verantwoordelik, lae impak, kwaliteit, natuurgerig, toepaslik, alternatief, sag en volhoubaar. Ekotoerisme word as kwalitatiewe toerisme geklassifiseer, omdat dit volhoubare ontwikkeling is, terwyl kwantitatiewe ontwikkeling bloot net groei is (Daly, 1991:27).

Uit al bogenoemde blyk dit duidelik dat daar drie aspekte is wat oorwegend in ekotoerisme figureer, naamlik die gemeenskap, ofte wel plaaslike gemeenskap, die omgewing en die opvoedkundige proses. Kommunikasie dien as die "gom" tussen al drie bogenoemde losstaande begrippe. Met die begrip gemeenskap word in ekotoerisme verwys na aanvaarding deur die gemeenskap van die ekotoerisme-projek en spesifiek dat die gemeenskap daarby moet baat. Omgewing, soos voorheen uiteengesit, beteken beide natuur en kultuur. Opvoedkundige proses verwys na die inligtingsfunksie van ekotoerisme aan die toeris om sodoende 'n groter bewustheid van bewaring³⁵ by die toeris te laat ontstaan.

Bogenoemde drie boustene is ook teenwoordig in Satoer se nuwe beleidsdokument (Koch, 1995:1):

..that travel through scenic landscapes and natural ecosystems of the country can bring economic and social benefits to local people while ensuring that natural resources are effectively protected...

Die begrip gaan egter nou vanuit 'n deelnemende ontwikkelingskommunikasie-perspektief ontleed word aan die hand van bogenoemde drie boustene van ekotoerisme. Die boustene waaruit ekotoerisme bestaan is naamlik, die gemeenskap moet direk daarby baat (volhoubare ontwikkeling), dit moet gerig wees op omgewingsbewaring en laastens moet die toeris se kennis tydens sy besoek uitbrei (Hattingh, 1993).

³⁵ Dit is bewaring van beide die natuur en die kultuur

3.3.1 EKOTOERISME EN BEWARING

Ekotoerisme en bewaring is onlosmaaklik verbind. Uit die definisies blyk dit dat dit nie net bewaring van die natuur is nie, maar ook bewaring van die kultuur. Die kultuur is net so veel deel van die omgewing as die natuur.

Verskeie outeurs (Inskeep, 1991:15; Hattingh, 1994a; Mathieson & Wall, 1984; Gunn & Taylor, 1994; Department of Environment Affairs, 1993; Murphy, 1985; Boo, 1992; Ryke, 1987; Landman, 1993; Whelan, 1991) bevestig dat ekotoerisme die oorsaak is van en ook kan lei tot bewaring van die omgewing (natuur en kultuur). Die oorwegende redes waarom ekotoerisme tot bewaring aanleiding gee, sal later³⁶ verder uitgebrei word.

Kortliks kan net genoem word dat die gemeenskap aangemoedig sal word om die natuur en kultuur te bewaar, wanneer hulle daarby baat, hetsy finansiëel of andersins. Bewaring word ook aangemoedig deur leer en blootstelling aan die projek. Leer vind deur kommunikasie plaas.

Hierdie aanmoedingsproses kan verder bevorder word deur kommunikasie en veral deelnemende ontwikkelingskommunikasie, want deelname lei tot 'n bewustheid en 'n gevoel van "besit" van 'n projek of gedagte. Wanneer die gemeenskap beseft dat hul deelname tot bewaring, tot finansiële voordeel en uiteindelijke verbetering in lewenskwalityeit kan aanleiding gee, sal hierdie aspek gekommunikeer word - ook van geslag tot geslag en uiteindelik deel vorm van die inheemse kennis van 'n plaaslike gemeenskap.

Die bewaring en bevordering van die verskeie komponente van die mense se omgewing is van die mees fundamentele voorvereistes vir die harmonieuse ontwikkeling van toerisme (Inskeep, 1992:32). Toerisme kan dus deur kommunikasie die bewaring en ontwikkeling van die natuur asook die plaaslike gemeenskap (jagtersgidse) se inheemse kennis bevorder. Dit lei tot 'n verbetering van lewenskwalityeit.

³⁶ Kyk 3.3.2, bl. 50 en 3.3.3, bl. 52

3.3.2 EKOTOERISME EN DIE GEMEENSAP

“'n Goeie mens laat 'n erfenis na, ook vir kleinkinders..”
Spreuke 13:22 (Bybel, 1983)

Twee aspekte wat sentraal staan tot die verband tussen ekotoerisme en die gemeenskap is dat die gemeenskap moet baat by die ekotoerisme-ontwikkeling en tweedens dat dit deur hulle aanvaar moet word. Hierdie twee aspekte moet gekommunikeer word.

Uit die literatuurstudie het dit geblyk dat daar tot op hede nog nie baie ekotoerisme-projekte in Suid-Afrika aangepak is nie. Daar is wel bepaalde natuurreservate (veral in Natal) en wildtuine wat die gemeenskap in die plattelandse gebiede betrek³⁷. Dit moet onthou word dat daar in dié studie verwys word na ekotoerisme-projekte op klein-skaal, soos deur individuele wildboere geloods.

Die term gemeenskap word hier gebruik om aan te dui dat daar volhoubare ontwikkeling moet wees en dat die gemeenskap moet baat by ekotoerisme. Met die begrip “baat” word die volgende bedoel: Dit is nie net ekonomies van aard nie, maar hou ook in dat dit tot die sosiale voordeel van die gemeenskap moet wees. Daarom word in die titel van die navorsing gemeld dat daar bepaal moet word of ekotoerisme aanleiding sal gee tot 'n verbetering van lewenskwiteit van die plaaslike gemeenskap. Die geld wat geïn word met 'n ekotoerisme-projek moet direk na die plaaslike gemeenskap gekanaliseer word.

Die volgende aanhaling bevestig ook dat Satoer (Koch, 1995:2) ekotoerisme as 'n manier beskou om voordele na die gemeenskap te kanaliseer: “...development initiatives based on the provision of tangible benefits to communities living in and alongside ecotourism areas.....

Volgens Satoer (1993b:14) sal toerisme substantief groei en die ekonomiese krag word wat die land nodig het. Dit kan dan betekenisvol bydra tot die verbetering van die lewenskwiteit van elke Suid-Afrikaner (Hattingh, 1994e:3).

Dikwels gebeur dit dat daar 'n toeriste-besienswaardigheid binne 'n bepaalde gemeenskap se gebied is, maar die plaaslike gemeenskap, wat van hul landbougrond hiervoor moes opoffer niks baat by die nuwe toeriste-besienswaardigheid nie of

³⁷ Kyk 3.8, bl. 65

die geld vloei terug na ontwikkelde lande. Hierdie tendens veroorsaak 'n negatiewe by die gasheergemeenskap. Boo (1992:187) het 'n Wêreldbankstudie aangehaal wat meld dat meer as die helfte van die bruto inkomste van die toerismebedryf in ontwikkelende lande terugvloei na die ontwikkelde lande. Hierdie stelling kan ook op 'n vereenvoudigde skaal toegepas word binne 'n land - die geld kan vloei na die sentra van 'n land in plaas van na die ontwikkelende plattelandse gemeenskap waar die geld gegenereer is.

Die term volhoubare ontwikkeling is telkemale al gedefinieer³⁸, maar daar sal vir duidelikheid en ook die verband wat dit het met ekotoerisme en die gemeenskap nog verder hierop uitgebrei word.

Ontwikkeling moet nie net ter wille van ontwikkeling plaasvind nie. Higgins & Higgins (1979:151) stel dat indien mense gelukkig is binne 'n tradisionele omgewing en as hul lewenswyse nie bedreig word nie, daar geen rede vir verandering is nie. Daar moet bepaal word wat die basiese noodsaaklike behoeftes is vir 'n gesonde en produktiewe lewe en dit moet verskaf word (Melkote, 1991:191). Daar moet ook bepaal word watter ontwikkelingsprojek die beste opsie sal wees binne 'n spesifieke gemeenskap.

Die Noordelike halfrond, (ook bekend as die ontwikkelde lande, Westerse lande of die Eerste Wêreldlande) besluit wat op die ontwikkelingsagenda van ontwikkelende lande geplaas moet word³⁹. Dit is nie die regte proses nie. Higgins & Higgins (1979:17) bevestig dit as volg: "It must not simply be a repetition of the phases and directions that the industrial nations have gone through in the past". Dit is belangrik om te onthou dat ontwikkelde lande nie kan verwag dat ontwikkelende lande dieselfde proses van ontwikkeling moet volg nie. Daar is verskeie politieke, kulturele en strukturele beperkings wat die ontwikkelingsproses in ontwikkelende lande bemoeilik. So is daar ook verskillende beperkings in plattelandse gemeenskappe wat 'n invloed op ekotoerisme-projekte sal hê.

Soos deur die Brundtland kommissie in 1987 uiteengesit word, kan volhoubare ontwikkeling alleenlik plaasvind deur tradisionele- en wetenskaplike kennis te verenig. Hierdie proses kan slegs plaasvind indien die prioriteite van die plaaslike bevolkings nagevors en gekommunikeer word en ook deur die vermenging van tradisionele en moderne metodes.

³⁸ Kyk 1.6.3, bl. 7 en 2.5.1, bl. 19

³⁹ Kyk 2.5.1.1, bl. 21

Aangesien deelname 'n voorvereiste vir volhoubare ontwikkeling is, is deelnemende ontwikkelingskommunikasie tydens die ontwikkeling van 'n toeriste-besienswaardigheid van uiterste belang. Daar is tydens hierdie navorsing en die bestudering van die literatuur bevind dat daar nie 'n enkele outeur op die gebied van ontwikkeling is wat glo dat gemeenskapsbetrokkenheid nie 'n vereiste is vir die sukses van enige ontwikkelingsprojek nie.

Rovelstad (1981:11) bevestig dat deelname 'n kommunikasiepoging vereis. Deurdat bepaalde kommunikasiekanale geskep word tydens deelname deur alle partye, veroorsaak dit dat die ontwikkelaars van so 'n projek ook op die hoogte kan wees van vroeë waarskuwingstekens binne die gemeenskap. Dit is 'n proses wat opvoeding, opleiding en doeltreffende kommunikasie vereis (Mohrmann, 1992:20).

Navorsing het bevind dat indien die verantwoordelikheid vir bewaring na die plaaslike gemeenskap afgewentel word (soos deur 'n deelnemende kommunikasieproses), daar groter inkomste is, nuwe bewaringsaktiwiteite ontstaan wat tot werkverskaffing lei, opvoedingsprogramme volg (sommige met die klem op geboortebepierking) en 'n algemene toename in die belangstelling in terme van omgewingsbewaring plaasvind (Campbell, 1990:191).

Gemeenskapsdeelname in die beplanning en bestuur van 'n toerisme-besienswaardigheid is baie belangrik (Inskeep, 1991:27). Dit is gebaseer op die konsep dat die bewoners van die gebied met die toeriste-besienswaardigheid moet saamleef. Die ontwikkelaars moet die gemeenskappe die geleentheid gee om hul sienings te kan uitdruk deur kommunikasie oor die tipe toeriste-besienswaardigheid waarvan hulle deel wil wees.

3.3.3 EKOTOERISME EN DIE LEER-PROSES

Opvoeding of leer, hetsy van die gemeenskap of die toeris, is by uitstek 'n kommunikasieproses. Dit hou ook verband met deelnemende kommunikasie as daar gekyk word na die volgende definisie: Deelnemende kommunikasie is tweerigting kommunikasie wat inlig, opvoed, motiveer, mobiliseer en organiseer (Ayee, 1993:21)⁴⁰. In dié verband word verder bedoel dat leer ook deur interkulturele kommunikasie sal plaasvind. Leer of opvoeding hou ook in dat sekere aspekte van 'n kultuur van een geslag na 'n ander oorgedra sal word⁴¹.

⁴⁰ Kyk 2.5.3, bl. 26

⁴¹ Kyk 2.5.4, bl. 31 en 2.2.3, bl. 11

Wanneer 'n toeris 'n sogenaamde ekotoerisme-besienswaardigheid besoek, moet dit met leer gepaardgaan (informeel sowel as formeel). Die rede hiervoor is dat opvoeding noodsaaklik vir bewaring (Deacon, 1992:60) en toerisme (Murphy, 1985:45) is. Indien leer nie tydens 'n besoek aan 'n ekotoerisme gebied sou plaasvind nie, is dit nie in wese 'n ekotoerisme-projek nie⁴².

Ekotoerisme verskaf deur kommunikasie die geleentheid vir opvoeding aan mense oor ander kulture en omgewings, maar ook vir die gemeenskap oor hul eie nasionale herkoms. Interkulturele kommunikasie lei tot die uitskakeling van ideologiese en politiese verskille en ook rasse-diskriminasie (Inskeep, 1991:15).

Wanneer toeriste egter rondreis is hulle nie altyd lus vir leer nie, want dit verg inspanning. Leer beteken nie dat die toeris nou skielik al die wetenskaplike name van die diere en plante in die omgewing moet ken nie. Dit hou in dat die toeris bewus moet word van die omgewing, met ander woorde die natuur en die kultuur. Verder moet hierdie nuutgevonde bewustheid van die omgewing die toeris in die toekoms motiveer tot 'n meer positiewe houding teenoor bewaring.

Die toeris kan nie anders as om bewus te raak van die omgewing nie, want volgens die verskeie definisies van ekotoerisme⁴³ blyk dit duidelik dat die toeris blootgestel gaan word aan die omgewing, bewaringskommunikasie en dus hieruit moet leer. In die toekoms sal die toeris hopelik meer positief ingestel wees teenoor die omgewing en genereer dit dikwels ook addisionele inkomste vir die betrokke gemeenskap. Volgens Inskeep (1991:76) het ekotoerisme 'n belangrike opvoedingsrol om te speel en dit is daarvoor verantwoordelik dat die toeriste wat ekotoerisme-besienswaardigde besoek, na die tyd verantwoordelik is vir die ondersteuning van bewaringspogings.

Volgens Jones (1993:147) kan ekotoerisme die toeris bekend stel aan 'n sensitiewe omgewing op 'n verantwoordelike wyse en die toeris inlig en opvoed oor watter verrykende ervaring bewaring kan wees. Die beste manier om 'n omgewing te bewaar is deur opvoeding en goeie kommunikasie (Keats, 1992:128). 'n Omgewing kan bewaar word deur deelnemende ontwikkelingskommunikasie in 'n ekotoerisme-projek, al is die 'n klein projek op 'n wildplaas.

⁴² Kyk 1.2, bl. 1 en 3.3, bl. 46

⁴³ Kyk 3.3, bl. 46

Die woord bewaringskommunikasie is al dikwels genoem. Hiermee word bedoel alle verwante kommunikasie-aktiwiteite wat gerig is op omgewingsopvoeding, inligting en vertolkingsdienste (Verhoef, 1992:36).

Die ander sy van die leerproses in 'n ekotoerisme-projek is van toepassing op die plaaslike gemeenskap. Hulle leer ook in die proses dat bewaring dikwels vir hulle 'n bron van inkomste inhou. Daar moet 'n bewustheid by die gemeenskappe ontstaan dat bewaring vir hulle inkomste beteken, aangesien die toeriste kom om die natuurskoon te bewonder. Die wildboer kan bydra tot hierdie bewustheid deur kommunikasie oor die voordele van ekotoerisme en dat bewaring tot 'n verhoging in inkomste en uiteindelik 'n verbetering van lewenskwaliteit kan aanleiding gee. Die nut van interkulturele kommunikasie moet hier onderstreep word, aangesien die kommunikasie tussen die plaaslike gemeenskappe en die toeriste bydra tot die leerproses.

Daar moet definitief ook van informele opvoedingskanale gebruik gemaak word (Spencer-White, 1992:5). Dit geskied spontaan binne die omgewing. Dikwels gebeur dit ook dat dit 'n reaksie is op iets wat oor die radio, video of elders gehoor is. Hierdie aspek sal later in die hoofstuk⁴⁴ uitgebrei word.

Daar is ook 'n behoefte aan opleiding, deurdat die gemeenskap kennis sal moet maak met die toerisme-bedryf en vaardighede sal moet aanleer, ook dié wat dikwels in die verlede vir hulle onbekend was (Crowling, 1993:4). Die nuwe vaardighede moet met hul inheemse kennis en gewoontes, eie aan hul kultuur geïntegreer word. Die gemeenskap moet beseef dat Suid-Afrika 'n pragtige land is met 'n ryk kulturele erfenis. Indien dit korrek bestuur word kan ekotoerisme welvaart skep wat onder die gemeenskap versprei kan word en sodoende bewaring aanmoedig.

3.4 KULTUUR EN EKOTOERISME

Ekotoerisme is 'n volhoubare ontwikkelingsaktiwiteit en aangesien ontwikkeling beskou kan word as 'n soort van hersosialisering en akkulturasie, onderstreep dit die direkte verband tussen ontwikkeling (ekotoerisme) en die plaaslike kultuur (Vorster, 1989:71). Soos voorheen genoem is⁴⁵ bestaan toerisme uit twee bene, naamlik die natuur en die kultuur. Elkins (1992:194) gaan sover as om te sê dat ontwikkeling meer 'n kulturele as 'n tegniese proses is. Die belangrikheid van die

⁴⁴ Kyk 3.5, bl. 56

⁴⁵ Kyk 1.2, bl. 1

erkenning van plaaslike kulture kom ook in die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP)⁴⁶ van die Regering van Nasionale Eenheid na vore.

Soos reeds genoem⁴⁷ lei toerisme onder meer tot interkulturele kommunikasie. Een van die onderliggende begrippe van ekotoerisme is bewaring en ook van kultuur⁴⁸.

Die bewoners van 'n toeriste-besienswaardigheid verdien respek en begrip vir hul gebruike, geloof en ander elemente van hul kulturele herkoms. Die gebruike, tradisies, geloofspraktyke, heilige gebiede en plaaslike taboes moet gerespekteer word (Inskeep, 1991:33). Die plaaslike gemeenskap se argeologiese en kulturele skatte moet bewaar word, want 'n onbederfde kulturele, natuurlike en menslike omgewing is 'n fundamentele voorvereiste vir die ontwikkeling van 'n ekotoerisme-projek (Inskeep, 1991:33).

Dit is egter belangrik dat die inherente, onderskeibare en unieke karakter van die omgewing (natuur en kultuur) outentiek ontwikkel word (Inskeep, 1991:75). Vir artefakte en kunste om outentiek te wees, moet dit gegrond wees op die dag tot dag lewe van die plaaslike gemeenskap, asook hul historiese tradisie (Mathieson & Wall, 1984:176).

Inheemse gemeenskappe is dikwels al geïgnoreer, maar word nou gesien as sleutelspelers in plaaslike ontwikkelingsprogramme en in die bestuur van ekosisteme⁴⁹. Enige poging om die omstandighede van inheemse bevolkings te verbeter sal meer suksesvol wees as die tradisionele gewoontes en kennis in ag geneem word (Psacharopoulos & Patrinos, 1994:34). Die belangrikheid van die gebruik van die inheemse kennis en -kommunikasiesisteme word ook deur die United Nations Children Fund onderstreep (UNICEF, 1985).

Inheemse mense is afhanklik van spesifieke stukke landbougrond en ander gebiede vir hul ekonomiese oorlewing, sosiale vooruitgang en kulturele oorlewing (Davis & Patridge, 1994:38). Volgens Chambers (1983:94) is inheemse kennis as volhoubaar bewys en dit beïnvloed mense se lewensomstandighede op 'n direkte wyse. Wanneer ontwikkeling plaasvind moet gepoog word om die tradisionele en die wetenskaplike kennis te integreer - sodat 'n sogenaamde derde of ander

⁴⁶ Kyk ook 3.2, bl. 43

⁴⁷ Kyk 1.2, bl. 1

⁴⁸ Kyk 3.3, bl. 46

⁴⁹ Kyk 2.5.5, bl. 34

kultuur ontstaan. Dit kan alleenlik deur kommunikasie geskied. Soos voorheen verduidelik is, is dit wanneer die betrokke partye 'n tydelike en "nuwe" kultuur deur hul interaksie met mekaar skep⁵⁰.

Nuwe inheemse organisasies moet ontstaan wat gebaseer is op die uitwissing van negatiewe houdings teenoor inheemse mense, deelname in plaaslike besluite en formulering van ontwikkelingsbeleide, uitbouing van inheemse taal en kultuur en die handhawing van beheer oor inheemse grond en natuurlike hulpbronne.

Aangesien ekotoerisme volhoubare toerisme is en dus die konsep van volhoubare ontwikkeling omvat, kan dit ekonomiese en kulturele voordele vir die gemeenskap inhou. Die rede hiervoor is dat die gemeenskap deur deelnemende ontwikkelingskommunikasie meer betrokke sal wees as hulle 'n sê het en hulle dan self bewaring kan toepas (Jones, 1993:148). Die langtermyn volhoubaarheid van die projek asook die uiteindelijke verhoging van lewenskwaliteit hang van die ondersteuning van die gemeenskap af.

Ekotoerisme kan dus as 'n stimulant optree van die sosiale en kulturele ontwikkeling in die plaaslike gemeenskap. Soos duidelik sal blyk, dra ekotoerisme by tot herwinning van kulturele trots en kruis-kulturele uitruiling (Inskeep, 1991:370).

3.5 EKOTOERISME IS 'N KOMMUNIKASIEPROSES

Die rede waarom kommunikasie eers op hierdie laat stadium in die hoofstuk aangedag kry, is omdat dit die bindende faktor tot sukses van enige ekotoerisme-projek is. Al die bestanddele kan teenwoordig wees, maar indien ontwikkelings- en inter-kulturele kommunikasie, as "gom" ontbreek, sal die projek nie suksesvol wees nie.

Dit is belangrik om te beseft dat ontwikkelingskommunikasie nie gedefinieer mag word in terme van die Noordelike halfmond nie⁵¹ (White, 1990:23). Elke ontwikkelingsaktiwiteit vereis inligting en kommunikasie.

Volgens Savio (1990:7) is die feit dat kommunikasie ontwikkeling kan aanhelp tot onlangs nog nie goed beseft nie. Die kommunikasie wat moet plaasvind moet horisontaal wees, gekarakteriseer deur interaksie. Dit moet 'n twee-rigting proses wees en die idees van die plaaslike gemeenskap insluit, asook hul ervarings, visie en kennis. Daar moet goeie kommunikasie en sterk positiewe interaksie tussen die

⁵⁰ Kyk 2.5.4, bl. 31

⁵¹ Kyk 2.5.1.1, bl. 21

toeriste en die gemeenskap tydens so 'n besoek aan 'n ekotoerisme-besienswaardigheid voorkom.

Sonder terugvoer is dit ook nie deelnemende kommunikasie in die ware sin van die woord nie. Terugvoer moet veral tussen die wildboer en die jagtersgidse plaasvind. Daar moet kommunikasie op grondvlak wees, veral tussen die beplanners, besluitnemers en die res van die gemeenskap, andersins kan die projek nie aangepas word soos dit vorder nie (Savio, 1990:8).

Dit is nie altyd so maklik om goeie samewerking en kommunikasie tussen al die betrokke partye te bewerkstellig nie, as gevolg van 'n gebrek aan vertroue en ook die sosiale en kulturele verskille tussen die betrokke partye (Hough, 1988:131). Interkulturele kommunikasie moet genoegsaam gebruik word sodat dit die kulturele gaping kan oorbrug.

Interkulturele kommunikasie kan lei tot beter wedersydse begrip, asook toleransie van verskillende waardesisteme en tradisies (Mathieson & Wall, 1984:168). Die geleentheid word geskep vir begrip van ander mense se kulturele agtergrond (Inskeep, 1991:371). Dit kan bydra tot die groter sukses van 'n ekotoerisme-projek. Hierdie suksesvolle projek kan op sy beurt weer tot voordeel van die plaaslike gemeenskap strek.

3.5.1 DIE BYDRAE VAN DIE MEDIA TOT EKOTOERISME

In hierdie studie word daar nie in diepte aandag gegee aan mediavorme of informele kanale wat kan bydra tot die ontwikkeling van 'n klimaat vir ekotoerisme nie. Die rede hiervoor is die aard van die empiriese ondersoek. Soos reeds genoem⁵² is die navorsing nie op 'n grootskaalse ekotoerisme-projek gedoen nie en die samestelling van die steekproef van respondente leen hul nie tot die toetsing van die media as veranderlike nie en daar is voorts nie tydens die navorsing vir die rol van die media in dié spesifieke ekotoerisme-projek getoets nie. Daarom is die bydrae van die media tot die spesifieke ekotoerisme-projek moeilik bepaalbaar.

Die plaaslike gemeenskap besit weinig televisiestelle, maar radio is goed verteenwoordig. Verder, wanneer daar sekere opvoedkundige programme oor die radio uitgesaai word, is dit nie noodwendig op 'n geleë tyd nie. Daar gaan daarom hier net gepoog word om 'n paar voorbeelde te noem wat op plaaslike vlak kan bydra

⁵² Kyk 1.5.2, bl.5

tot opvoeding en ontwikkeling. Wanneer hier na media verwys word, word die massamedia bedoel.

Volgens Groenewald (1992:61) het gemeenskappe 'n behoefte aan inligting, opvoeding en vermaak en die media moet aan hierdie behoefte voldoen. Die media kan dus bydra tot die leerproses wat 'n integrale deel van ekotoerisme vorm⁵³. Beide die plaaslike gemeenskap en die toeris kan leer deur van die massamedia gebruik te maak. Verder kan die massa-media 'n daadwerklike bydrae lewer tot die verbetering van lewenskwaliteit in sekere gemeenskappe, mits die media so aangewend word dat dit bepaalde behoeftes in die gemeenskap bevredig. Die behoeftes van ontwikkelende en ontwikkelde gemeenskappe verskil egter dikwels⁵⁴. Net so verskil die behoeftes van plattelandse gemeenskappe van die behoeftes van die inisieerders van boodskappe in die media.

Vorme van massamedia wat veral van toepassing is in die studie is die radio en tot 'n mindere mate televisie. Tegnologie wat al met welslae in ontwikkelingsprojekte gebruik is, is video, gemeenskapsradio en dramas of verhoogstukke. Wanneer tegnologie gebruik word moet dit toeganklik wees vir die plaaslike gemeenskap en tot 'n mate gegrond wees in hul eie kultuur. Daar is van die grondeienaars, wat televisiestelle aan hul werkers beskikbaar stel.

Soos aangedui⁵⁵, is daar ook vorme van inheemse kommunikasiesisteme wat bydraend tot die funksie van opvoeding, inligting en vermaak kan wees. Hierdie inheemse kommunikasiesisteme is veral aanvullend tot die boodskappe wat deur die massamedia oorgedra word. Dikwels vind opvoeding en opleiding spontaan plaas, nadat dit deur 'n ander kanaal geïnisieer is. So kan die wildboer moontlik die opvoeding inisieer en kan dit verder uitkring in die plaaslike gemeenskap.

Die informele kanale in die gemeenskap het 'n belangrike rol om te speel. Daarom kan die belangrikheid van inheemse kommunikasiekanale nie onderskat word nie. Ouers het ook 'n plig om noodsaaklike inligting oor ekotoerisme (met die gepaardgaande voordele) aan hul kinders te kommunikeer. Die inheemse kommunikasie is noodsaaklik sodat die samelewing kan bly voortbestaan en gewoontes en gebruike van die een geslag na die volgende oorgedra kan word. Boodskappe moet mekaar aanvul vir optimale leer (Groenewald, 1992:62).

⁵³ Kyk 3.3.3, bl. 52

⁵⁴ Kyk 2.5.1.1, bl. 21

⁵⁵ Kyk 2.5.5, bl. 34

Daar is tegnologie beskikbaar wat kan aanpas by die plaaslike kultuur, taal en ontwikkelingsprobleme, soos byvoorbeeld die radio, video's en besprekings met behulp van "begeleiers" van dit wat deur die media oorgedra word. Die werklike behoeftes van die gemeenskap kan so aangespreek word (Childers, 1990:15). Groenewald (1992:63) meen dat leerprogramme met onderrigprogramme aangevul moet word. Onderrigprogramme help die gehore om op 'n progressiewe wyse hul kennis uit te brei, terwyl leerprogramme op 'n meer informele manier tot 'n verryking van kennis aanleiding kan gee.

Wanneer boodskappe in enige mediavorm oorgedra word, moet dit gebaseer wees op die inheemse kennis van die plaaslike gemeenskap. Verder moet dit deelnemend van aard wees deurdat daar geleentheid is vir terugvoering. Terugvoering sal veral van toepassing wees waar kundige "begeleiers" gebruik word (Groenewald, 1992:63).

Wanneer die media boodskappe saamstel vir ontwikkelende gemeenskappe moet die nuuswaardes wat deur die media gebruik word, positief wees en gebaseer wees op die behoeftes van die ontwikkelende land. Galtung (1990) voer aan dat die nuuswaardes een van "well-being" moet wees. Ontwikkeling moet as 'n drama voorgestel word, as 'n verhouding tussen subjekte en objekte waar deelname en demokrasie onderliggende temas is (Galtung, 1990:19).

Groenewald (1992:75) som dit op met die volgende stelling: "In Suid-Afrika sal die bydrae van veral die elektroniese media maksimaal benut kan word as dit gepaard gaan met vrywillige en gekoördineerde samewerking van diegene in ontwikkelende gemeenskappe wat self 'n bydrae wil lewer tot hul ontwikkeling as volwaardige landsburgers."

3.6 DIE BESLUIT VIR OF TEEN EKOTOERISME

Alhoewel dit dalk so mag voorkom, is ekotoerisme nie noodwendig die enigste antwoord vir 'n suksesvolle ontwikkelingsprojek nie. Dit is daarom belangrik dat deeglik navorsing gedoen word of dit binne 'n spesifieke gemeenskap wel 'n volhoubare alternatief gaan wees.

Whelan (1991:20) vat dit saam deur te sê dat ekotoerisme nie opsigself verdwynende ekosisteme sal red of omgewingskade verminder of ekonomiese voordeel vir 'n plaaslike gemeenskap inhou nie. 'n Ekotoerisme-projek moet ook die plaaslike gemeenskap deur deelnemende ontwikkelingskommunikasie betrek. As

dit volhoubare ontwikkeling is kan dit wel 'n belangrike bydrae tot die welvaart van die plaaslike gemeenskap lewer.

Volgens Hattingh (1994c:1) is dit belangrik om te onthou dat ekotoerisme eersens nog toerisme bly en daarna volg ander aspekte wat voortvloei as gevolg van toerisme, soos ekonomiese voordeel, bewaring en andere.

3.6.1 DIE POSITIEWE EN NEGATIEWE IMPAK VAN EKOTOERISME

Ekotoerisme ontwikkel om verskeie redes. Een doelwit is die generering van ekonomiese voordele en buitelandse valuta (Inskeep, 1991:15; Mathieson & Wall, 1984; Foster, 1989:15; Bull, 1993:157; Gunn & Taylor, 1994:79; Ryan, 1992; Coltman, 1989:223; Smith, & Eadington, 1992:2; Whelan, 1991:4; Bryden, 1973:72, Hattingh, 1994). 'n Ander doelwit soos vroeër beskryf⁵⁶ is die verbetering van lewenskwaliteit.

Toerisme lei tot werkverskaffing, dit stimuleer entrepreneurs en werkskepping, genereer buitelandse valuta, stimuleer en diversifiseer die ekonomie en moedig die produktiewe gebruik van hulpbronne aan (World Tourist Organization, 1992).

Ekotoerisme is ook van sosiale belang deurdat dit mense van verskillende agtergronde, politieke oortuigings en opvoedingsvlakke deur interkulturele kommunikasie bymekaar bring (Foster, 1989:13).

'n Belangrike aspek van die ekonomiese voordeel van ekotoerisme is die onderskeid tussen die direkte- en indirekte uitgawes wat deur die toeriste aangegaan word. Direkte uitgawes is die voor-die-handliggende uitgawes wat deur die toeriste aangegaan word, soos byvoorbeeld om vir hul akkommodasie te betaal. Indirekte uitgawes is 'n resultaat van die direkte uitgawes soos byvoorbeeld werkskepping. Hierdie uitgawe is ook nie altyd dadelik sigbaar nie. Dit word die sogenaamde vermenigvuldiger-effek genoem (Foster, 1989:15 Sherman & Dixon, 1991:97; Harrison, 1992:13).

Die vermenigvuldiger-effek is wanneer 'n aanvanklike besteding in die ekonomie herhaaldelik weer bestee word, wat tot 'n vermenigvuldigingseffek aanleiding gee. 'n Voorbeeld is wanneer 'n toeris geld in 'n ekonomie bestee deur byvoorbeeld te betaal vir akkommodasie, dit lei tot die skep van 'n werksgeleentheid, die persoon wat nou werk gebruik weer sy vergoeding vir die koop van 'n sekere

⁵⁶ Kyk 2.6, bl. 39

verbruiksartikel, die ontvanger van die besteding brei weer sy winkel uit, en so gaan die effek voort.

Bewaring is 'n ander hoofdoelwit, naamlik die bewaring van natuur en kultuur⁵⁷ (Inskeep, 1991:15; Mathieson & Wall, 1984; Gunn & Taylor, 1994:92; Coltman, 1989:221; Pigram, 1992:76; 1993; Hattingh, 1994; Word Bank, 1992:36; Rogers & Slinn, 1993:160; Whelan, 1991:7). Bewaring moet geskied ten opsigte van die natuur, kultuur, argeologiese en historiese liggings en lei tot die verbetering van die omgewingskwaliteit. Bewaring word deur deelnemende ontwikkelingskommunikasie in ekotoerisme-projekte bevorder.

Die voordeel van ekotoerisme is deur Murphy (1985:30) beskryf deur die volgende aanhalings: "There is no better bridge between people, ideas, ideologies and cultures than travel. It can nurture understanding within a country and between countries (Powell, 1987). Ikaiser & Helber (1978) sluit hierby aan:

"Tourism in its broadest, generic sense, can do more to develop understanding among people, provide jobs, create foreign exchange and raise living standards than any other economic force known."

Beide die aanhalings beklemtoon die noodsaaklikheid van ekotoerisme in Suid-Afrika. Verder word die absolute onmisbaarheid van kommunikasie weer onderstreep.

Volgens Inskeep (1991:344) lei bogenoemde doelwitte tot 'n verbetering van lewenskwaliteit. Soos reeds gemeld, is lewenskwaliteit nie net die fisiese aspekte nie, maar ook aspekte soos vryheid, sekuriteit, estetiese en kulturele waarde, politieke gelykheid, gesondheid, psigologiese behoeftes en andere. Bartelmus (1986:3) verwys spesifiek na opvoeding, vermaak en rekreasie as aspekte wat lewenskwaliteit verhoog.

Daar is 'n algemene gevoel dat negatiewe impakte geminimaliseer kan word deur goeie beplanning (Inskeep, 1991:334; Bull, 1994:83; Boo, 1992:14; Sherman & Dixon, 1991:107). Dit is belangrik dat daar 'n onderskeid getref word tussen wat die skade is van toerisme en wat dalk die gevolg mag wees van swak beplanning. Negatiewe impakte kan deur goeie kommunikasie tydens die beplanning en bestuur van ekotoerisme-projekte verminder word.

⁵⁷ Kyk 3.3.1, bl. 49

Besoedeling is 'n negatiewe impak wat sterk figureer, hetsy water-, lug-, geraas-, gesigs-, afvalbesoedeling of ander skade aan die natuurlike en kulturele omgewing. Coltman (1989:370) voeg by dat indien 'n toeriste-besienswaardigheid tot omgewingskade lei dit addisionele koste het deurdat nuwe wildernisareas geskep of gerestoureer moet word. Verder meen Lea (1988:7) dat daar ook die koste van invoere kan wees, aangesien sommige noodsaaklike middele nie plaaslik beskikbaar is nie.

Toerisme het ook negatiewe sosiale impakte deurdat daar te veel mense vir die infrastruktuur is, die blootstelling van arm bevolkings aan rykdom van ander mense kan tot spanningsvolle situasies aanleiding gee, die assimilasië van 'n vreemde kultuur kan plaasvind en daar kan 'n toename in ongewenste aktiwiteite plaasvind soos prostitusie en dobbelary (Mathieson & Wall, 1984:174; Lea, 1988:7). Die feit dat toerisme so seisoengebonde is, hou ook negatiewe aspekte in (Boo, 1992:14).

'n Negatiewe impak wat veral nadelig kan wees is die assimilasië van vreemde kulture deur die plaaslike gemeenskap. Aangesien etnotoerisme en ook die plaaslike kultuur as onderdeel van ekotoerisme, onmisbaar is, spreek dit vanself dat die plaaslike kultuur 'n trots in die eie moet kweek. Die plaaslike kultuur sal egter nie noodwendig aan so baie toeriste blootgestel word nie, want ekotoerisme is nie 'n vorm van massatoerisme nie.

3.6.2 DIE ONTWIKKELING VAN 'N EKOTOERISME-BESIENSWAARDIGHEID

Wanneer daar besluit word oor die ontwikkeling van 'n ekotoerisme-besienswaardigheid moet alle ekonomiese en sosiale faktore ontleed en gemeet word. Al is die netto voordele van die moontlike bedryf van 'n ekotoerisme-besienswaardigheid positief, beteken dit nie noodwendig dat dit die beste alternatief is nie. Dit moet eers opgeweeg word teen die voordele van die ander moontlike ontwikkelingsprojekte en kommunikasie met die plaaslike gemeenskap moet hieroor plaasvind. Elke stuk landbougrond moet tot sy volle potensiaal gebruik word, met ander woorde optimale benutting moet plaasvind (Sherman & Dixon, 1991:94).

Volgens Mathieson & Wall (1984: 6) is dit nie altyd so maklik om die impak van toerisme te meet nie, op grond van die volgende redes:

- Dit is moeilik om die omgewingsveranderings te meet, want die mens leef al vir duisende jare op die aarde en daar is dus nie 'n konstante basis om teen te meet nie.
- Dit is ook moeilik om die invloed van die mens op die natuur te isoleer en te meet.
- Die impak van toerisme is tot 'n groot mate subtiel en verskans en gevolglik moeilik om te meet.
- 'n Moontlike negatiewe impak kan op een plek gebeur en terselfdertyd iewers anders 'n negatiewe uitwerking hê of die effek kan eers met verloop van tyd duidelik word.
- Dit is ook moeilik om te bepaal watter aanduiders die beste doel sal dien.

In die proses van 'n besluit vir of teen ekotoerisme moet die bewaring van die omgewing in ag geneem word. Wanneer dit gedoen word, moet die drakrag van die omgewing bepaal word (Coltman, 1989:242; Thompson, 1992:261). Wanneer die drakrag van die omgewing oorskry word is dit sigbaar uit die veranderende gedrag van diere. Voorbeelde hiervan is diere wat wegtrek, uitsterf of van gewoontes verander. Die drakrag van die omgewing het ook 'n invloed op die inwoners deurdat die oorskryding daarvan sigbaar word as die plaaslike gemeenskap ongelukkig begin voel met die aantal toeriste in die omgewing.

Enkele ander aspekte om in ag te neem is toeganklikheid en vervoer, markevaluasie, akkommodasie, finansiële aspekte, die ligging, omgewingsimpak en ander impakte (Foster, 1989:41). Hier kan dit net kortliks genoem word dat 'n ekotoerisme-projek gemik is op 'n spesifieke teikengroep. Hul behoeftes ten opsigte van byvoorbeeld akkommodasie sal aansienlik verskil van dié van ander teikengroepe.

Vir die besluit vir of teen ekotoerisme moet daar ekonomiese vrae op finansiële en sosiale vlak gevra word. Dit is goed as daar 'n finansiële ontleding gedoen word, maar daar is baie aspekte wat nie direk gemeet kan word nie, byvoorbeeld die koste of voordeel verbonde aan bewaring (Sherman & Dixon, 1991:91). Daarom word 'n sosiale welvaartsanalise as die beste metode aanbeveel.

Die analise onderskei tussen privaat-, finansiële en sosiale voordele. Privaat-voordeel is die voordeel wat 'n individu toekom (finansiëel) deur die bedryf van 'n toeriste-besienswaardigheid, soos byvoorbeeld die wilddedryf. Sosiale voordeel is die voordeel wat die gemeenskap ontvang deur die bedryf van 'n ekotoerisme-besienswaardigheid. Finansiële voordeel is voor-die-hand-liggend.

3.7 EKOTOERISME IN THABAZIMBI

In die laaste hoofstuk van die studie sal die verband getrek word tussen die literatuurstudie en die empiriese navorsing. Daarom gaan daar nou slegs aandag gegee word aan hoe die ekotoerisme-beginsel binne die navorsingsgebied kan funksioneer.

Thabazimbi is 'n ekotoerisme-paradys. Volgens Mathieson & Wall (1984:44) moet gebiede soos dié hul natuurlike hulpbronne volhoubaar gebruik, want: "Africa has an enormous comparative advantage over the rest of the world in producing wildlife and can do it on land unsuited to almost anything else". Boo (1992:16) bevestig die lewensvatbaarheid van die wildbedryf deur die volgende aanhaling: "Wildlife can pay wildlife".

Een van die onderliggende beginsels van ekotoerisme en die sleutel tot sukses in die Thabazimbi-wildbedryf word goed uiteengesit in die boek van Thompson: *The Wildlife Game* (1992). Volgens hom moet die wildlewe-kultuur in harmonie wees met al die ander subkulture. Wild moet net soos huisdiere, 'n integrale en essensiële deel vorm van die mense se bestaan. Slegs dan sal dier en uiteindelik ook die mens kan oorleef.

Dit is van primêre belang dat die plaaslike gemeenskap moet beseft dat die wildlewe nie hul vyand is nie, maar wel 'n potensiële bron van inkomste, sonder dat dit gejag word. Hierdie bewustheid kan deur deelnemende ontwikkelings-kommunikasie verhoog word. Die mens en die dier behoort aan dieselfde sisteem en die vernietiging van die een sal uiteindelik tot die uitsterf van die ander aanleiding gee. Daar is volgens Thompson (1992:46) geen beter manier om geld oor te dra van ryk gemeenskappe in ontwikkelde lande na arm mense in ontwikkelende lande nie, as om die plaaslike bevolking toe te laat om wettiglik op 'n volhoubare basis van die wild te gebruik.

Die gemeenskap moet op hul beurt weer trots "kweek" op hul eie kultuur, tradisies en inheemse kennis. Indien 'n ouer 'n jagtersgid is of goed kan handwerk doen is kinders dikwels nie trots daarop nie. Ekotoerisme beskik oor die potensiaal om weer dié trots te hervestig. Die trots kan van geslag tot geslag deur kommunikasie en die inheemse kennissisteme oorgedra word. Interkulturele kommunikasie tussen die jagtersgidse en die jagters kan ook die trots bevorder, deurdat belangstelling in die plaaslike kultuur van die jagters se kant af getoon word en die finansiële voordeel kan ook as aanmoediger dien.

“Ecotourism could become a valuable money-spinner” (Rasian, 1993:32). Daar is bemoedigende tekens dat die owerhede in sommige van die plattelandse gebiede begin besef dat bewaring deur middel van toerisme, in finansiële terme omskep kan word wat opsigself entoesiasme vir bewaring aanwakker (Schoeman, 1988:119).

3.8 ‘N VISIE VAN EKOTOERISME

Soos dit tot dusver in die hoofstuk aangetoon is, is ekotoerisme ‘n werkbare alternatief, mits daar met deelnemende kommunikasie gestreef word na ‘n volhoubare oplossing. Daar gaan nou aan die hand van voorbeelde gepoog word om aan te dui hoe ekotoerisme op gemeenskapsvlak selfs op klein-skaal ‘n verskil kan maak en hoe die gemeenskap kan beweeg na beter lewenskwaliteit. Dit word gedoen om by doelstelling een aan te sluit sodat meer perspektief verkry kan word oor hoe die wildboer ‘n ekotoerisme-praktyk kan beoefen. Dit is belangrik om te noem dat hierdie nie die enigste twee voorbeelde is nie. Daar is vele toepaslike voorbeelde waarvan slegs twee genoem word.

Die sleutel tot die probleem van omgewingsagteruitgang lê opgesluit in die woorde van Chief Seathl, ‘n Indiaanse hoofman wat gestry het teen die vernietiging van die natuur en die skep van reservate vir Indiane, in ‘n brief aan die Amerikaanse regering in 1855 (Daly, 1991:12):

I have seen a thousand rotting buffaloes on the prairies, left by the whiteman who shot them from a passing train. I am a savage and I do not understand how the smoking iron horse can become more important than the buffalo that we kill only to stay alive. What is man without the beasts? If all the beasts were gone, men would die from great loneliness of spirit, for whatever happens to the beasts also happens to man. All things are connected. Whatever befalls the earth befalls the sons of the earth.

Die mens en sy omgewing is nie vyande van mekaar nie - hulle moet harmonieus saamleef.

In die meerderheid plattelandse gemeenskappe in die Suidelike halfrond is die wildewe vir lank deur die plaaslike bevolkings as hul vyand beskou aangesien hulle dit as ‘n bedreiging gesien het. Daar het in die verlede ‘n breuk met die natuur gekom. Die mens was altyd ‘n jagter, maar nou het hy ‘n boer geword en die diere en voëls het sy vyande geword, want hulle wil die plante vernietig. Die wilde

diere eet hul beeste se gras, vang hul diere as prooi, vertrap die mielies of ander gesaaides of bedreig en vang selfs van die bevolking. Daarom is die wilde diere en ook hul natuurlike habitat verwoes. Wildlewebewaring, ook dié wat potensieel gevaarlike diere insluit, moet plaaslike gemeenskappe betrek en bevoordeel (Jacobsohn, 1992:213).

Die voorbeeld van Purros in Namibië, soos deur Jacobsohn (1992) beskryf, gaan hier genoem word. Die gemeenskap het ook 'n negatiewe houding teenoor wildlewe gehad en daar was min trots onder die plaaslike gemeenskap self. Hulle was nie trots op hul eie kennis van die natuur of die vermoë om kunswerke te vervaardig nie. Verder was hul glad nie geneë met die toeriste wat oor hulle landbougrond loop, foto's neem sonder om te vra en bloot net ongeskik is nie.

'n Ekotoerisme projek is hier geloods wat uit drie fasette bestaan het. Eerstens moes al die toeriste wat die gebied besoek, 'n sekere fooi aan die gemeenskap betaal, tweedens is lede van die gemeenskap gebruik as jagtersgidse of ander werkers en derdens is 'n mark gestig waar van die gemeenskap se kuns- en handwerk verkoop kon word.

Die voordele wat die gemeenskap nou uit die projek ontvang het, is direk gekoppel aan die wildlewe en bewaring, en die gemeenskap is deur kommunikasie terdeë daarvan bewus dat toeriste primêr na die area kom om die wildlewe te besigtig. Dit is te verstane dat die aanvanklik vyandige gemeenskap nou 'n baie positiewe houding teenoor die wildlewe en toerisme het.

So 'n projek gee die gemeenskap die geleentheid om geld te verdien sonder om te plak naby 'n dorp of om die gebied te verlaat. Hulle het ook nou toegang tot 'n kontant-ekonomie. Die plaaslike gemeenskap voel hulle het beheer oor hoe die toerisme plaasvind en ontmoet die toeriste as gaste en gelykes.

Een van die volksvaders het dit as volg opgesom: "It is as if we are farming wild animals, but instead of getting meat and skins of them, we get the money that the tourists pay to see them. That is why we must look after our wildlife" (Jacobsohn, 1992:214).

Die gemeenskap is nou positief georiënteer teenoor bewaring van die omgewing, kultuur en die natuur. Verder vind verstedeliking glad nie meer op so 'n groot skaal plaas nie. Sommige van die mense het selfs teruggekeer van die stad af.

‘n Ander baie belangrike aspek is die feit dat daar nou weer ‘n trots in die “eie” van die gemeenskap is. Die plaaslike kulture en inheemse kennis geniet voorrang⁵⁸. Voorheen is die vermoë om kunswerke te kan maak, die kennis van die natuur of goeie vaardighede as ‘n jagtersgids, as onbelangrik beskou - nou is dit iets om op trots te wees. Daar is ‘n hernieude belangstelling in die wildlewe, asook meer respek vir die ouer generasies wat nader aan die natuur geleef het as vandag se mense. Hierdie is ‘n baie belangrike punt - ook deel van die Heropbou en Ontwikkelingsprogram van die Regering van Nasionale Eenheid (HOP)⁵⁹.

Die mense van Purros in Namibië was so gemotiveer dat een ouer sy seun na die natuurbewaarders toe gevat het nadat hy wederregtelik ‘n bok geskiet het. Hy moes voor die hof gedaag word en die vader sou sy seun se skuld betaal met ‘n bees van sy kudde. Sy woorde was: “My family agreed that we would not kill our wildlife and Himba people do not go back on their word” (Jacobsohn, 1992:214).

‘n Soortgelyke projek is die Campfire-projek in Zimbabwe. Die woord Campfire staan vir “Community (Communal) Areas Management Project for Indigenous Resources” (Thompson, 1992:34). Zimbabwe het gewys dat dit belangrik is vir die plaaslike gemeenskap om direk baat te vind by toeriste-besienswaardighede, hetsy deur werkverskaffing of kontant (Cater, 1989:46).

Die projek is geloods in areas waar wild tradisioneel deur die inwoners beskou is as of ‘n gevaar vir hul lewens of as ‘n bedreiging vir hul beperkte bestaansmiddele (Anon, 1992b:261). Die gebiede het ook nie altyd baie landboupotensiaal nie. Campfire erken die gemeenskappe se regstreekse betrokkenheid by die wildlewe en moes besluit hoe om die mense se negatiewe benadering na die positiewe om te swaai.

Dit is gedoen deur in elke dorpie ‘n wilddorpie te stig wat regstreeks as ‘n distriks-komitee rapporteer wat weer regstreeks kommunikeer met die Parkeraad wat die gemeenskappe weer terugvoer gee deur die bediening van raad oor bewaring. Die basiese motivering is die voordele wat dit vir die gemeenskappe inhou.

Daar is geld te maak met konsessies aan grootwildjagters en met die verkoop van jagtrofeë. Die grootste aandeel hiervan kom nou die betrokke gemeenskap toe. Die gemeenskap is op sy beurt bewus dat jagters nie onbeperk kan skiet sonder om hierdie bron van inkomste en die omvang van hul wildbete skade aan te doen nie.

⁵⁸ Dit verwys na die etnotoerisme onderdeel van ekotoerisme

⁵⁹ Kyk ook 3.2, bl. 43

Kwotas word gevolglik vasgestel op advies van die dorpskomitees wat na die distrikkomitee en die Parkeraad deurgegee word. Eintlik kom dit in die praktyk neer op 'n goedgeмотiveerde uitdunningsbeleid wat nie die veilige perke oorskry nie.

'n Baie belangrike aspek is dat die plaaslike gemeenskap tog die geleentheid gegee moet word om van die hulpbronne te benut. Hulle kan op gekontroleerde wyse deelneem aan die uitdunning van wild vir eie gebruik, vuurmaakhout kry en van die gras gebruik vir behuising.

Ander voorbeelde is die Sand Rivier Wildreservaat in Swaziland en Ntshondwe Kamp in die Itala Wildreservaat in Natal (Anon, 1992c:6-7).

Gemeenskappe wat in die verlede die sosiale koste moes dra vir wildlewe-bewaring, kry nou tasbare voordele vir hul bewaringsinisiatief in die vorm van die toeris wat die gebied besoek (Anon, 1992b:247).

Ook in die bekende Nasionale Kruger Wildtuin begin nuwe neigings na vore tree. Daar is vele plattelandse gemeenskappe wat gedwing is om te verskuif, sodat hul grond gebruik kon word vir die daargestelling van wildtuine en natuurreservate. Hoofman Joas Makuleke eis vandag sy mense se grond terug (Koch, 1995:1). Bewaringsagente se vrese dat die plaaslike gemeenskap hul beeste sal terugbeweeg in die wildtuin in en die natuur vernietig, blyk ongegrond te wees. Hoofman Makuleke is saam met die Nasionale Parkeraad besig met same-sprekings om 'n toeriste-oord naby die plaaslike gemeenskap se grond op te rig. Die voordele uit die ontwikkeling teenaan die Luhuvu rivier verkry, sal dan tot 'n verhoging in die lewenskwaliteit van die plaaslike gemeenskap bydra.

Plaaslike gemeenskappe het dikwels in die apartheidsera die koste gedra vir hul gedwonge verskuiwing sonder om materiële vergoeding of geestelike voordele uit die toerisme-industrie te verkry. Vandaar die negatiewe beeld van bewaring. Satoer se beleidsdokument bevestig bogenoemde veranderende neigings verder deurdat 'n opname onder die plaaslike gemeenskappe rondom die Pilanesberg Nasionale Park aangedui het dat meer as 70 persent van die plaaslike gemeenskap die Park se voortbestaan ondersteun. Hierdie is 'n merkbare skuif van die negatiewe houdings wat geheers het tydens die ontstaan van die Park (Koch, 1995:2).

Dié nuwe beleidsdokument van Satoer poog om te verseker dat plaaslike gemeenskappe, soos die Makulekes voordeel sal trek uit ekotoerisme-besienswaardighede, eerder as om daardeur benadeel te word (Koch, 1995:1).

Uit bogenoemde blyk dit dat ekotoerisme-projekte suksesvol kan wees mits daar aandag gegee word aan die drie boustene van ekotoerisme, naamlik bewaring, die inligtingsfunksie aan toeriste en die omliggende gemeenskap moet daarby baat. Sukses is dus hier verkry deur deelnemende ontwikkelingskommunikasie.

3.9 SLOT

Daar is 'n algehele tendens wêreldwyd om terug te keer na die natuur, na die eenvoudige. Die antwoorde vir baie van die probleme lê daarom ook opgesluit in die natuur.

Die natuur is deur God aan die mens gegee om te bewoon, te bewerk en te bewaar. God het lank reeds in Sy Raadsplan besluit vir hoe lank die aarde nog volhoubaar gaan wees. Dit opsigself beteken dat die mens se pogings in 'n stadium futiel gaan wees. Dit beteken egter nie dat ons nou maar kan sê: "Laat Gods water maar oor Gods akker vloei nie". Nee, daar is 'n verantwoordelikheid teenoor God om na die beste van ons vermoëns te woeker.

In hierdie hoofstuk is die begrip ekotoerisme ontleed met spesifieke verwysing na kommunikasie. Ekotoerisme blyk die antwoord te wees op ekonomiese en bewaringsprobleme, mits dit deur deelnemende ontwikkelingskommunikasie reg bestuur word. Deelname, die inagneming van die plaaslike inheemse kennis en kommunikasiesisteme en volhoubare ontwikkeling is onontbeerlik in die proses.

In die volgende hoofstukke gaan die empiriese ondersoek bespreek word. Die resultate sal aangetoon word en geïnterpreteer word. Die empiriese ondersoek is geskoei op die literatuurstudie en teorie.

HOOFSTUK 4 EMPIRIESE ONDERSOEK

4.1 INLEIDING

Die probleemstelling van hierdie studie is om te bepaal of ekotoerisme en die ontwikkelings- en interkulturele kommunikasie⁶⁰ daaraan verbonde binne ontwikkelende gemeenskappe sal lei tot 'n verbetering in die lewenskwaliteit van die spesifieke gemeenskap.

Die teoretiese uitgangspunte⁶¹ word as basis gebruik vir die empiriese ondersoek. Bepaalde insette word dus vanuit dié teoretiese uitgangspunte, in dié geval 'n kombinasie van interkulturele en ontwikkelingskommunikasie verkry sodat die navorsing op 'n wetenskaplike wyse kan plaasvind.

Die empiriese studie is gedoen binne die Thabazimbi-distrik. Dit is belangrik by die doel van die studie dat die klem val op die verskil wat kommunikasie en ekotoerisme op veral grondvlak kan maak. Dit is nie soseer 'n groot organisasie met baie geld wat 'n groot ontwikkelingsprojek loods nie, maar daar is eerder gekyk watter ontwikkeling daar op die individuele wildboer se plaas voorkom en gevolglik in die gemeenskap. Ekotoerisme moet op grondvlak ontwikkel en van daar uitkring na ander dele van die gemeenskap. Ekotoerisme kan op grondvlak tot 'n verbetering in die lewenskwaliteit van individue lei.

Die doelstellings is as volg:

1. Om vas te stel hoe die skeppers van die toerisme-infrastruktuur (die wildboere) ekotoerisme-praktyke beoefen;
2. Om te bepaal of die beoefening van ekotoerisme-praktyke sal bydra tot 'n verbetering in die lewenskwaliteit van die betrokke gemeenskap;
3. Om vas te stel hoe die kommunikasie van die plaaslike kultuur (artefakte, gebruike en gewoontes) aan die toeris plaasvind; en
4. Om vas te stel hoe die kommunikasie van natuurbewaring aan die toeris plaasvind.

Om vas te stel hoe bogemelde doelstellings bereik kan word, moet bepaal word hoe daar op die beste manier binne die spesifieke situasie "gemeet" kan word.

⁶⁰ Soos aangedui in hoofstuk 2, bl. 10 - 41

⁶¹ Kyk 4.2, bl. 71

Vanuit die teoretiese begronding is daar dan bepaalde aannames⁶² gestel wat gebruik is om die meetinstrumente op te stel. Die term “meet” is wel kwantitatief van aard, maar is in dié paragraaf net gebruik om die beginsel te verduidelik dat slegs die regte metode tot die bevredigende antwoorde sal lei.

Daar gaan telkens die spesifieke doelstelling genoem word wat by elk van die groepe respondente van toepassing is. Die tipe vrae by elk van die groepe respondente het nie noodwendig net betrekking op die spesifieke doelstelling (soos hierbo genoem) nie, maar in meeste van die gevalle op die doelstellings as ‘n geheel.

In hierdie hoofstuk word verder beskryf hoe die studie onderneem is. Al die navorsingsinstrumente word bespreek, asook die wyse waarop die ondersoek gedoen is.

4.2 AANNAMES VANUIT DIE TEORETIESE BEGRONDING

Nadat die teorie bestudeer⁶³ is, kon daar bepaalde aannames, vanuit die teorie, gemaak word. Tydens die opstel van die navorsingsinstrumente is dié aannames voortdurend in gedagte gehou. By die interpretasie van die navorsingsresultate, sal die teenwoordigheid of afwesigheid van hierdie aannames getoets word.

Die aannames is as volg:

1. Ontwikkelingskommunikasie is noodsaaklik vir die effektiewe beoefening van ekotoerisme-praktyke binne ontwikkelende gemeenskappe.
2. Interkulturele kommunikasie is noodsaaklik vir die effektiewe beoefening van ekotoerisme-praktyke binne ontwikkelende gemeenskappe.
3. Ekotoerisme lei tot ‘n verbetering van lewenskwaliteit van die gemeenskap.
4. Die gebruik van inheemse kennis is noodsaaklik vir die vestiging en vooruitgang van ekotoerisme-praktyke.
5. Wildboere onderskat die waarde van inheemse kennis en kommunikasie-sisteme.
6. Slegs wanneer daar deelname op plaaslike vlak is, sal ekotoerisme suksesvol wees en lei tot ‘n verbetering van lewenskwaliteit.
7. Die plaaslike kulture het ‘n belangrike rol om te speel in ontwikkeling.

⁶² Vanuit hoofstukke 2, bl. 10 - 41 en 3, bl. 42 - 64

⁶³ Kyk hoofstuk 2, bl. 10 - 41 en 3, bl. 42 - 64

8. Interkulturele kommunikasie moet gebruik word om inligting oor bewaring oor te dra aan die toeris.

4.3 KEUSE VAN DIE NAVORSINGSPROSEDURE

Die keuse van die navorsingsprosedure is belangrik, aangesien die geldigheid en betroubaarheid van die studie hierdeur beïnvloed word. Die probleemstelling bepaal die navorsingsdoelstellings van die studie. Nadat dit gestel is moet die mees toepaslike metodologie geselekteer word om die gestelde doelstellings te bereik (Janesick, 1994:210).

Die studie is hoofsaaklik ontdekkend van aard, omdat die verband, asook die aard van die verband tussen veranderlikes ondersoek word (Mouton & Marais, 1990:47). Die verband tussen ekotoerisme, volhoubare ontwikkeling, natuur, kultuur, die gemeenskap en 'n verhoging in die lewenskwaliteit van die betrokke gemeenskap word ondersoek. Dit hou dus ook in 'n sekere sin 'n interpreterende dimensie in, omdat die betekenis van handeling nie bloot net ontdek kan word nie, maar betekenis moet aan handeling deur interpretasie toegeken word (Littlejohn, 1989:134). Die prosedure moet sorg dat die doelstellings van die studie gerealiseer word. Die regte metodes en tegnieke moet ingespan word om die verlangde data wat op ekotoerisme van toepassing is in te samel. Anders kan dalk die volgende gebeur, soos deur Patton (1990:14) aangehaal:

..He never realized that he had not experienced what he was looking for..

Dit is egter nodig om te besef dat daar geen voorafopgestelde reëls is van presies watter navorsingsprosedure om te kies nie, maar dat elke ondersoek uniek en selfbepalend is.

4.3.1 DIE KWALITATIEWE ONDERSOEK

Aangesien die doel van hierdie studie is om vanuit 'n ontwikkelingskommunikasie-perspektief te kyk na die rol wat ekotoerisme in die verbetering van lewenskwaliteit kan speel⁶⁴, is hier besluit op kwalitatiewe navorsingstegnieke. Dit is die navorser se oortuiging dat dit die enigste metode is om te ontdek wat agter die komplekse en tot onlangs toe nog, redelike onbekende fenomeen, ekotoerisme lê.

⁶⁴ Kyk 1.2, bl. 1

Die klem val in die kwalitatiewe studie op metodes en prosesse wat nie rigied is in terme van hoeveelheid, bedrag, intensiteit of frekwensie waarin dit gemeet en ondersoek kan word nie. Dit is dan ook die konsep van *verstehen* wat sentraal staan tot kwalitatiewe navorsing. Dié Duitse begrip poog om handelinge in terme van hul betekenis te verklaar. Omdat 'n handeling verskeie verklarings kan hê, kan betekenis nie bloot ontdek word nie, dit moet geïnterpreteer word (Littlejohn, 1989:134). Volgens Jensen & Jankowski (1991:52) beteken *verstehen* empatiese begrip met ander woorde dit beteken om te verstaan.

Die meeste kwalitatiewe studies kombineer verskeie data-insamelingstegnieke (triangulation), ook dié van 'n kwantitatiewe aard (Marshall & Rossman, 1989:101; Strauss & Corbin, 1990:18). In die studie is onderhoudvoering en vraelyste gekombineer. 'n Kwalitatiewe navorsingsmetode is gekies omdat dit beskrywende en verkennende detail gee wat die komplekse begrip ekotoerisme deur interpretasie meer verstaanbaar maak.

Verder, volgens verskeie outeurs (Finch, 1986:162; Denzin & Webb *et. al.*, in Jensen & Jankowski, 1991:62), verhoog die verskeidenheid data-insamelingsmetodes die geldigheid van 'n studie deurdat dit 'n metode is om te toets of die data korreleer. Navorsing is dus meer oortuigend as daar van verskillende metodes gebruik gemaak word.

Kwalitatiewe navorsing beteken vir Janesick (1994:212) die volgende:

- dit is holisties;
- dit beskou die verhouding van die navorsing binne 'n sisteem of kultuur;
- dit verwys na die persoonlike, onmiddellike en aangesig-tot-aangesig interaksie;
- die navorser moet tyd deurbring in die plek van navorsing;
- die navorser moet die navorsingsinstrument word;
- dit laat ruimte toe vir beskrywing deur die navorser; en
- dit vereis voortdurende ontleding van die data.

Dit blyk uit bogenoemde dat interpretasie 'n belangrike rol speel in kwalitatiewe navorsing en dat die navorser dus voortdurend betrokke is by die studie.

Kwalitatiewe navorsing is persoonlik van aard en die navorser is die belangrikste instrument (Patton, 1990:14). Dit geskied op 'n oop, nie-gestruktureerde wyse, sodat enige onverwagte gebeurtenis geregistreer kan word. Dit geskied ook op 'n induktiewe wyse. Verder is dit spontaan en interpreterend van aard (Mouton &

Marais, 1990:166). Dit is enige navorsing waarvan die bevindings nie deur statistiese prosedures of kwantifisering verkry is nie (Strauss & Corbin, 1990:17).

Die diversiteit van die veranderlikes wat tydens die studie ondersoek is het gelei tot kwalitatiewe navorsing. Benewens die veranderlikes vroeër⁶⁵ genoem, is daar ander aspekte soos etnotoerisme, die HOP-program en inheemse kennis en-kommunikasiesisteme wat bygedra het tot die keuse van kwalitatiewe navorsing. Strauss (1987:7) beklemtoon ook dat die diversiteit van die samelewing tot kwalitatiewe navorsing lei. In dié studie was dit die geval, aangesien daar met 'n diverse gemeenskap gewerk is⁶⁶.

Benewens die feit dat ekotoerisme 'n begrip gebou is uit verskillende aspekte⁶⁷ is daar ook 'n verskeidenheid mense hierby betrokke, veral in die Thabazimbi-distrik. Tydens dié ondersoek is 'n spesifieke onderwerp, in 'n spesifieke gebied geselekteer en in diepte ondersoek. (Patton, 1990:165).

Alle navorsing, en in dié geval veral kwalitatiewe navorsing, hou 'n etiese dimensie in (Mouton & Marais, 1990:165; Smith, 1989:281). Volgens Punch (1994:89) hou dit alles verband met aspekte soos misleiding, privaatheid, vertroulikheid van data en moontlike skade aan die respondente betrokke. Daar is nie net gepoog om aan hoë persoonlike etiese waardes te voldoen nie, maar ook aan dié gestel deur die PU vir CHO waar hierdie studie plaasvind. Die direkte betrokkenheid by die navorsing, plaas soveel meer klem op korrekte hantering van data en respondente. Indien dit nie die geval is nie, het die navorser reeds die grootste vyand van kwalitatiewe navorsing ontmoet, naamlik hom/haarself.

Dit blyk dat die groot verskeidenheid gebruike en betekenisse van die metodes van kwalitatiewe navorsing dit vir navorsers moeilik maak om oor 'n enkele definisie saam te stem, want kwalitatiewe navorsing is nooit net 'n enkelvoudige begrip nie. Die definisie van Nelson *et. al.* (1992) wat vir die doeleindes van die studie aanvaarbaar is, stel dit as volg (In Punch, 1994:4):

Qualitative research is an interdisciplinary, transdisciplinary, and sometimes counterdisciplinary field. It crosscuts the humanities and the social and physical sciences. Qualitative research is many things at the same time. It is multiparadigmatic in focus. Its practitioners are

⁶⁵ Kyk 4.3, bl. 72

⁶⁶ Kyk 4.4, bl. 75

⁶⁷ Kyk 3.3, bl. 46

sensitive to the value of the multimethod approach. They are committed to the naturalistic perspective and to the interpretive understanding of human experience. At the same time, the field is inherently political and shaped by multiple ethical and political positions. Qualitative research embraces two tensions at the same time. On the one hand, it is drawn to a broad, interpretive, postmodern, feminist, and critical sensibility. On the other hand, it is drawn to more narrowly define positivist, postpositivist, humanistic and naturalistic conceptions of human experience and its analysis.

Kwalitatiewe navorsing is dus navorsing wat van vele metodes gebruik maak en waarby die navorser direk betrokke is. Mense en hul handeling word waargeneem en betekenis en begrip word aan hul handeling deur die interpretasie deur die navorser toegeken.

4.4 UITVOERING VAN DIE STUDIE

Die studie is in die Thabazimbi-distrik uitgevoer. Die studie is drie-ledig van aard deurdat dit bestaan uit onderhoude met grondeienaars en jagtersgidse en vraelyste aan jagters. Die begrip ekotoerisme, die deelnemende ontwikkelingskommunikasie hieraan verbonde en ook die moontlike gevolge daarvan, soos dit uit die teorie en literatuur geblyk het, is verdeel in kategorieë of temas. 'n Kategorie van ekotoerisme is byvoorbeeld etnotoerisme, of daar bewaring plaasvind, of die plaaslike gemeenskap daarby baat en of die gebruik van interkulturele- en ontwikkelingskommunikasie plaasvind. Die afwesigheid of teenwoordigheid van die temas of kategorieë is getoets, met ander woorde die onderwerp het die vrae bepaal. Die temas loop hand aan hand met die aannames⁶⁸ vanuit die teoretiese begronding.

⁶⁸ Soos in 4.2, bl. 71 uiteengesit asook die teorie in hoofstuk drie, bl.42 - 64

4.4.1 AGTERGROND

Die plaaslike bevolking in die Thabazimbi-distrik bestaan hoofsaaklik uit Afrikaans-sprekendes en Tswana's. Volgens die 1991 sensus is die swartes die grootste bevolking in die Thabazimbi-distrik, ongeveer 77,1 %. Die blankes volg met 22,8 % en daarna die Kleurlinge (0,1%) en die Asiërs (0,03 %) (Blaauw, 1993:131). Die groot meerderheid van die swartes is Tswana's. Dit is dan ook onder hulle wat die een deel van die studie uitgevoer is⁶⁹.

Dit is meestal die blankes wat grondbesitters is, terwyl die Tswana's die gemeenskap is wat die meeste sal kan baat by ontwikkeling. Wanneer daar in die studie na gemeenskap verwys word is dit dan ook na die Tswana's. Daar vind hoofsaaklik bees- en wildboerdery in die distrik plaas. Dit is wildboerdery en plaasvakansies wat die grootste aantrekking vir toeriste is en dit is meestal die wildboere wat die potensiaal toon om ekotoerisme-praktyke te beoefen (Eloff, 1994).

Die wildboere het die potensiaal in die toerisme-bedryf besef en dit word geïllustreer deur die stigting van die Thabazimbi Wildsentrum/Thabazimbi Wildlife Centre in die begin van 1994. Die Sentrum is besig om teen 'n vinnige tempo te groei. Die plaaslike wildboere sluit aan by die Wildsentrum en put waardevolle inligting hieruit. Nuusbriewe en ander inligtingstukke, asook konferensies is alles pogings om die bedryf te versterk.

Belangstelling vanuit ander streke om iets soortgelyks daar te stel, bestaan ook. Volgens prof. Theuns Eloff (1994), een van die direkteure van die Sentrum, is die doel van die Sentrum om die Wildbedryf in al sy fasette uit te bou.

Daar is samewerking tussen die Wildsentrum en die plaaslike toerisme-vereniging, Thabatoer/Thabatour en inskakeling by Satoer wat die bemarking van ekotoerisme makliker maak. Volgens die lede van die Wildsentrum maak dit jagbesprekings, die reël van plaasvakansies en staproetes baie makliker (Jordaan, 1994; Eloff, 1994). Hulle voer aan dat die Bosveld 'n uitmuntende geleentheid bied vir ekotoerisme. Die Wildsentrum wil die wonderwêreld van die Bosveld vir toeriste, stappers en natuurliefhebbers toeganklik maak. Wildplaasontwikkelings word ook hier gedoen en spekulasie in die eiendomsmark vind plaas. Die mense betrokke by die Wildsentrum is almal verbind tot die volhoubare ontwikkeling van die natuur, asook ontwikkeling op gemeenskapsvlak.

⁶⁹ Kyk 4.4.2.2, bl. 82

Vanweë praktiese oorwegings, soos bekostigbaarheid, tyd en toeganklikheid is daar van 'n beperkte aantal grondeienaars (wildboere), jagters en jagtersgidse in die studie gebruik gemaak. Dit is die oortuiging dat dit nie die geldigheid van die studie en die resultate beïnvloed het nie. Redes hiervoor is onder andere dat die response van die jagtersgidse, alhoewel hul van verskillende plase kom, bykans identies is. Verder is die grondeienaars deel van 'n homogene gemeenskap en soortgelyke response is by almal verkry. Die respondente wat die vraelys moes invul is verkry deur jagters te nader wat die plase van die vyf wildboere van dwarsoor die land kom besoek het. Die aantal respondente is dus verkry deur van die spesifieke situasie gebruik te maak.

4.4.1.1 Aantal respondente betrokke

Die keuse van die aantal respondente betrokke is baie belangrik omdat dit die betroubaarheid, geldigheid en veral veralgemeenbaarheid van die navorsing beïnvloed. Kwalitatiewe studies bemoelijk egter die wetenskaplike trekking van die aantal respondente betrokke. Patton (1990:184) gaan so ver as om te sê dat daar geen reëls is vir die hoeveelheid respondente betrokke in kwalitatiewe navorsing nie. Hier gaan gepoog word om die rasionaal agter die keuse van die onderskeie respondente betrokke uiteen te sit. Die aantal respondente is gekies in ooreenstemming met die doel van die ondersoek, die nuttigheid en belangrikheid van inligting en om te poog om geloofwaardigheid te verhoog. Die besluit oor presies hoe die samestelling van die aantal respondente betrokke moet lyk hang dus van die doelwitte van die studie af.

Die aantal respondente betrokke moet doelgerig wees, omdat daar na klein groepies mense met spesifieke eienskappe, gedrag en ervarings gesoek is. Tydens beide onderhoudvoeringsituasies, asook die vraelyste, is van die metode van nie-waarskynlikheid gebruik gemaak, omdat daar elemente is wat geen kans gehad het om by die aantal respondente betrokke ingesluit te word nie (Huysamen, 1993:33). So byvoorbeeld sou 'n jagter wat nie op een van die vyf plase gejag het nie, nie die vraelys kon invul nie. Dit hou 'n nadeel in vir die navorsingstudie want die data is nie so vryelik veralgemeenbaar nie (Smith, 1989:75).

Die aantal respondente betrokke het ten doel gehad om data te genereer wat op die temas en kategorieë⁷⁰ van toepassing is (Strauss & Corbin, 1990:183). 'n Plek (Thabazimbi) en mense (jagters, jagtersgidse en wildboere) is dus doelbewus gekies. Die plase is so wyd uitmekaar dat dit nie moontlik was vir die aantal

⁷⁰ Kyk 4.4, bl. 75

respondente betrokke om tydens die ondersoek met mekaar oor die navorsing te praat nie. Volgens Adams (1989:69) is die aantal respondente dus op 'n geografiese wyse verkry. Dit was nodig sodat daar breë vergelykings tussen groepe jagters, jagtersgidse en wilboere getref kon word.

Onderhoude is met vyf grondeienaars gevoer, wat gebruik maak van Tswana-jagtersgidse op hul plase. Die plase lê op verskillende plekke in die Thabazimbi-distrik.

Gestruktureerde onderhoude is met 10 jagtersgidse gevoer en daar is 10 vraelyste op elke plaas gelos vir die jagters. Daar is geen manier om vooraf te bepaal hoe die profiel van die jagters wat die vraelyste gaan invul, lyk nie.

4.4.2 ONDERHOUDVOERING

'n Onderhoud is 'n kwalitatiewe navorsingstegniek wat direk en persoonlik van aard is. Dit gee die navorser ook die geleentheid om tussen die reëls te lees. Chrisnall (1973) definieer dit as: "a conversation directed to a definite purpose other than satisfaction in the conversation itself" (North, 1988:53).

Verskillende tipes onderhoude is geskik vir verskillende situasies. Twee soorte onderhoude is in die studie gevoer. Die onderhoude met die jagtersgidse was meer gestruktureerd, terwyl die grondeienaars s'n hoofsaaklik semi-gestruktureerd was. Die meer gestruktureerde aard van die onderhoude met die jagtersgidse was nodig om sekere taal- en kultuurverskille te oorbrug, soos byvoorbeeld woorde wat moeilik dieselfde betekenis in verskillende tale het.

Dit is belangrik om te onthou dat geen onderhoud totaal ongestruktureerd is nie (Jones, 1993:47). Onderhoudvoering is nie 'n maklike tegniek nie en ongestruktureerde onderhoude word aanbeveel vir navorsers wat reeds meer ondervinding het. Die onderhoude was hoofsaaklik semi-gestruktureerd, met dimensies van beide gestruktureerdheid en ongestruktureerdheid. Elke respondent se weergawe van persoonlike besonderhede is uniek en dit is ook waarom onderhoudvoering so moeilik is.

Riglyne en vrae is opgestel om die aannames, soos verkry uit die sentrale teoretiese stelling en hoofstuk drie, te toets. Hierdie riglyne en vrae het betrekking op die kategorieë of temas⁷¹. Soos in hoofstuk 1⁷², uiteengesit bestaan ekotoerisme uit drie boustene, naamlik die toeris wat die plek besoek moet leer (die inligtingsfunksie aan die toeris), beide van die natuur asook die kultuur; die toerisme moet bewaringsgerig wees en die plaaslike gemeenskap moet daarby baat. Deelnemende ontwikkelingskommunikasie is die “gom” wat die drie boustene aanmekaar hou. Dit is dan ook volgens die drie boustene wat die doelstellings van die studie opgestel is en eersgenoemde, asook die aannames⁷³, is gebruik in die opstel van die navorsingsinstrumente.

4.4.2.1 Grondeienaars

Daar is onderhoude gevoer met 5 grondeienaars wat ekotoerisme-praktyke beoefen. Die motivering vir die kies van 5 grondeienaars is dat dit voldoende sou wees vir die realisering van die doelwitte van die studie. Hul plase is almal in die Thabazimbi-omgewing. Die onderhoude was semi-gestruktureerd. Die rede hiervoor is dat die deelnemer se inligting as waardevol en aanvaarbaar beskou is (Marshall & Rosman, 1989:83; Walker, 1985:4). Hierdie onderhoude was aangenaam en gemaklik. Nuwe leidrade en dimensies oor ekotoerisme is verkry deur die onderhoudvoering.

Die onderwerp en vrae is vooraf gespesifiseer, maar die bewoording en volgorde van vrae is aangepas, soos die onderhoude gevorder het. Daar is slegs van vrae gebruik gemaak om as ‘n riglyn tydens die onderhoude te dien en die sogenaamde vrae is nie een vir een op ‘n rigiede wyse gevra nie. Wanneer daar verder in die teks van vrae gepraat word moet dit in dié lig gesien word. Dit was bloot ‘n gesprek wat gevoer is en by die respondente het daar ook meer begrip vir die studie ontstaan.

Die onderhoude het die wildboere ook positief gestem tot verdere navorsing op van dié wildboere se plase. Patton (1990:288) waarsku egter dat die feit dat die onderhoude ongestruktureerd was, die vergelykbaarheid van die antwoorde verminder. In die studie was die onderhoude nie so ongestruktureerd nie en die vrae kon vergelyk word.

⁷¹ Kyk 4.4, bl. 75

⁷² Kyk 1.2, bl. 1

⁷³ Soos verkry uit hoofstuk twee en drie, opgesom in 4.2, bl. 71

Tydens die onderhoude het die navorser gepoog om in gesprek met die respondent te tree en is gepoog om nie vrae te stel wat die respondent negatief kon stem of om leidende vrae te vra nie. Dit is moontlik dat dit uit die verloop van die gesprek vir die respondente kon blyk dat die navorser positief teenoor ekotoerisme staan. Daar is egter gepoog om nie die navorser se houding teenoor ekotoerisme te verrai nie, aangesien dit 'n vorm van positiewe beïnvloeding is.

Die doel van die onderhoud is telkens verduidelik en 'n inleidende gesprek oor die Wildbedryf is gevoer, as poging om die respondente op hul gemak te laat voel. Hul anonimiteit is ook verseker. Hier kom die *verstehen-begrip*⁷⁴ of empatiese meeleving weer na vore (Huysamen, 1993:180).

Die doel van die semi-gestruktureerde onderhoude met die wildboere was om die volgende doelstellings te bereik:

- Doelstelling 1:* Om vas te stel hoe die skeppers van die toerisme-infrastruktuur (die wildboere) ekotoerisme-praktyke beoefen en
- Doelstelling 3:* Om vas te stel hoe die kommunikasie van natuurbewaring aan die toeris plaasvind.

Bogenoemde was die spesifieke doelstellings waarop antwoorde verkry moes word. Daar is egter ook insigte verkry op die twee oorblywende doelstellings, naamlik of die beoefening van ekotoerisme-praktyke sal bydra tot 'n verbetering in die lewenskwaliteit van die betrokke gemeenskap en die vasstelling van hoe die ontwikkelingskommunikasie van die plaaslike kultuur (artefakte, gebruike en gewoontes) aan die toeris plaasvind.

Die onderhoud is begin met 'n bekendstelling van die studie en die doelstellings. Die onderhoud gaan nou aan die hand van vrae bespreek word, alhoewel dit nie noodwendig so plaasgevind het nie, maar bloot nodig was as 'n gids (riglyn) om die maksimum moontlike inligting tydens die onderhoud te verkry.

Dié onderhoud⁷⁵ is aangepak deur die vrae in kategorieë te verdeel en is begin met algemene inligting oor die wildboer en sy plaas. Die demografiese inligting in vrae 1 tot 8 is belangrike agtergrond wat moontlik gebruik kan word om sekere

⁷⁴ Kyk 4.3.1, bl. 72

⁷⁵ Sien Bylae I, bl. 133

tendense in van die ander vrae te verduidelik en lig te werp op presies hoe die wildboere ekotoerisme-praktyke beoefen⁷⁶.

Voordat vraag 9 gevra is, is daar in die algemeen oor ekotoerisme gesels en die wildboer se kennis daaroor is getoets. Vrae 9 en 10 is daarom bloot 'n uitbreiding van die gesprek oor ekotoerisme en is gestel om die bewustheid van die behoeftes van ekotoeriste in die algemeen te bepaal.

Vrae 11 en 12 bepaal die mate waarin daar interkulturele kommunikasie tussen die wildboer en sy jagtersgidse op die onderskeie plase plaasvind. Die vrae toets ook of dit wat die wildboer vertel het oor ekotoerisme werklik op die wildplase gekommunikeer word. Die interkulturele kommunikasie teenoor die jagtersgidse se gesinne word ook hier getoets.

Vrae 13 en 14 bepaal die wildboer se gesindheid teenoor bewaring en tot watter mate bewaringsbeginsels deur die wildboer toegepas word. Dit is belangrik om hier te noem dat bewaring soos 'n draad deur die onderhoud loop en nie noodwendig slegs deur dié twee vrae in die response van die wildboere na vore gekom het nie.

Jagreëls is noodsaaklik vir die ordelike funksionering van enige wildplaas. Die jagreëls is gegrond op bewaringsbeginsels en ander reëlins nodig vir die ordelike funksionering van elke wildplaas, soos byvoorbeeld veiligheid. Dit is dus verder aanduidend van die beoefening van ekotoerisme-praktyke deur die wildboer, soos in doelstelling een uiteengesit. Daarom is die wildwildboer hieroor in vrae 15 en 16 ook uitgevra.

Die kultuur is 'n belangrike onderdeel van ekotoerisme en moet ook bewaar word. Die kultuur kom te voorskyn in etnotoerisme, inheemse kennis en -kommunikasiesisteme. Daarom is vrae 17 tot 20 gebruik om te bepaal of die Tswana-kultuur belangrik in die wildboer se oë is en of hy glo dat dié onderdeel van ekotoerisme noodsaaklik is. Verder sinspeel dit ook op die wildboer se mening oor die belangrikheid van die inheemse gemeenskap met hul inheemse kennis. Vrae 27 en 28 is gewoonlik aan die bespreking gekoppel omdat dit die wildboer se bydrae tot die heropbou en ontwikkeling van die plaaslike gemeenskap toets.

Die verbetering in die lewenskwaliteit van beide die wildboer, maar ook die plaaslike gemeenskap, is 'n gewenste gevolg van ekotoerisme. Daarom word die wild-

⁷⁶ Sien doelstelling 1, 1.3, bl. 4

boer hieroor uitgevra aan die hand van vrae 21 tot 24. Die wildboer se bewustheid van etnotoerisme word hier ook aangeraak. Vrae 21 tot 24 toets die finansiële aspek van lewenskwaliteit.

Vraag 25 het verder betrekking op die poging wat die wildboer aanwend om die lewenskwaliteit van sy werkers en sodoende die gemeenskap te verhoog. Vraag 26 is 'n opvolgvraag hierop deurdat die wildboer se insette op die verbetering in die lewenskwaliteit van die plaaslike gemeenskap getoets word deur van sendingwerk as voorbeeld gebruik te maak. Voorts is die vraag gevra om te bepaal of lewenskwaliteit vir die wildboer nie dalk net in terme van materiële eienskappe gemeet word nie.

Doelstellings een en drie is hier aangeraak, maar die kommunikasie en waardering van die plaaslike kultuur, as bousteen van ekotoerisme, is ook ondersoek.

4.4.2.2 Jagtersgidse

Die onderhoude⁷⁷ gevoer met die jagtersgidse was aanvanklik meer gestruktureerd. Dit was eers ook nodig om 'n lang inleidende gesprek te voer oor die doel van die studie en waarom die insette van die jagtersgidse noodsaaklik was. Dit was ook nie vir al die jagtersgidse maklik om te verstaan dat iemand sou kon belangstel in dit wat hulle weet nie, omdat baie van hulle nie trots in hul eie kultuur het nie.

Op die plase waar daar 'n geruime tyd vertoef is was dit makliker om die jagtersgidse se vertroue te wen as wanneer daar slegs onmiddellik met onderhoudvoering begin is. Al die jagtersgidse was nog nooit blootgestel aan navorsing nie en min van hulle dra kennis van 'n Universiteit of die doel van navorsing in die algemeen.

Daar moes ook in ag geneem word dat baie van die jagtersgidse dalk nie kan skryf nie en dat daar 'n moontlike taalprobleem kon opduik, wat met behulp van 'n tolk opgeklaar is. Vrae kon dus ook deur die tolk verduidelik word en opvolgvrae was moontlik.

Soos die navorsing verloop het en die plaaslike bevolking, hul lewensstyl en gewoontes waargeneem is, het die onderhoud meer en meer ongestruktureerd geraak deurdat daar slegs in die algemeen gesels is en antwoorde op vrae verkry is

⁷⁷ Sien Bylae II, bl. 137

tydens die verloop van die gesprek. 'n Gesprekvoeringsituasie was vir die jagtersgidse meer natuurlik as 'n vraag-antwoord een. Nou en dan was dit nodig om 'n direkte vraag te stel. Op die ou end kon die onderhoude dus ook as semi-gestruktureerd geklassifiseer word. Dit lei daartoe dat die onderhoudsgids of riglyne van temas aangepas kon word by die agtergrond en opvoedkundige peil van die respondente (Huysamen, 1993:149).

Die vrae vir die onderhoude met die jagtersgidse is opgestel om aan die volgende doelstellings, soos in hoofstuk een uiteengesit,⁷⁸ te beantwoord:

- Doelstelling 2:* Om te bepaal of die beoefening van ekotoerisme-praktyke sal bydra tot 'n verbetering in die lewenskwaliteit van die betrokke gemeenskap; en
- Doelstelling 3:* Om vas te stel hoe die ontwikkelingskommunikasie van die plaaslike kultuur (artefakte, gebruike en gewoontes) aan die toeris plaasvind.

Vrae 1 tot 10 is 'n poging om vas te stel wat die jagtersgidse weet oor natuur- en wildbewaring. Die konsep ekotoerisme moes as natuur- en wildbewaring met die jagtersgidse behandel word, omdat dit 'n onbekende begrip vir die jagtersgidse is. Dieselfde geld vir die kommunikasie daarvan. Die woord kommunikasie is nie gebruik nie, maar daar is gepoog om dit te ondervang deur die gebruik van die woord "leer", "praat" en vertel. Vrae 1 tot 10 is gevra om verder te probeer bepaal of die jagtersgidse bewus is van die voordele, veral 'n verhoging van lewenskwaliteit, van ekotoerisme.

Vrae 11 tot 13 poog om die kommunikasie van ekotoerisme in al sy fasette te ondersoek, naamlik of die toeris van die natuur en kultuur leer, en of ander mense in die gemeenskap ook van bewaring leer. Die rol wat die jagtersgids in hierdie kommunikasie- en leerproses speel asook die gebruik van interkulturele kommunikasie is ondersoek.

Vrae 14 tot 17 poog om 'n blik te gee of die opwaartse kommunikasie vanaf die werknemers na die werkgever wel plaasvind. Dit is ook nodig om te sien watter plek die werkgever (wildboer) aan die plaaslike gemeenskap, hul kultuur en gewoontes toeken. Hierdie is alles vrae wat aanduidend moet wees van die lewenskwaliteit-effek van ekotoerisme. Vrae 14 tot 17 toets voorts of die gebruik van deelnemende ontwikkelingskommunikasie 'n sigbare effek op die lewens-

⁷⁸ Kyk 1.3, bl. 4

kwaliteit van die jagtersgidse het. Die materiële vergoeding wat die jagtersgidse van beide die wildboer en die jagters ontvang, word deur die opvolgvrage 18 en 19 aangespreek.

Vraag 20 is om te toets of die bewaring wat die jagtersgidse leer van die wildboer wel plaasvind in die praktyk. Hierdie vraag bepaal ook die teenwoordigheid van bewaringsbeginsels in die bestaande inheemse kennis van die plaaslike gemeenskap.

Hierdie onderhoude het ekotoerisme vanuit 'n ander hoek beskou en veral of deelnemende ontwikkelingskommunikasie se resultaat sigbaar is in die lewenskwaliteit van die jagtersgidse.

4.4.3 VRAELYTE

Hierdie was die goedkoopste aspek van die navorsing. Dit het ook nie baie tyd in beslag geneem nie, deurdat die vraelyste by die grondeienaars gelaat is, en hulle het dit laat invul deur die jagters wat op hul plase kom besoek aflê het. Aspekte wat vir sommige mense persoonlik van aard is, kon dus in 'n vraelys gevra word.

4.4.3.1 Jagters

Hierdie is die kwantitatiewe dimensie van die studie. Jagters se insette is verkry deur hulle vraelyste te laat invul⁷⁹. Daar is egter ook by 'n paar informele geleenthede gesels met sommige jagters. Op elk van die 5 plase is 10 vraelyste gelaat. 'n Totaal van 43 vraelyste is terugontvang.

Die vraelys bestaan uit 11 geslote vrae wat die kodering vergemaklik. Die vraelys is begin met 'n inleidende paragraaf oor die navorsing asook die versekering dat die respondente anoniem sal bly. Die vrae is so kort en duidelik as moontlik gehou.

Die vrae in die vraelys het hoofsaaklik ten doel gehad om een van die bene van ekotoerisme te toets, naamlik of die toeriste meer leer van die natuur en kultuur wanneer hy 'n spesifieke plek besoek. Verder toets dit die jagters se bydrae tot die verhoging in die lewenskwaliteit van die jagtersgidse. Dit toets ook in 'n mindere mate die jagters se persepsie van die wyse waarop die wildboer ekotoerisme-praktyke beoefen.

⁷⁹ Sien Bylae III, bl. 140

Die doelstellings waarop antwoorde gesoek is, was die volgende:

- Doelstelling 3:* Om vas te stel hoe die kommunikasie van die plaaslike kultuur (artefakte, gebruike en gewoontes) aan die toeris plaasvind en
- Doelstelling 4:* Om vas te stel hoe die kommunikasie van natuurbewaring aan die toeris plaasvind.

Vrae 1,2 en 11 is bloot agtergrondvrae om vas te stel of daar 'n korrelasie tussen ouderdom, besoldiging, frekwensie van besoeke aan die jagplaas en die leer-aspek van ekotoerisme is. Vrae 1 en 11 sou dalk in 'n onderhoudsituasie nie eerlik beantwoord word nie, omdat dit vir sommige mense sensitiewe onderwerpe is.

Vrae 4 tot 7 bepaal of die jagter leer tydens sy besoek, by wie, asook die graad van die leerproses. Hierdie vrae is aanduidend van die bewaringskommunikasie oor beide die natuur en kultuur. Vraag 3 is 'n vraag wat vraag 4 voorafgaan en is in die vraelys ingebou om te bepaal of die jagters se huidige kennis van die Tswana-kultuur nie moontlik hul houding teenoor die Tswana-kultuur beïnvloed nie. Vraag 4 is aanduidend van die mate waartoe kulturele-artefakte wel beskikbaar is.

Vraag 8 toets of ekotoerisme tot 'n verbetering van lewenskwaliteit lei, aangesien die jagter homself as 'n ekotoeris klassifiseer en materiële beloning een van die aspekte is wat tot 'n verbetering van lewenskwaliteit lei.

Vrae 9 en 10 toets die jagter se ervaring en of dit van so 'n aard was dat hy dit sal wil herhaal en ook graag ander mense daaraan wil blootstel. Etnotoerisme verkry in vraag 10 ook aandag en is deur 'n verduideliking omskryf omdat etnotoerisme nog relatief onbekend is. Dit was nodig om die duidelikheid van die vraelys te verhoog (Berger, 1991:43).

Daar is gepoog om met die onderhoude en die vraelys die resultaat van deelnemende ontwikkelingskommunikasie te ondersoek en ook of ekotoerisme 'n bydrae tot die verbetering van lewenskwaliteit lewer.

4.4.4 ALGEMENE GESPREKVOERING

Tydens die ondersoek is daar met soveel moontlik individue op die plase en ook by 'n Wildsfees gesprekke gevoer. Jagters, sommige van die dienswerkers in die huise en ook wildboere is sommer in die alledaagse gang genader vir inligting. Hieruit is belangrike agtergrondperspektiewe verkry, wat ander onderhoude en gesprekke beter gerig het.

So het van die dienswerkers in die huise dit duidelik gestel dat hulle wel iets weet van bewaring en poog om dit aan die kinders oor te dra. Hulle was nie seker of die kinders iets hiervan by die skool leer nie.

Daar is ook by die Hoofdirekoraat Natuur- en Omgewingsbewaring besoek afgelê. Hier is 'n informele onderhoud met mnr. Johan Pieterse, die man aan stuur van sake in Thabazimbi, gevoer. Volgens hom is ekotoerisme 'n werkbare oplossing vir die ontwikkelingsprobleme van die gemeenskap. Daar is egter 'n geweldige tekort aan die nodige inligting en opvoeding by die plaaslike bevolking. Baie van die mense het nog nie die verband tussen bewaring en verhoogde inkomste beseef nie. Die wildboere kan 'n daadwerklike bydrae lewer om die opvoedingspeil van hul werkers te verhoog en sodoende deelname van hulle kant af te verkry. Die Hoofdirekoraat Natuur- en Omgewingsbewaring is egter in dié stadium so oorlaai met die wetstoepassingsaspek van hul werk, soos om wilddiefstal te beperk, dat daar min tyd oorbly vir die opvoedings- en inligtingsfunksies.

Die Sentrum vir Ekotoerisme by die Universiteit van Pretoria is besoek. Prof. P.S. Hattingh staan aan die hoof van die Sentrum. Hy is 'n bekende in ekotoerismekringe, plaaslik sowel as internasionaal. Die blote bestaan van die Sentrum is aanduidend van die toenemende belangrikheid van ekotoerisme. Ekotoerisme is reeds 'n vak wat deel uitmaak van hul toerisme-kursus en hulle beplan om oor ongeveer twee jaar 'n driejarige graadkursus op die been te bring wat spesifiek oor ekotoerisme handel.

By die Sentrum is belangrike insigte in ekotoerisme verkry en is die nut van ekotoerisme vir ontwikkelingsprojekte opnuut beklemtoon. Die Sentrum is hoofsaaklik gemoeid met die ontwikkeling en beplanning van ekotoerisme-projekte.

Die plaaslike tak van Satoer is genader om hul spesifieke beleid oor ekotoerisme vas te stel. Ekotoerisme is ook vir dié liggaam belangrik. Ekotoerisme word op 'n groter skaal deur Satoer bemark as dié projekte van die wildboere en word op 'n winsgewende basis bedryf.

4.5 SLOT

Die empiriese ondersoek het die potensiaal om verder uitgebrei te word en nuwe onontdekte insigte kan verder ondersoek word. Die ondersoek asook die aanbevelings sal in hoofstuk ses volledig bespreek word.

Kwalitatiewe navorsing pas by die navorsingsdoelstellings en veral by die studie van ekotoerisme met sy verskeidenheid veranderlikes. Dit is nie altyd so maklik om vooraf op papier te visualiseer presies hoe die empiriese navorsing gaan verloop nie. Daarom het kwalitatiewe navorsing 'n bykomende voordeel, deurdat dit aangepas kan word indien nodig.

Die onderhoudvoering en vraelyste is opgestel deur die teorie as basis te gebruik. Die teoretiese aannames is in kategorieë verdeel en hiervolgens is die navorsing aangepak. Die uiteensetting van die onderhoude is soms misleidend, aangesien daar baie meer inligting uit die onderhoude verkry is. Die rede hiervoor is waarskynlik die semi-gestruktureerde aard van die onderhoude. Die empiriese ondersoek is volgens die gestelde doelstellings uitgevoer.

HOOFSTUK 5 RESULTATE

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die resultate van die empiriese ondersoek weergegee en geen gevolgtrekkings word hier gemaak nie. In hoofstuk 6 sal die interpretering van die resultate gedoen word en dit sal met die doelstellings in verband gebring word. Waar nodig sal daar van grafiese voorstellings gebruik gemaak word.

Die resultate word gegroepeer volgens die tipe respondent. Soos in die vorige hoofstuk⁸⁰ aangedui is, word die resultate bespreek as antwoorde op vrae wat nou in kategorieë gerangskik is. Dit is egter nie vrae in die ware sin van die woord nie⁸¹.

Al die vrae in die navorsing is volgens die doelstellings gerig, wat weer gegrond is op die aannames⁸² vanuit die teoretiese begronding. Die woord 'vraag' word dus net vir duidelikheid gebruik, maar dit is eintlik die kategorieë waarvolgens die navorsing gedoen is.

Vervolgens gaan die resultate van die onderhoude met die grondeienaars, die onderhoude met die jagtersgidse en die vraelyste aan die jagters weergegee word.

5.2 GRONDEIENAARS

Daar is onderhoude⁸³ met vyf grondeienaars gevoer aan die hand van al die doelstellings⁸⁴. Die spesifieke doelstellings waarop antwoorde gesoek is, is as volg:

Doelstelling 1 Om vas te stel hoe die skeppers van die toerisme-infrastruktuur (die wildboere) ekotoerisme-praktyke beoefen; en

Doelstelling 3: Om vas te stel hoe die kommunikasie van natuurbewaring aan die toeris plaasvind.

⁸⁰ Kyk 4.2, bl. 71

⁸¹ Kyk 4.4, bl. 75 - 76

⁸² Kyk 4.2, bl. 71

⁸³ Sien Bylae I, bl. 133

⁸⁴ Kyk 1.3, bl. 4

Demografiese inligting

Die name van die skeppers van die toerisme-infrastruktuur (die wildboere) is die volgende:

1. Piet Combrink
2. Theuns Eloff
3. Neels Jordaan
4. Ds. L.A.S. van Wyk
5. Boeta von Wielligh

Die plaasname is as volg:

1. Vaalkop
2. Waterval
3. Kareelaagte
4. Cornwall
5. Apiesdoringparl

Die beroepe van die wildboere is die volgende:

1. Heeltydse wildboer
2. Dosent
3. Ouditeur
4. Geëmeriteerde predikant, nou heeltyds wildboer
5. Heeltydse wildboer

Die dele waarin die wildboere boer word nou aangedui, om te toon dat die plase wel in verskillende streke lê:

1. Koedoeskop-area
2. Die grens tussen Thabazimbi en Warmbad
3. Ongeveer 60 km Noordwes van Thabazimbi
4. 10 km uit op die Thabazimbi-pad
5. Die Warmbad-distrik

Die oppervlakte van die plase is:

1. 2200 ha
2. 2078 ha
3. 750 ha
4. Baie klein (die wildboer wou nie die inligting weergee nie. Ongeveer 300 ha.)
5. 1995 ha

Die oppervlakte van elke plaas wat wildwerend omhein is:


1. 2200 ha
2. 2078 ha
3. 750 ha
4. 300 ha
5. 1995 ha

Die twee grootste wildboerdery-bedrywe wat beoefen word is eerstens wild- en dan beesboerdery. Besproeiing is die derde belangrikste en die wildboer hou in sommige gevalle melkkoeie aan. Laasgenoemde is eintlik ook maar beesboerdery.

Twee van die wildboere is al vyf jaar met wildboerdery besig, een sewe jaar, een 15 jaar en een 20 jaar.

Die aantal persone wat jaarliks op elke plaas hanteer word verskil. Die sektor van die wildbedryf wat die meeste beoefen word is biltongjagters. Om die verskille van plaas tot plaas aan te dui word dit grafies in figuur 5.2.1 voorgestel.

Figuur 5.2.1



Figuur 5.2.2

Aktiwiteite wat beskikbaar is op die plaas

Aktiwiteit	Plaas 1	Plaas 2	Plaas 3	Plaas 4	Plaas 5
Trofeejag	Nee	Ja	Ja	Ja	Ja
Biltongjag	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja
Visvang	Nee	Nee	Nee	Nee	Nee
Staptoere	Informeel*	Ja	Ja	Nee	Nee
Fotografie	Ja	Ja	Nee	Ja	Nee
Voëljag	Nee	Nee	Ja	Nee	Nee
Voëlbesigtiging	Ja	Ja	Ja	Ja	Nee
Boogjag	Nee	Nee	Nee	Ja	Nee
Etniese aktiwiteite	Nee	Nee	Nee	Nee	Nee
Kursusse	Nee	Nee	Nee	Nee	Nee
Ander	Nee	Nee	Nee	Nee	Nee

* Dit beteken dat die toeriste kan stap waarheen hulle wil, sonder uitgewerkte roetes.

Uit bogenoemde kan duidelik gesien word watter aktiwiteite op elke plaas beskikbaar is.

Ekotoerisme

Al die wildboere is bewus van die behoeftes van ekotoerisme, veral dat deelnemende ontwikkelingskommunikasie 'n bydrae tot die sukses van so 'n projek kan lewer. Dit was nie nodig om vir een van hulle die begrip verder te omskryf voordat hulle daarop gereageer het nie.

Die wildboere beoog almal om steeds vol te hou met hul bewaringsaktiwiteite. Een van die plase het tans 'n gekwalifiseerde natuurbewaringsbeampte om met dié taak te help. Die wildboere voel baie sterk oor die bewaring van die ekosisteem en hulle is bewus daarvan dat die natuurskoon en die wild die rede is waarom die plase so gereeld besoek word. Op die een plaas het verteenwoordigers van die Dendrologiese Vereniging al twee keer kom besoek aflê.

Bosverdringing en -indringing, asook roofdiere word beveg. Een van die wildboere oorweeg dit om olifante op sy plaas in te bring, sodat bosverdigting bekamp

kan word. Hierdie is aanduidend van die wildboere se gesindheid teenoor natuur-bewaring.

Op die drie plase waar daar op die oomblik nie staproetes is nie, word die ontwikkeling daarvan beplan. Twee van die plase voer boogjag vir die eerste maal in en 'n ander voëljag. Voëljag vind op 'n informele basis plaas en meer uitkykpunte vir die besigtiging hiervan word beplan. Op al die plase is daar ook geleentheid vir visvang. Hierdie verskeidenheid aktiwiteite is kenmerkend van ekotoerisme-besienswaardighede.

Twee van die wildboere het bestaande Tswana-ringmure op die plaas wat deur restourasie omskep kan word in etnotoerisme-besienswaardighede. Die oogmerk is om dan hier 'n Tswana-egpaar te laat bly wat besoekers op 'n tradisionele wyse kan onthaal en blootstel aan die Tswana-kultuur.

Bewaringbeginsels

Bewaringsbeginsels is vir al die wildboere baie belangrik en dit word deur die neerlê van pertinente reëls, handeling, voorbeelde en informele gesprekke oorgedra. Die wildboere sê ook dat die voordele daarvan oorgedra moet word aan beide die toeris en die jagtersgidse en hul gesinne. Twee van die wildboere meen dat bewaring deel is van die jagtersgidse se tradisie en uit hul eie inheemse kennis en agtergrond kom. Die jagtersgidse het 'n natuurlike aanvoeling vir bewaring en die natuur. Een wildboer het dit duidelik gestel dat inheemse en tradisionele kennis oor die natuur by tussen 95% en 97 % van die jagtersgidse op sy plaas voorkom. Daar was slegs een wildboer wat voel dat die jagtersgidse nie vanuit hul tradisies en kultuur positief teenoor bewaring ingestel is nie en die natuur word dus nie deur inheemse kommunikasiekanale gekommunikeer van een geslag na die volgende geslag nie.

Bewaringsbeginsels word op twee maniere aan die plaaslike gesinne gekommunikeer. Dit geskied hoofsaaklik deur die wildboer, maar sommige van die wildboere verwag van die jagtersgidse om dit formeel oor te dra. Dit kom ook op 'n informele wyse na vore wanneer die jagtersgidse oor "die dag by die werk" met sy gesin praat.

Al die wildboere is daarteen gekant dat hout vir vuurmaak geneem word of diere doodgemaak word vir kos. Die kap van hout of neem van hout op enige plekke op die plase is vir die wildboere problematies. Dooie hout is noodsaaklik vir die bekamping van erosie en sekere mikro-organismes leef daarin wat 'n onmisbare deel

van die ekosisteem uitmaak. Die wildboere stel dus hout op sekere plekke beskikbaar vir die gebruik deur jagtersgidse en hul gesinne. Verder word elektrisiteit gebruik om die verbruik van hout te beperk. Die verskaffing van elektrisiteit maak ook die beskikbaarheid van meer mediavorme 'n realiteit.

Die wildboere gebruik almal jagreëls wat aan die jagters gegee word sodra hulle op die plaas aankom. Dit word baie streng toegepas en die jagtersgidse help met die toepassing hiervan. Hulle is die wildboere se oë in die veld en rapporteer indien daar van die jagters is wat nie ooreenkomstig hierdie reëls optree nie.

Die Tswana-kultuur

Twee van die wildboere meen dat die Tswana-kultuur wel deur die jagtersgidse gekommunikeer word. Twee ander is van mening dat die kultuur wel deur interkulturele kommunikasie oorgedra word, maar dat dit baie beter gedoen kan word. Een wildboer meen dat die kommunikasie glad nie plaasvind nie. Die meerderheid wildboere meen dat die Tswana kultuurvas is, veral ten opsigte van hul geloofsrituele. Die jagtersgidse kommunikeer die kultuur deur die gee van plant-, boom- en diername in hul eie taal. Die wildboere is dit almal eens dat die kultuur nie genoeg gekommunikeer word nie. Al die wildboere is ook deeglik bewus van die ekonomiese voordeel wat die Tswana-kultuur vir die wildboerdery en ook vir die jagtersgidse kan inhou.

Die wildboere gee die Tswana's vrye teuels vir die uitlewing van hul kultuur en inheemse kennis. Wanneer daar troues, begrafnisse of ander geloofsrituele is, word daar gewoonlik hiervoor toestemming gevra. Sulke aktiwiteite vind veral op Sondae en oor naweke op die plase plaas. Vriende word oorgenooi en die wildboere verskaf soms ook addisionele kos vir die geleentheid. Nie een van die wildboere is egter daadwerklik besig met 'n plan om kultuurtrots te hervestig nie. Uit die onderhoude het dit geblyk dat die jagtersgidse en hul kinders nie almal baie trots is op die beroep wat hul ouers beoefen of die unieke aspekte van hul kultuur nie. Daar is 'n gebrek aan kommunikasie. Kultuurtrots kan bydrae tot 'n winsgewende etnotoerisme-bedryf. Op al die plase is daar in 'n mindere of meerdere mate 'n aanwakking van hierdie kultuurtrots nodig.

Die meerderheid wildboere poog om die jagters met informele gesprekke in te lig oor die Tswana-mense en hul gewoontes. Dit vind veral saans om die kampvuur plaas. Hierdie is deel van die inligtingsfunksie van ekotoerisme.

Tydens die navorsing is daar op een van die plase 'n begrafnis gehou. Die geleentheid is baie belangrik vir die Tswana's en hulle hou bykans die hele naweek begrafnis. Mense van dwarsoor die distrik woon die geleentheid by en die familie van die oorledene gaan groot finansiële uitgawes aan om die geleentheid moontlik te maak. Dit was onduidelik presies hoe almal van die geleentheid gehoor het, aangesien daar nie telefone is nie en ook min geleentheid vir vervoer. Die middele vir kommunikasie is beperk, maar ten spyte van hierdie gebrek aan sogenaamde "Westerse"⁸⁵ middele, word boodskappe steeds betyds oorgedra. Blykbaar sê die plaaslike predikant vir almal hiervan tydens kerkbyeenkomste. Hierdie is die "tweede begrafnis", waarskynlik in ons terme 'n rou-naweek wat plaasgevind het. Die geleentheid word dus lank voor die tyd, dikwels 'n maand of meer, bekend gemaak. In dié spesifieke geval is die persoon reeds ses maande terug oorlede en begrawe.

Finansiële voordeel vir die jagtersgidse

Op die meerderheid plase (90 %) word die gidse finansiël beloon wanneer 'n jagter 'n bok skiet. Die wildboere meen ook dat die jagtersgidse bewus is daarvan dat natuur- en wildbewaring ekonomiese voordeel vir hulle inhou. 'n Wildboer wat onseker hieroor is, vermoed tog dat die bonusse wat uitgedeel word, gekoppel word aan natuur- en wildbewaring.

Finansiële voordeel vir die wildboer

Al die wildboere is van mening dat eko- en etnotoerisme 'n ekonomiese voordeel vir hulle inhou.

Lewenskwaliteit van die werknemers

Die meeste wildboere interpreteer lewenskwaliteit onmiddellik net as die fisiese lewensmiddele, gemeet in ekonomiese terme. Na 'n ruk het hulle onthou en besef dat lewenskwaliteit baie meer as die fisiese omvat. Die wildboere glo hulle verskaf 'n billike salaris met addisionele byvoordele soos behuising, water, elektrisiteit, voedsel, mediese versekering, ensovoorts. Een van die wildboere betaal ook die kinders se skoolgeld, wanneer hy hul rapporte sien.

Die wildboere poog egter om die mense selfvoorsienend en verantwoordelik te maak deur groentetuine te laat aanlê, hul eie melkkoeie te laat aanhou en ook

⁸⁵ Kyk die Noord-Suid kwessie, 2.5.1.1, bl. 21

ander pligte, soos die alleen-hantering van toeriste deur die jagtersgidse. Een van die wildboere is ook besig om lokale te bou waar televisie gekyk kan word en gemeenskapsaktiwiteite beoefen kan word. Dit is dus 'n soort van 'n gemeenskapsentrum. Hier sal meer toegang tot ander media-vorme wees.

Die wildboere voel ook sendingwerk is belangrik en kommunikeer dit op 'n formele en informele wyse aan die werknemers. Daar word Tswana-Bybels aan hulle gegee en video's soos die Jesus-film word gewys. Vrye teuels word gegee sodat hulle hul geloof kan uitlewe. Die kinders en die huishulp word veral deur die wildboer se vrou op informele wyse aan sendingwerk blootgestel. Een van die wildboere voel egter dat sy sendingwerk poging nutteloos was.

5.3 JAGTERSGIDSE

Daar is onderhoude ⁸⁶ met tien jagtersgidse aan die hand van al die doelstellings⁸⁷ gevoer, terwyl die spesifieke doelstellings vir die deel van die navorsing as volg was:

Doelstelling 2: Om te bepaal of die beoefening van ekotoerisme-praktyke sal bydra tot 'n verbetering in die lewenskwaliteit van die betrokke gemeenskap; en

Doelstelling 3: Om vas te stel hoe die kommunikasie van die plaaslike kultuur (artefakte, gebruike en gewoontes) aan die toeris plaasvind.

Dienstydpark op 'n wildplaas

Die oorgrote meerderheid (70 %) van die jagtersgidse werk al meer as drie jaar op 'n wildplaas. Hul dienstydpark wissel tussen 3 jaar en 16 jaar. Daar is drie jagtersgidse wat onderskeidelik ses, sewe en twee maande op 'n wildplaas werk.

Wild- en natuurbewaring

Meer as die helfte van die jagtersgidse het al van die woord wild- en natuurbewaring gehoor. Daar is 60 % wat van wildbewaring gehoor het en 50 % wat van natuurbewaring gehoor het.

⁸⁶ Sien Bylae II, bl. 137

⁸⁷ Kyk 1.3, bl. 4

Die jagtersgidse se kennis oor wild- en natuurbewaring is verkry van hul voorgeslagte (“ou mense”). Verder kommunikeer Fauna & Flora en die werkgewer dit aan hulle en doen hulle elke dag kennis op. Slegs een jagtersgids het nog oor wild- en natuurbewaring by geen bron gehoor nie.

Die een enkele aspek wat die jagtersgidse die meeste geleer of gehoor het, is dat die veld opgepas moet word. Dertig persent van die jagtersgidse het die oppas van die veld gekoppel aan hul ekonomiese voortbestaan. Verder het die jagtersgidse geweet dat hulle geen diere mag vang, skiet of strikke stel nie. So ook mag bome en plante nie beskadig word nie. Hulle is ook bewus daarvan dat dit ‘n oortreding is en dat hulle moontlik in hegtenis geneem kan word indien die diere en plante deur hulle vernietig word. Die jagtersgidse maak nooit iets in die veld dood nie - ook nie om te eet nie. In uitsonderlike gevalle is slange al doodgemaak.

Die kennis wat die jagtersgidse van hul voorouers oor die veld ontvang het is verdeel tussen die leer van plant- en diername, stories en die feit dat die veld opgepas moet word. Sewentig persent het vertel dat hul plant- en diername, asook stories oor die veld by hul ouers geleer het, terwyl vyftig persent by hul voorouers geleer het dat hulle die veld moet oppas. Die feit dat die natuur vir hulle “geleen” is, is ook deur die voorouers oorgedra.

Die kennis wat die grondeienaar aan die jagtersgidse oorgedra het beklemtoon die rede waarom die natuur bewaar moet word, naamlik; wanneer ‘n jagtersgids nie die natuur bewaar nie, hy nie inkomste in die toekoms gaan hê nie. Honderd persent van die jagtersgidse sê dat die werkgewers hulle leer dat hulle die veld moet oppas. Vyftig persent meen dat die grondeienaar hulle daarvan bewus maak dat hul werk uit die veld kom. Ander aspekte wat na vore gekom het is dat geen besoedeling mag plaasvind, of strikke gestel mag word nie, die weghou van honde, nie enige hout geneem mag word nie en die veld nie verniel mag word nie.

Die jagtersgidse leer die kennis oor wild- en natuurbewaring, beide dié van die wildboer en die voorgeslagte, deur interaksie by mekaar. Hulle leer ook uit daaglikse ervaring by ander jagtersgidse, omdat hulle graag die ondervinding met mekaar deel en staaltjies van die dag se gebeurtenisse by die werk uitruil.

Voordele van wild- en natuurbewaring

Daar is drie van die jagtersgidse wat nie geweet het watter voordele wild- en natuur-bewaring vir die wildboer inhou nie. Die res van die jagtersgidse weet dat as hulle die veld “oppas” of as dit mooi bly, daar jagters sal kom wat kom jag en

dan sal die jagtersgidse werk hê. Daar is drie van die jagtersgidse wat pertinent genoem het dat die grondeienaar geld kry uit die bewaring van die natuur.

Tagtig persent van die jagtersgidse beseft dat hulle werk as jagtersgidse vir hulle en hul gesinne werk-, blyplek en kos verskaf. Die res van die response is verdeel in antwoorde soos dat daar soms 'n spesiale of ekstra bok is vir hulle om te eet, dat die jagtersgidse geld kry, dat daar mense op die plaas kom jag en een jagtersgidse wat meen dat die grondeienaar alleen, en nie hulle nie, geld kry wanneer hulle natuurbewaring toepas.

Interkulturele kommunikasie van die jagtersgidse

Figure 5.3.1 en 5.3.2⁸⁸ dui die interkulturele kommunikasie van die jagtersgidse met die jagters aan, beide ten opsigte van interessantheid op die wildplaas en ook bewaring, met ander woorde bewaringskommunikasie

Die oordra van kennis van die Tswana mense en sy gewoontes

Die jagtersgidse het almal dit duidelik gestel dat hul nie die Tswana-kultuur en verbandhoudende aspekte aan die jagters op enige manier kommunikeer nie.

Kommunikasie tussen die wildboer en jagtersgidse

Al die jagtersgidse huiwer nie om met die wildboer oor hulle behoeftes te praat nie. Indien hulle dit nie self doen nie, vaardig hulle iemand anders af om dit te doen. Daar bestaan kommunikasiekanale tussen die wildboer en die jagtersgidse.

Sestig persent van die werkgewers help die Tswana-kultuur en gewoontes altyd aan, terwyl twintig persent dit soms doen en die ander twintig persent dit nooit doen nie.

Dertig persent van die werkgewers kommunikeer altyd met die jagtersgidse in hul eie taal en sewentig persent doen dit soms. Geen van die jagtersgidse meen dat die werkgewer nooit met hul in hulle eie taal praat nie.


Die jagtersgidse ontvang ook gratis vleis. Soms is dit beesvleis, in ander gevalle is dit wild wat spesiaal vir hulle geskiet word, ou of siek bokke of van die binnegoed

⁸⁸ Kyk bl. 99- 100

wat oorbly na die jag. Dikwels kry hulle meer vleis wanneer daar slegs trofeejag plaasvind. Die meerderheid jagtersgidse ontvang ook gratis elektrisiteit.


Figuur 5.3.1

Interessantheide wat jagtersgidse uitwys



Figuur 5.3.2

Bewaringskommunikasie van die jagtersgidse met ander



Lewenskwaliteit

Al die respondente is van mening dat hul lewenskwaliteit verbeter het vandat hulle op die spesifieke wildplase begin werk het.

Vir verdere duidelikheid word daar van grafiese voorstellings (Sien figure 5.3.3. en 5.3.4⁸⁹) gebruik gemaak.

Die jagtersgidse ontvang bykomend tot hul salaris en ander byvoordele voedsel soos groente, rys en vrugte van die wildboer af. Baie van die produkte word op die


⁸⁹ Kyk bl. 101 - 102

plaas self verbou. Al die jagtersgidse ontvang gratis tabak, melk, huisvesting, vuurmaakhout en water.


Die jagtersgidse ontvang verder gereeld geld of kos of iets anders van die jagters. Dit wissel van klere, tabak en skoene tot geld. Daar is nie 'n enkele jagtersgidse wat tydens die besoeke van jagters op die onderskeie plase nie iets by 'n jagter gekry het nie.

Figuur 5.3.3

Loon per maand



Figuur 5.3.4



5.4 JAGTERS

Op elk van die plase is tien vraelyste gelaat. Van die vyftig vraelyste is 43 terug ontvang. Hierdie is die kwantitatiewe deel van die studie en daarom gaan ook meer van syfers, statistieke en tabelle gebruik gemaak word.

Weer eens is die vraelyste opgestel volgens al die doelstellings van die studie⁹⁰, terwyl die spesifieke doelstellings vir die vraelys die volgende is:

⁹⁰ Kyk 1.3, bl. 4

Doelstelling 3: Om vas te stel hoe die kommunikasie van die plaaslike kultuur (artefakte, gebruike en gewoontes) aan die toeris (jagter) plaasvind; en

Doelstelling 4: Om vas te stel hoe die kommunikasie van natuurbewaring aan die toeris (jagter) plaasvind.

Demografiese inligting

Die ouderdom van die jagters wissel tussen 18 en 57 jaar. Die gemiddelde ouderdom van die jagters is 43.

Die jagters jag tussen twee dae en dertig dae per jaar. Daar is jagters wat gemeld het dat hulle selde jag. Die gemiddelde tydperk wat aan jag bestee word is sewe dae per jaar.

Dertig persent van die jagters het al tydens die jagtogte kultuurprodukte gekoop en sewentig persent het dit nog nooit gedoen nie.

Die jagters se kennis oor die Tswana-kultuur wissel (Sien figuur 5.4.1)⁹¹. Die oorgrote meerderheid van die jagters (64 %) voel dat hulle tydens die jagtogte meer van die swartmense se kultuur leer.

Natuur- en wildbewaring

Die meerderheid van die jagters (94 %) meen dat hulle meer van wild- en natuur-bewaring tydens die jagtogte leer. Slegs 6 % deel nie die gevoel nie.


Die resultate van die volgende vrae gaan aan die hand van figure 5.4.2 tot 5.4.6 weergegee word. In hoofstuk ses⁹² sal die resultate volledig bespreek word en dan sal daar weer na al die figure in hoofstuk 5 verwys word.

⁹¹ Kyk bl. 104

⁹² Kyk bl. 107 - 130

Figuur 5.4.1

Jagters se kennis van die Tswana kultuur



Figuur 5.4.2

Persone waarby die meeste van wild- en natuurbewaring geleer word.

	Baie	Min	Glad nie
Wildboer	50 %	38 %	12 %
Jagtersgidse	55 %	31 %	14 %

Figuur 5.4.3

Gemiddelde beloning van die jagtersgidse per jagtog

	Waarde
Geld	R45
Klere	R4
Kos	R8

Figuur 5.4.4

Persentasie jagters wat hulle gesinne op 'n plaasvakansie sou wou neem.

Altyd	19 %
Soms	66 %
Glad nie	15 %

Figuur 5.4.5

Persentasie jagters wat hul gesinne op 'n etnotoerisme vakansie sou wou neem.

Altyd	20 %
Soms	53 %
Glad nie	27 %

Figuur 5.4.6

Gemiddelde totale jaarlikse bruto inkomste van die jagters.

Minder as R50 000	7 %
Tussen R50 000 en R75 000	19 %
Tussen R75 000 en R125 000	40 %
Tussen R125 000 en R150 000	16 %
Meer as R150 000	18%

5.5 SLOT

In hierdie hoofstuk is die resultate van die empiriese ondersoek weergegee. Dit is 'n kwalitatiewe studie en daarom is daar nie so sterk klem gelê op persentasies en vergelykings nie. Hoofsaaklik is van woorde soos meerderheid en minderheid gebruik gemaak. Waar nodig is daar van grafiese voorstellings gebruik gemaak.

In hoofstuk 6 sal die resultate geïnterpreteer word en met die doelstellings en teoretiese aannames⁹³ in verband gebring word

⁹³ Kyk 4.2, bl. 71

HOOFSTUK 6 INTERPRETERING VAN RESULTATE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk gaan die resultate geïnterpreteer word. Die mate waartoe die doelstellings van die empiriese ondersoek gerealiseer is, asook die verband met die aannames, vanuit die teorie⁹⁴ gestel, gaan aangespreek word. Aanbevelings sal deurentyd gemaak word. Die doelstellings met die empiriese ondersoek was as volg:

1. Om vas te stel hoe die skeppers van die toerisme-infrastruktuur (die wildboere) ekotoerisme-praktyke beoefen.
2. Om te bepaal of die beoefening van ekotoerisme-praktyke sal bydrae tot 'n verbetering in die lewenskwaliteit van die betrokke gemeenskap.
3. Om vas te stel hoe die kommunikasie van die plaaslike kultuur (artefakte, gebruike en gewoontes) aan die toeris plaasvind.
4. Om vas te stel hoe die kommunikasie van natuurbewaring aan die toeris plaasvind.

Die empiriese ondersoek⁹⁵ en die literatuurstudie gaan hier met mekaar in verband gebring word. Die gevolgtrekkings wat gemaak gaan word is dus 'n resultaat van die samevoeging van die empiriese ondersoek en literatuurstudie. Dit is ook noodsaaklik, sodat waar moontlik, veralgemenings gemaak kan word. Gevolgtrekkings gaan ten opsigte van elke groep respondente gemaak word maar ook in die algemeen.

6.2 INTERPRETERING VAN DIE RESULTATE

Net soos in hoofstuk 5 gaan die resultate aan die hand van die soort respondent waaroor die navorsing gedoen is, bespreek word.

⁹⁴ Kyk 4.2, bl. 71

⁹⁵ Kyk hoofstuk 4, bl. 70 - 86

Die klem gaan verder val op die interpretering van die antwoorde op die sogenaamde⁹⁶ vrae en of die realisering van die doelwitte wel plaasgevind het. Die doelstellings van die navorsing is verskillend ten opsigte van elke groep respondente wat betrokke was. Die response op die vrae gaan weer volgens die kategorieë hanteer word soos in hoofstuk 5⁹⁷ aangedui is. Die kategorieë is saamgestel op grond van die doelstellings.

6.2.1 GRONDEIENAARS

Die spesifieke doel van die semi-gestruktureerde onderhoude met die grond-eienaars (van nou af wildboere genoem) was as volg:

- Doelstelling 1:* Om vas te stel hoe die skeppers van die toerisme-infrastruktuur (die wildboere) ekotoerisme-praktyke beoefen; en
- Doelstelling 3:* Om vas te stel hoe die kommunikasie van natuurbewaring aan die toeris plaasvind.

Doelstellings 2 en 4 het ook tydens dié onderhoude aandag ontvang, maar dit was nie die spesifieke doel met die onderhoude nie.

Die eerste deel van die onderhoud (vrae 1 tot 8) met die wildboere was bloot om demografiese inligting te verkry. Dit sluit ook aan by doelstelling een deurdat dit meer lig werp op die wyse waarop die wildboere ekotoerisme-praktyke beoefen.

Die meerderheid wildboere is al 'n geruime tyd in die wildbedryf en wat aanduidend daarvan is, is die wyse waarop die wildboere ekotoerisme-praktyke op hul wildplase beoefen, en dat dit van so aard is dat hul tot dusver winsgewend kon voortbestaan.

Die grootte van die plase is bepaal, asook die tipe bedrywighede wat daar beoefen word. Uit die grootte asook die oppervlakte van die plase wat wildwerend omhein is (sien vrae 6 en 7)⁹⁸ het dit geblyk dat wildboerdery die enkel grootste bedryf is wat die wildboere op hierdie spesifieke plase beoefen. Wildboerdery is 'n belangrike ekotoerisme-besienswaardigheid, maar die wildboere beoefen nog nie almal

⁹⁶ Die woord sogenaamde word gebruik omdat dit nie werklik vrae in die ware sin van die woord is nie, want dit is in wese 'n kwalitatiewe ondersoek. Dit word slegs vir duidelikheid so uiteengesit.

⁹⁷ Kyk 5.1, bl. 88

⁹⁸ Kyk 5.2, bl. 88

moontlik gepaardgaande ekotoerisme-aktiwiteite soos fotografie, plaasvakansies, staproetes en voëlbesigtiging nie.

Daar word ook nog geen aktiwiteite beoefen wat met etnotoerisme geassosieer kan word nie. Daar is dus nog ruimte vir uitbreiding op al dié terreine.

Uit figuur 5.2.1⁹⁹ blyk dit dat die wildbedryf floreer as daar na die hoeveelheid jagters wat die plase besoek, gekyk word. Dit is belangrik om hier te onthou dat dit gebeur ten spyte daarvan dat al die wildboere nie heeltyds boer nie. Daar is nog steeds 'n redelike aantal jagters wat die wildplase besoek.

Volgens die resultate¹⁰⁰ is biltongjag die gewildste sektor van die jagbedryf in Suid-Afrika. Met die toetrede tot die internasionale arena begin die klem nou verskuif na ander sektore. Op een van die wildplase was daar al Franse toeriste wat kom voëls jag het. Die wildboere hou egter tred met die veranderings in die behoeftes van die toeriste wat Suid-Afrika besoek en is besig om hul bedrywe uit te brei na georganiseerde staproetes, plaasvakansies, fotografie ensovoorts. Die uitbreiding in aktiwiteite is volgens die wildboere geregverdig as dit in ag geneem word dat sestig persent van die aantal besoekers wat Suid-Afrika besoek hierheen kom om die natuurskoon te bewonder (Koch, 1995:2).

Ekotoerisme

Die wildboere is almal bewus van ekotoerisme en die gepaardgaande behoeftes. Ekotoerisme is as begrip bekend, alhoewel al die fasette wat daarmee saamgaan nie noodwendig bekend is aan die wildboere nie. 'n Voorbeeld van die minder bekende fasette is die boustene van ekotoerisme en etnotoerisme.

Die feit dat die wildboere besig is met nuwe aktiwiteite wat toeriste kan aantrek (of die beplanning daarvan) dui daarop dat die ekotoerisme-opsie deur hulle as 'n werkbare een beskou word. Die wildboere het egter nie almal finansiële ondersteuning of tyd hiervoor beskikbaar nie. Die meeste van hulle het die behoefte vir uitbreiding aangedui.

Die kultuur-aspek van die bewaring-bousteen van ekotoerisme is wel al by sommige van die wildboere teenwoordig. Dit is egter oor die algemeen jammer dat die

⁹⁹ Kyk figuur 5.2.1, bl. 91

¹⁰⁰ Kyk figuur 5.2.2, bl. 92.

wildboere nie beseft dat die kultuurbeest van ekotoerisme net so belangrik as die natuurbeest¹⁰¹ is nie.

Die kultuur-aspek kan definitief meer aandag geniet, veral as die wildboere beseft dat etnotoerisme omskep kan word tot 'n geleentheid vir die plaaslike gemeenskap, deurdat dit kan bydrae tot 'n verbetering van lewenskwaliteit. Uit die resultate blyk dit dat sommige van die wildboere wel in die toekoms die kultuurbeest van ekotoerisme verder wil uitbrei.

Ekotoerisme as 'n begrip met al die gepaardgaande voordele word dus nie ten volle deur die wildboere aan hul werknemers gekommunikeer nie. Die wildboere beseft wel dat die deelnemende ontwikkelingskommunikasie van ekotoerisme tot groter sukses van ekotoerisme-projekte kan lei.

Bewaring

Bewaring is baie belangrik vir die wildboere. Juis daarom kommunikeer hulle gereeld bewaringsbeginsels aan die jagters. Bewaringskommunikasie vind dus plaas, formeel en informeel - ook aan die gesinne van die jagtersgidse. Die belangrikheid van bewaring word ook beklemtoon deur die feit dat die wildboere reëls oor vuurmaakhout het asook alternatiewe voorstelle vir die gebruik daarvan. Die wildboere tree ook op teen jagters wat nie die jagreëls nakom nie.

Soos dit uit bogenoemde blyk is die wildboere se persepsie van bewaring oorwegend dié van natuurbewaring en aan natuurbewaring word genoegsaam aandag gegee. Dit is ook verstaanbaar aangesien dit tot dusver die natuurbewaring was wat vir die wildboere se inkomste verantwoordelik was en nie die kultuurbewaring nie.

Bewaring is 'n baie belangrike deel van ekotoerisme en dit word deur die wildboer aan die jagtersgidse en jagters gekommunikeer. Die jagtersgidse kommunikeer dit ook verder, aan sy gesin, mede-jagtersgidse en die jagters. Baie van die kommunikasie is ook gegrond op die inheemse kommunikasiesisteme soos tussen die jagtersgids en die plaaslike bevolking wanneer daar byvoorbeeld op informele wyse vertel word van "die dag by die werk".

Die oorgrote meerderheid van die wildboere is van mening dat dit nie vir hulle deurentyd nodig is om bewaringskommunikasie toe te pas nie, want die kennis

¹⁰¹ Kyk 2.1, bl. 10

van die plaaslike gemeenskap lê gesetel in hul inheemse kennis en -kommunikasiesisteme. Dit blyk egter dat bewaring veral ten opsigte van kultuur meer gekommunikeer sal moet word. Daar vind interkulturele kommunikasie oor natuurbewaring tussen die jagtersgidse en die jagters plaas.

Die opvoedings- en inligtingsrol van bewaringskommunikasie word onderskat. Die wildboere kan 'n groter bydrae lewer deur meer mense hieraan bloot te stel. Soos in hoofstuk 3¹⁰², genoem is beteken dit nie dat al die jagters nou die boom- en diername moet ken nie, maar bewaringskommunikasie kan lei tot 'n gesindheidsverandering by die jagters. Die gesindheidsverandering kan hulle meer positief instel teenoor bewaring en dalk op die lang duur finansiële voordeel inhou vir beide die wildboer en die gemeenskap.

Die wildboer het ook 'n opvoedingsrol te speel teenoor die jagtersgids en sy gesin. Die beoefening van ekotoerisme hou ook in dat daar 'n inligtingfunksie teenoor die toeris moet wees. Hierdie inligtingsfunksie kan net so wel gebruik word vir die plaaslike gemeenskap. Veral die jong kinders moet betrek word in opvoeding en inligting oor bewaring. Sodoende sal hulle positief ingestel raak teenoor ekotoerisme en bewaring en moontlik kan die bewaringskonsep sodoende wyer uitkring.

Tswana-kultuur

Soos dit pas geblyk het word die kultuurbeen van ekotoerisme verwaarloos. Die wildboere besef dalk nie altyd hoe belangrik dit is nie. Hulle glo wel dat dit finansiële voordeel vir hulle kan inhou. Die wildboere meen almal dat die Tswana kultuurvas is, maar dit word nie genoegsaam oorgedra nie, daarom kon hulle ook net noem dat daar soms plant- en diername aan toeriste oorgedra word. Die wildboere is ook bewus dat die Tswana's 'n kultuurryke volk is en dat hierdie kultuur in 'n ekonomiese voordeel omskep kan word. Oor die algemeen gun hul die Tswana hulle regmatige plek en sal hulle ook graag meer trotsvernuwing by die Tswana's wil aanwakker. Die Tswana's kry ook die geleentheid om hul kultuur en kulturele gebruike uit te leef, wat aanduidend is van die erkenning wat die boer vir dié kultuur gee.

So ook het die wildboere 'n kommunikasierol om te speel ten opsigte van die Tswana-kultuur. Die kommunikasierol is om die Tswana-kultuur die geleentheid te gee om te ontwikkel en tot sy reg te kom. Die kultuur moet ook deur die boer

¹⁰² Kyk 3.3.1, bl. 49

gekommunikeer word. Dit sal vir die jagters van opvoedkundige- en inligtingswaarde wees. Voorts bly die kultuur steeds 'n belangrike deel van ekotoerisme wat gekommunikeer moet word. Die wildboer moet ook interkulturele kommunikasie tussen die jagters en die jagtersgidse aanwakker.

Ekonomiese voordeel

Die ekonomiese voordeel van wild- en natuurbewaring is duidelik 'n erkende feit by die wildboere. So ook die ekonomiese voordeel van eko- en etnotoerisme. Weer eens kan dit genoem word dat die wildboere dikwels deur 'n gebrek aan finansiële ondersteuning verhinder word om meer uitbreidings op die gebied van eko- en etnotoerisme te doen. Die wildboere glo ook dat die jagtersgidse bewus is van hierdie voordeel. Hulle probeer ook kommunikeer dat die beoefening van ekotoerisme in al sy fasette tot finansiële voordeel en 'n uiteindelijke verbetering van lewenskwaliteit van die plaaslike gemeenskap sal aanleiding gee.

Lewenskwaliteit

Die omvang van die begrip lewenskwaliteit word nie altyd deur die jagters, wildboere, sowel as die jagtersgidse besef nie. Die wildboere glo dat ekotoerisme wel die lewens-kwaliteit van die jagtersgidse kan verhoog. Uit die resultate blyk dit dat die wildboer se ekotoerisme-aktiwiteite in elk geval tot 'n verhoging in die lewenskwaliteit van die werknemers aanleiding gegee het, veral as daar van deelnemende ontwikkelingskommunikasie gebruik gemaak word. Ekotoerisme is 'n belangrike ontwikkelingsprojek. Beide hierdie twee feite moet gekommunikeer word, veral dan aan die jagtersgidse en die res van die gemeenskap.

Lewenskwaliteit sluit nie net fisiese aspekte soos vergoeding, behuising, voedsel en ander in nie. Dit vind ook neerslag op 'n meer sosiologiese vlak soos byvoorbeeld trots in die werk wat deur die jagtersgids gedoen word. Lewenskwaliteit verhoog ook wanneer die waarde van die natuur en bewaring besef word. 'n Verbetering van lewenskwaliteit hou ook in dat die Tswana sy ryk kulturele erfenis na waarde sal skat.

6.2.1.1 Gevolgtrekkings van die onderhoude met die grondeienaars

Die eerste doelstelling het uitgewys dat die wildboere beslis besig is om ekotoerisme-praktyke te beoefen. Daar is egter nie altyd geld beskikbaar om dit in al sy fasette te doen nie. Die wildboere is ook nie ten volle bewus van die omvang van die begrip ekotoerisme nie. Bewaring vind plaas, veral natuurbewaring en tot

‘n mindere mate kultuurbewaring; die wildboer is van mening dat die jagter wat die plaas besoek leer en die omliggende gemeenskap baat uit die bedryf.

Die bewaringskommunikasie, soos in die derde doelstelling gestel, vind goed plaas aan die kant van beide die jagter en die jagtersgidse. Daar kan egter meer aandag aan die jagtersgids se gesin gegee word. Die wildboere voel baie sterk oor bewaring en dra dit formeel en ook informeel uit. Die wildboere besef dat ontwikkelingskommunikasie nodig is, omdat die bewaring van die wildplaas die ontwikkeling is wat vir hulle en die jagtersgidse ‘n finansiële voordeel inhou. Daar is egter heelwat grondwerk wat gedoen moet word om ‘n wedersyds aanvaarbare situasie tussen die wildboer en die jagtersgids daar te stel, waarbinne die ontwikkeling verder moet plaasvind. Die rede hiervoor lê in die feit dat die jagtersgidse, volgens die wildboer, nie bewus is van die potensiaal van bewaring nie.

Die wildboere kan egter meer klem lê op die kommunikasie van die begrip ekotoerisme aan beide die jagters en veral die jagtersgidse. Die jagtersgidse moet weer herinner word aan die waarde van hul kultuur. Dit is duidelik dat hulle deeglik bewus is van natuurbewaring. Daar moet ‘n duidelike verband getrek word tussen die ekonomiese voordeel wat verkry word, bewaring en kommunikasie van die natuur en die kultuur.

Dit is dalk ook nodig dat die wildboere op ‘n meer gestruktureerde wyse by die hele gemeenskap uitkom en ekotoerisme bekendstel. In der waarheid is ekotoerisme reeds aan die jagtersgidse bekend as daar gedink word in terme van bewaring, natuur, kultuur en lewenskwaliteit.

Die begrip ekotoerisme met die gepaardgaande voordele, moet verduidelik word en veral dat dit die gemeenskap is wat self die projek moet loods, sodat die maksimum voordeel verkry kan word. Die maksimum voordeel kan alleenlik verkry word wanneer die plaaslike gemeenskap aan die projek deelneem. Deelname word deur kommunikasie verseker. As die kinders al van kleins af hieroor ingelig word kan dit van die kleinste kind af ‘n verskil maak, deurdat die kinders besef dat hulle ‘n rol as landsburgers het om te speel. Die verskil sal ook sigbaar word uit die ervaring wat die toeris kry. Dit is nodig dat die gemeenskap help dink wat hulle kan doen, sodoende sal die projek hulle s’n word. Die vrouens kan byvoorbeeld begin om artefakte te vervaardig en te verkoop. Hierdie is nie noodwendig ‘n winsgewende bedryf op sy eie nie, maar dit vorm ‘n belangrike ondersteuningsaktiwiteit. Kommunikasie wat ontwikkelingsaktiwiteite (soos dié hierbo genoem) ondersteun moet dus plaasvind.

Die wildboer maak min gebruik van die bestaande inheemse kommunikasiesisteme. Dit het duidelik geblyk dat daar 'n inheemse kommunikasiesisteam bestaan deurdat die jagtersgidse by mekaar leer en ook deur kennis, gewoontes, gebruike en tradisies wat van hul voorouers af oorgedra word. 'n Verdere versterking van die effektiwiteit van die inheemse kommunikasiëkanale is die wyse waarop die begrip, soos teëgekom hierdie studie¹⁰³, en die gepaardgaande reëlins plaasgevind het. Die inheemse kennis kan ook tot voordeel van die ekotoerisme-projek benut word deurdat die jagtersgidse die waarde van hul kennis besef. Baie van die beginsels wat die wildboer kommunikeer, kan op 'n informele wyse vermenigvuldig word deur die aanmoediging en bevordering van die gebruik van die inheemse kommunikasiesisteam. Die inheemse kennis en -kommunikasiesisteam sal aangemoedig word wanneer die wildboer die waarde van die jagtersgidse se kennis en werk by hulle tuisbring.

6.2.2 JAGTERSGIDSE

Die doel van die onderhoude met die jagtersgidse was om aan die volgende doelstellings te beantwoord:

- Doelstelling 2* Om te bepaal of die beoefening van ekotoerisme-praktyke sal bydra tot 'n verbetering in die lewenskwaliteit van die betrokke gemeenskap; en
- Doelstelling 3* Om vas te stel hoe die kommunikasie van die plaaslike kultuur (artefakte, gebruike en gewoontes) aan die toeris plaasvind.

Bogenoemde doelstellings is die spesifieke doelstellings, maar doelstellings een en vier¹⁰⁴ geniet ook aandag.

Dienstydpark op 'n wildplaas

Dit wil voorkom asof die meerderheid jagtersgidse al 'n geruime tyd op die wildplase werk. Hulle is dus goed bekend met die take van 'n jagtersgidse en die verskillende aspekte wat in hul werk van belang is. Verder beteken dit ook dat hulle 'n redelike mate van trots in hul werk moet ervaar. Die jagtersgidse wat nog 'n kort tydperk in diens van 'n wildboer is, is of jagtersgidse wat nou eers tot die beroep toegetree het of hulle is nuut op die spesifieke plaas. Dit blyk ook uit die

¹⁰³ Kyk bl. 95

¹⁰⁴ Kyk 6.1, bl. 07

response dat laasgenoemde jagtersgidse se kennis van natuur- en wildbewaring nog gebrekkig is.

Wild- en natuurbewaring

Die begrippe wild- of natuurbewaring is nie bekend aan die jagtersgidse nie. Eers wanneer die term verduidelik is, is daar verstaan wat met die vraag bedoel is. Hierdie wanbegrip van die terme wild- of natuurbewaring is waarskynlik die oorsaak waarom sommige van die jagtersgidse meen dat hul nog nooit van wild- of natuurbewaring gehoor het nie, terwyl dit eintlik deel van hul dag tot dag bestaan in die gemeenskap is.

Die verskil in reaksie op vrae twee en drie van die vraelys is toe te skryf aan nog 'n interessante waarneming. Dit is dat wild amper vir die jagtersgidse belangriker is as die natuur en bewaring word veral met wild in verband gebring. Hierdie verskil kan toegeskryf word aan die wete by die jagtersgidse dat dit die wild is wat "verantwoordelik" is vir hul brood en botter elke maand. Dit is duidelik dat die wildboere meer oor hierdie aspekte met die jagtersgidse moet kommunikeer. Veral dat die terme wild- en natuurbewaring goed inpas in die huidige inheemse kennis wat die jagtersgidse oor bewaring besit.

In hierdie stadium van die onderhoud is die response wat ten opsigte van bewaring verkry is, nog baie negatief want dit is slegs in verband gebring met die spesifieke naam, Fauna & Flora, wat volgens die jagtersgidse, hulle gaan vervolgt indien daar strikke gestel word. Hierdie vervolgingsaspek maak sommige van die jagtersgidse negatief teenoor die begrip bewaring, terwyl hierdie begrip eintlik deel is van, en ondersteun word deur hul inheemse kennis.

Die oorsprong van die kennis oor wild- en natuurbewaring is ook ondersoek om die verband tussen wetenskaplike en inheemse kennis te bepaal. Dit het duidelik geblyk dat beide inheemse en wetenskaplike kennis teenwoordig is, want volgens die jagtersgidse word daar by die voorouers, wildboer en ander gidse op 'n daaglikse basis geleer. Nadat die wanbegrip van die term bewaring uit die weg geruim is, het dit geblyk dat die inheemse kommunikasiesisteem ten opsigte van bewaring goed werk. Daar sal egter meer interkulturele kommunikasie tussen die boer en die jagtersgidse moet plaasvind om die wetenskaplike term, bewaring, met soortgelyke terme en idees in die jagtersgidse se inheemse kennis en kultuur in verband te bring.

Die aanname dat bewaring teenwoordig is in die inheemse kennis en kultuur is nie net versterk deur die onderhoude nie, maar ook deur die response op veral vraag 20 wat aangedui het dat die jagtersgidse wild-en natuurbewaring toepas, omdat hulle nooit iets in die veld vang of doodmaak nie. Dit is egter moeilik om te onderskei of dit wel in die praktyk so plaasvind. Volgens die wildboere is dit egter nie die jagtersgidse en hul gesinne wat wild onwettig skiet of vang nie.

Voordele van wild-en natuurbewaring

Die voordeel van wild- en natuurbewaring vir die wildboer word deur die jagtersgidse waargeneem as die veld wat “mooi bly” en die jagters wat kom jag.

Die jagtersgidse besef dat bewaring ‘n finansiële voordeel vir die wildboer inhou, maar nie tot so ‘n mate dat daar ‘n lynregte verband tussen bewaring en inkomste (beide hulle en die wildboer s’n) getrek word nie. Dit is jammer, want dit is noodsaaklik dat die jagtersgidse besef dat wild- en natuurbewaring ‘n finansiële voordeel inhou vir beide die jagtersgids en die wildboer.

Hier is ‘n duidelike behoefte aan meer bewaringskommunikasie van die wildboer se kant. Die jagtersgidse se response het aangedui dat hul wel besef dat hul kos, werk, en blyplek van die voordele van wild- en natuurbewaring is.

Ekotoerisme as ontwikkelingsaktiwiteit wat voordele vir die jagtersgidse inhou en hul lewenskwaliteit kan verhoog moet meer deur die wildboere aan die jagtersgidse gekommunikeer word.

Die uitwys van interessantheite op die plaas

Hier is nie veel interpretering nodig nie, omdat die resultate in figuur 5.3.2¹⁰⁵ vanself spreek. Dit is duidelik dat die jagtersgidse se kennis van die natuur omvattend is. Hierdie is kennis wat hoofsaaklik van hul voorouers af verkry is.

Die oordra van bewaring aan ander mense

Hierdie vraag is gevra om te bepaal of daar wel bewaringskommunikasie plaasvind en ook in watter mate. Uit figuur 5.3.2¹⁰⁶ blyk dit dat bewaringskommunikasie volgens die jagtersgidse plaasvind ten opsigte van die jagters, hul gesinne,

¹⁰⁵ Kyk figuur 5.3.1, bl. 99

¹⁰⁶ Kyk figuur 5.3.2, bl. 100

ander werknemers en die gemeenskap in geheel. Die meeste kommunikasie vind ten opsigte van die jagters plaas en die minste met die gesin. Die kommunikasie met die jagters is primêr bewaringskommunikasie en ander aspekte van veldkennis.

Die kommunikasie teenoor die gesin is meerendeels die reëls ten opsigte van bewaring wat deur die wildboer of die Hoofdirektoraat Natuur- en Omgewingsbewaring¹⁰⁷ gekommunikeer word. Die jagtersgidse ervaar dit dus as negatiewe kommunikasie. Hierdie negatiewe kommunikasie is waarskynlik ook die rede waarom die naam "Fauna en Flora" met bewaring geassosieer word en nie die jagtersgidse se inheemse kennis wat bewaringsgerig is nie. Die ander kommunikasie wat plaasvind is 'n vertelling van gebeure by die werk.

Daar vind ook baie kommunikasie tussen die jagtersgidse onderling plaas. Dit was nie so duidelik waaroor die kommunikasie hoofsaaklik plaasvind nie, maar dit wil voorkom asof dit ook grootliks 'n kombinasie van reëls en werkervaring is.

Die oordra van die Tswana-kultuur en gewoontes

Hier het 'n groot leemte aan die lig gekom. Die jagtersgidse besef nie hoe interessant hul eie kultuur is nie en hoe baie kennis hulle het om oor te dra nie. Daar vind bykans geen kommunikasie oor die Tswana-kultuur plaas nie. Interkulturele kommunikasie moet meer tussen die jagters en die jagtersgidse plaasvind, aangesien dit nodig is dat die Tswana-kultuur uitgedra word. Hierdie kommunikasie is noodsaaklik omdat dit bydraend kan wees tot 'n verhoging van lewenskwaliteit, deel is van etnotoerisme en ook moontlik kan lei tot 'n aanwakkering van kultuurtrots.

Hierdie voordeel van ekotoerisme word deur Satoer in hul nuwe beleidsdokument bevestig (Koch, 1995:2): "Now some pilot projects are finding ways to restore the pride of communities in their natural heritage by sharing the substantial benefits of tourism with them".

Die Tswana's moet weer 'n trots in hul eie kultuur ontwikkel en dit kan aangehelp word deur die werkgewers wat die belang hiervan vir die jagters, die wildplaas-ervaring en ook vir die jagtersgidse self aan die jagtersgidse moet uitwys.

¹⁰⁷ Deur die plaaslike Tswana's as "Fauna en Flora" beskou.

Kommunikasie tussen die jagtersgidse en ander mense

Dit is bemoedigend om te sien dat daar goeie kommunikasie tussen die wildboer en die jagtersgidse is. Die jagtersgidse is nie bang om te vra as hulle iets nodig het nie en volgens hulle probeer die wildboer hulle kultuur aanhelp deurdat hy ruimte vir die jagtersgidse en die plaaslike gemeenskap gee om hul eie gang ten opsigte van hul kulturele gebruike te gaan.

Die feit dat sommige van die wildboere altyd en die ander soms probeer om in Tswana te praat, dui daarop dat die wildboere hul toeganklikheid vir die jagtersgidse probeer verhoog. Daar is geen wildboer wat nie per geleentheid met die jagtersgidse in Tswana praat nie. Gesonde terugvoer bestaan dus tussen die betrokke partye. Die feit dat daar goeie kommunikasiekanale tussen die wildboer en die jagtersgidse bestaan, is bemoedigend. Deelnemende ontwikkelingskommunikasie sal waarskynlik maklik daarin slaag om ontwikkelingsprojekte van die grond af te kry, want dit sal geskoei wees op die oop kommunikasiekanale en vertrouwensverhouding wat daar tussen die wildboere en die jagtersgidse bestaan.

Lewenskwaliteit

Hierdie was 'n baie moeilike aspek van die onderhoud, omdat lewenskwaliteit 'n onbekende begrip vir die jagtersgidse is. Daar is probeer om die term te vervang met "bly jy lekkerder of slegter vandat jy 'n jagtersgids is", "werk jy lekkerder vandat jy 'n jagtersgids is", "het jy genoeg om te eet", "bly jy in 'n groter huis" en ander terme. Al die respondente het hierop ja geantwoord. Hierdie kan aanduidend wees van die gebrekkige kommunikasie tussen die wildboer en die jagtersgids oor die feit dat die jagtersgids se bydrae tot die beoefening van ekotoerisme as ontwikkelingsaktiwiteit voordele vir die gemeenskap inhou. Wanneer daar gepraat word van gebrekkige kommunikasie beteken dit nie noodwendig dat die wildboere nie hierdie feite kommunikeer nie, maar dit beteken dat die jagtersgidse dit nie besef nie. Die voordele van ekotoerisme kan dus moontlik gekommunikeer word, maar die jagtersgidse begryp dit dalk nie ten volle nie.

As die response uit onder andere figure 5.3.3¹⁰⁸ en 5.3.4¹⁰⁹ van die onderhoude in ag geneem word, sowel as die tipe vergoeding wat die jagtersgidse ontvang, blyk dit asof daar veral op die fisiese terrein van lewenskwaliteit nie 'n gebrek is nie. Wanneer daar egter gekyk word na die hoeveelheid mense wat die jagtersgids

¹⁰⁸ Kyk figuur 5.3.3, bl. 101

¹⁰⁹ Kyk figuur 5.3.4, bl. 102

moet onderhou, is die omstandighede nie meer so rooskleurig nie. Die doel hier was egter net om te probeer bepaal of die jagtersgidse se lewenskwaliiteit verbeter het. Die meer geestelike en sosiale aspekte van lewenskwaliiteit was moeilik bepaalbaar.

6.2.2.1 Gevolgtrekkings van die onderhoud met die jagtersgidse

Uit die response het die jagtersgidse gestel dat hulle lewenskwaliiteit verbeter het vandat hulle dié spesifieke beroep beoefen. Hulle is ook gelukkig met hulle werk. Dit is veral sigbaar in die lang diens tydperke wat die meeste van hulle het.

Die tweede doelstelling het uitgewys dat daar min kommunikasie van die plaaslike kultuur plaasvind. Die jagtersgids neem nie die Tswana-kultuur as iets waar wat vir die jagters interessant sal wees nie. Hulle kommunikasie hiervoor is beperk tot die gebruik van Tswana woorde vir sekere diere en antwoorde op vrae van die jagters oor die Tswana mense. Die kultuur of etnotoerisme aspek van ekotoerisme moet meer aandag ontvang tydens die interkulturele kommunikasie tussen die wildboer en die jagtersgids.

In die algemeen was die mees opvallende die feit dat die jagtersgidse nie besef hoe omvangryk hul kennis is nie en hoe baie hulle weet nie. Dit geld nie net ten opsigte van die natuur nie, maar ook die kultuur. Hierdie is 'n belangrike hulpbron en bate vir enige ekotoerisme-projek, omdat dit iets is wat die toeris (in dié geval die jagter) interesseer. Die wildboer moet die jagtersgids hierop attent maak en interkulturele kommunikasie teenoor die toeris oor die aspek aanwakker.

Dit is ook nodig dat die jagtersgids trots sal hê, nie net in sy werk nie, maar veral ook in sy kultuur. Dit het duidelik geblyk uit die literatuurstudie¹¹⁰ dat trots hervestig word wanneer die gemeenskap 'n beroep as betekenisvol ervaar. Om 'n jagtersgids te wees is 'n betekenisvolle beroep. Die wildboer moet die betekenisvolheid van die beroep aan die jagtersgids kommunikeer en ook hoe die jagtersgids deel uitmaak van die ekotoerisme-projek.

6.2.3 JAGTERS

Die spesifieke doelstellings met die vraelyste aan die jagters was as volg:

¹¹⁰ Kyk 3.8, bl. 65

- Doelstelling 3:* Om vas te stel hoe die kommunikasie van die plaaslike kultuur (artefakte, gebruike en gewoontes) aan die toeris (jagter) plaasvind.
- Doelstelling 4:* Om vas te stel hoe die kommunikasie van natuurbewaring aan die toeris (jagter) plaasvind.

Daar is ook insigte uit doelstellings 1 en 2 uit die vraelyste verkry.

Demografiese inligting

Dit blyk uit die response dat die jagters in die meeste gevalle ouer persone is, wat ook 'n bo gemiddelde salaris verdien. Dit word bevestig deur figuur 5.4.6¹¹¹ en die feit dat vier en sewentig persent (74 %) van die jagters 'n salaris van meer as R100 000 verdien en slegs sewe persent (7 %) 'n salaris van minder as R50 000 per jaar. 'n Persoon wat tyd het om 'n week verlof te neem om te jag, moet dus geregtig wees op 'n aansienlike hoeveelheid verlof per jaar. Die afleiding kan gemaak word dat die jagters in meeste gevalle al gevorderd in hul loopbane is.

Volgens navorsingresultate van die Navorsingsentrum vir Ekonomiese Aspekte van die Wildbedryf (1994:12) blyk dit dat die jagter 'n ouer persoon is - sewe en dertig persent (37 %) van die jagters val in die ouderdomsgroep ouer as 41 jaar. Daar is dertig persent (30 %) van die jagters wat meer as R10 000 per maand verdien.

Dit is duidelik dat jagters in die meeste gevalle persone is wat beroepe beoefen wat gekoppel is aan 'n substantiewe salaris en dat hulle al redelik gevorderd is op die lewenspad. Die afleiding kan ook gemaak word dat die jagters ingeligte persone is.

Tswana-kultuur

Die jagters se kennis van die Tswana-kultuur is gemiddeld. In figuur 5.4.1¹¹² kan gesien word dat hulle kennis swakker is as wat verwag kan word, as daar in ag geneem word dat die jagters gemiddeld 'n week per jaar jag. Uit die response blyk dit dat die jagters steeds meer van die Tswana-kultuur tydens die jagtogte leer. Daar vind dus nie genoegsame interkulturele kommunikasie plaas nie en dit is weer eens aanduidend van die feit dat die wildboere die jagtersgidse moet attent

¹¹¹ Kyk figuur 5.4.6, bl. 105

¹¹² Kyk figuur 5.4.1, bl. 104

maak op die waarde van hul kultuur en dat dit sodoende meer gekommunikeer behoort te word.

Die gebrek aan kommunikasie van die kultuur-been van ekotoerisme word verder duidelik uit die min jagters (slegs 30 %) wat al artefakte van die plaaslike kultuur gekoop het. Die meerderheid jagters (64 %) voel tog nog dat hul meer leer van die Tswana-kultuur tydens hulle jagtogte.

Wild- en natuurbewaring

Dit is duidelik uit figuur 5.4.2¹¹³ dat die oorgrote meerderheid van die jagters meer leer van wild- en natuurbewaring tydens hulle jagtogte. Bewaringskommunikasie van veral die natuur en wild vind dus plaas. Om te bepaal met wie hierdie bewaringskommunikasie plaasvind, is gevra by wie die meeste geleer word van wild- en natuurbewaring. Dit is interessant dat vyf en vyftig persent (55 %) van die jagters gesê het hul leer baie by die gidse teenoor die vyf en veertig persent (45 %) wat gesê het hul leer baie by die wildboer. Beide die jagtersgidse en die wildboer kommunikeer dus bewaring goed. Volgens die jagters is daar egter meer ruimte vir verbetering by die wildboer as by die jagtersgidse.

Gemiddelde beloning van jagtersgidse na 'n jagtog.

Die vraag is gestel om die addisionele finansiële vergoeding wat die jagtersgidse ontvang, te probeer bepaal. Die inligting in figuur 5.4.3¹¹⁴ is aanduidend daarvan dat die jagters glo dat hulle 'n bydrae lewer tot die verhoging van die lewenskwaliteit van die jagtersgidse.

Dit blyk duidelik dat die jagtersgidse 'n goeie bedrag in geld (ongeveer R45) ontvang, maar ook kos en klere. Hieruit kan afgelei word dat die beloning wat die jagtersgidse na jagtogte ontvang, die jagtersgidse daarvan moet oortuig dat die finansiële voordeel direk aan jag en bewaring gekoppel kan word.

Plaasvakansie en etnotoerisme

Hierdie twee aspekte van ekotoerisme is iets waaraan die wildboere duidelik kan aandag gee, as daar na die persentasies uit die ondersoek gekyk word. Uit figure

¹¹³ Kyk figuur 5.4.2, bl. 104

¹¹⁴ Kyk figuur 5.4.3, bl. 104

5.4.4¹¹⁵ en 5.4.5¹¹⁶ In beide gevalle sal negentien persent (19 %) van die jagters hul gesinne altyd op so 'n vakansie neem, terwyl onderskeidelik ses en sestig persent (66 %) en twee en vyftig persent (52 %) van die jagters hulle gesinne soms op plaas- en etnotoerisme-vakansies sal neem.

Die jagters is nog nie genoegsaam aan ekotoerisme in al sy fasette blootgestel nie en beskou eko- en etnotoerismebesienswaardighede op die stadium nie as iets wat hy graag sy gesin na sou wou neem nie. Hierdie persentasies moet aanduidend wees vir die wildboer dat hier, sou hy dit graag op sy plaas wou toepas, ruimte vir verbetering is.

6.2.3.1 Gevolgtrekkings oor die vraelyste aan die jagters

In beide doelstellings se geval blyk dit dat kommunikasie wel plaasvind. Die plaaslike kultuur word egter nie genoegsaam gekommunikeer nie en sekere aspekte van die kultuur-been van ekotoerisme moet ook hier uitgebou word. Inter-kulturele kommunikasie moet meer aangemoedig word, as daar gekyk word na die jagters se kennis van die Tswana-kultuur. Hierdie is die plig van beide die wildboer en die jagtersgids, indien hul van 'n ekotoerisme-projek 'n groter sukses wil maak.

Doelstelling twee is gerealiseer. Natuur- en wildbewaring word gekommunikeer en die jagters is deeglik bewus daarvan. Die jagtersgidse kommunikeer ook op hul unieke manier met die jagters. Hierdie is dikwels nie doelbewuste kommunikasie nie, maar spruit onbewustelik voort uit die jagtersgidse se ryk inheemse kennis.

Die jagters is oor die algemeen wel-af en ook nie meer so jonk nie. Die jagters beloon ook graag die jagtersgidse. Dit is duidelik dat die jagters bydra tot 'n verhoging in die lewenskwaliiteit van die jagtersgidse. Hulle stel belang in natuur-bewaring en die plaaslike kultuur. Hierdie is 'n segment van die mark wat ook geoormerk kan word vir plaas- en etnotoerismevakansies.

Tydens die opstel van hierdie vraelys het daar 'n fout ingesluip by die heel laaste vraag¹¹⁷. 'n Salariskategorie, naamlik dié tussen R75 000 en R125 000 is groter as die ander kategorieë. Die fout het waarskynlik nie 'n wesenlike invloed op die studie gehad nie. Verder is daar ook gesukkel om die vraelyste wat by die wildboere

¹¹⁵Kyk figuur 5.4.4, bl. 105

¹¹⁶Kyk figuur 5.4.5, bl. 105

¹¹⁷Kyk Bylae III, bl. 140

gelaat is, terug te kry. Daar moes toe aanvullend met jagters, wat op die plase gejag het, per brief en telefonies gekommunikeer word.

6.3 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Die gevolgtrekkings en aanbevelings gaan nou op 'n geïntegreerde wyse aangespreek word.

6.3.1 DIE DOELSTELLINGS

Uit die hoofstuk tot dusver blyk dit dat die doelstellings wel gerealiseer is. Ekotoerisme bestaan uit drie boustene¹¹⁸ naamlik; bewaring, die feit dat die toeris moet leer (inligtingsfunksie aan die toeris) en die omliggende gemeenskap moet baat uit die projek. Op grond van dié drie bene is die doelstellings opgestel. Dit moet onthou word dat bewaring die natuur en kultuur insluit.

Vir al hierdie aktiwiteite om plaas te vind is kommunikasie nodig, veral ontwikkelingskommunikasie omdat ekotoerisme-praktyke vir die plaaslike gemeenskap as 'n geleentheid tot ontwikkeling beskou word. Dit is belangrik om te onthou dat interkulturele en ontwikkelingskommunikasie nie noodwendig twee verskillende begrippe is nie. As daar na die definisies van ontwikkelingskommunikasie gekyk word¹¹⁹ blyk dit dat dit enige kommunikasie is wat ontwikkeling as doel het en dus kan interkulturele kommunikasie soms ook ontwikkelingskommunikasie wees.

Doelstelling 1: Daar is ondersoek ingestel na hoe die wildboere ekotoerisme-praktyke in Thabazimbi, op hul eiesoortige manier beoefen. Dit moet onthou word dat ekotoerisme van situasie tot situasie verskil en dat daar in die Thabazimbi-distrik 'n unieke beoefening van die soort toerisme plaasvind. Hier het dit geblyk dat natuurbewaring, asook die leer van die natuur deur die toeris wel deeglik plaasvind. Die leer van die kultuur en die bewaring van die kultuur lei egter skade. Wanneer die laasgenoemde aspekte tot hul reg kom sal daar nog 'n verdere verbetering in die lewenskwaliteit van die plaaslike gemeenskap plaasvind. Daar moet dus meer interkulturele kommunikasie plaasvind en die wildboer moet die Tswana's aanmoedig om hul kultuur uit te leef.

¹¹⁸ Kyk 1.2, bl. 8

¹¹⁹ Kyk 1.6.5, bl. 8 en 2.5.3, bl. 26

Doelstelling 2: Dit is duidelik dat ekotoerisme bydra tot 'n verbetering van lewenskwaliteit. Hier is dit nodig om te meld dat dit baie moeilik meetbaar is, omdat lewenskwaliteit nie net fisiese aspekte omvat nie. Die jagters, wildboere en jagtersgidse is almal van mening dat daar wel 'n verbetering van lewenskwaliteit plaasgevind het. Die skakel tussen 'n verbetering van lewenskwaliteit en die bewaring van die natuur en kultuur is nog nie vir al die betrokke partye duidelik genoeg gekommunikeer nie.

Dit is dalk nodig dat die lewenskwaliteit van die jagtersgidse op die wildplase met lewenskwaliteit van die werknemers in ander soortgelyke situasies vergelyk word. Dalk moet die lewensomstandighede van jagtersgidse met dié van werkers op 'n saaiplaas in verband gebring word.

Doelstelling 3: Soos reeds genoem¹²⁰ is daar 'n gebrek aan die kommunikasie van die plaaslike kultuur, hulle gewoontes en gebruike. Die Tswana's is 'n kultuurryke volk, maar het ook iewers trots in hul eiesoortige kultuur en inheemse kennis verloor. Uit die onderhoude met die jagtersgidse het dit telkens geblyk dat die jagtersgidse baie weet, maar nie besef dat hulle inheemse kennis van ontskatbare waarde is nie. Hulle aanvaar dit as alledaags. Hierdie is iets wat moet verander vir die suksesvolle loods van volledige ekotoerisme-projekte met die oog op veral etnotoerisme. Dit is nodig dat die gemeenskap moet besef dat die werk van 'n jagtersgids belangrik is en vir hulle finansiële voordeel inhou.

Die hele gemeenskap moet betrokke raak by die ekotoerisme-praktyke, sodat hulle besef dat hulle inset 'n verskil kan maak. Dit sal ook die gemeenskap meer positief maak teenoor bewaring. Hierdie deelname van die gemeenskap kan alleenlik deur kommunikasie gerealiseer word. Hier dink mens aan die voorbeelde van suksesvolle betrekking van die gemeenskap¹²¹. Dit beteken dat die hele gemeenskap betrek moet word, dalk deur 'n etnotoerisme-projek, die verkoop van artefakte, die betrekking van die kinders by omgewingsopvoeding of die oordra van die plaaslike gemeenskap se kultuur aan jagters, hetsy by die kampvuur of op 'n ander informele basis.

'n Aspek wat verdere en baie interessante navorsing sou behels is die hele kwessie rondom die kultuur-been van ekotoerisme en veral dan etnotoerisme. In hierdie stadium sal dit waarskynlik nie 'n ekonomies-lewensvatbare bedryf op sy eie wees nie, maar dit kan 'n baie belangrike ondersteunende sektor vir die wildbedryf

¹²⁰ Kyk 6.1, bl. 107

¹²¹ Kyk 3.8, bl. 65

word. Dit het die potensiaal om verder te ontwikkel, veral met 'n styging in oorsese toeriste-getalle en besoekers.

Die kommunikasie van die kultuur-aspek van ekotoerisme is deel van die inligtingsfunksie van ekotoerisme.

Doelstelling 4: Natuurbewaring word goed gekommunikeer. Dit word onder meer gedoen deur die wildboer aan die jagters en jagtersgidse, maar ook deur die jagtersgids aan jagters en onder mekaar. Die wildboer en jagtersgidse besef die onontbeerlikheid van natuurbewaring en veral die kommunikasie hiervan. Hier is egter in 'n mate ook ruimte vir verbetering. Natuurbewaring moet meer en duideliker gekoppel word aan finansiële voordeel wat dit vir die hele gemeenskap kan inhou.

Die kommunikasie van natuurbewaring is 'n belangrike deel van die inligtingsfunksie van ekotoerisme - een van die boustene van ekotoerisme. Hierdie is 'n wyse waarop informele leer kan plaasvind.

Ekotoerisme is 'n komplekse begrip, veral wanneer daar met verskillende kulture gewerk word. Daarom is kommunikasie van kardinale belang. Soos dit vroeër geblyk het¹²², moet daar 'n balans tussen wetenskaplike en inheemse kennis wees. Die wildboer moet gebruik maak van die inheemse kommunikasiesisteme om beginsels oor ekotoerisme oor te dra aan die hele gemeenskap.

Daar word met mense gewerk en die hele proses om 'n ekotoerisme-projek te vestig is 'n kombinasie van ontwikkelings- en interkulturele kommunikasie. Net soos interkulturele kommunikasie nodig is vir wedersydse begrip, so moet die wildboer ook die regte kommunikasie gebruik vir die ontwikkeling van so 'n projek. Die ontwikkeling moet die gemeenskap se goedkeuring en samewerking hê, anders sal dit nie geslaagd wees nie.

Ten slotte: tydens die beantwoording aan die doelstellings het daar nuwe en interessante inligting oor die beoefening van ekotoerisme-praktyke aan die lig gekom. Hierdie resultate is geïnterpreteer sodat daar tot 'n sinvolle gevolgtrekking gekom kon word.

¹²² Kyk hoofstuk 2, bl. 10 - 41

6.3.2 AANNAMES VANUIT DIE TEORETIESE BEGRONDING

Die aannames gaan hier weer gestel word en dan sal, soos in hoofstuk 4¹²³ genoem, die teenwoordigheid of die afwesigheid van hierdie aannames bespreek word.

1. *Ontwikkelingskommunikasie is noodsaaklik vir die beoefening van ekotoerisme-praktyke binne ontwikkelende gemeenskappe.*

Dit het duidelik uit die teorie geblyk dat hierdie stelling werklik gegrond is. Deelnemende ontwikkelingskommunikasie verskil van situasie tot situasie, volgens die literatuur¹²⁴. Net so verskil ekotoerisme van situasie tot situasie. In die geval van die ondersoek in Thabazimbi is daar egter nog 'n gebrek aan kommunikasie van ekotoerisme aan die plaaslike (ontwikkelende) gemeenskap¹²⁵. Hierdie gebrek aan kommunikasie kom duidelik na vore as daar gesien word dat meer gemeenskapslede nog nie aan die ekotoerisme-projekte deelneem nie.

2. *Interkulturele kommunikasie is noodsaaklik vir die beoefening van ekotoerisme-praktyke binne ontwikkelende gemeenskappe.*

Uit die resultate blyk dit dat interkulturele kommunikasie op twee vlakke nodig is: tussen die wildboer en die jagtersgidse en tussen die jagtersgidse en die jagters¹²⁶. 'n Verdere vlak wat hiertoe bygevoeg kan word is die interkulturele kommunikasie tussen die plaaslike gemeenskap en die toeriste. Die interkulturele kommunikasie tussen die wildboer en die jagtersgidse is beter as dié tussen die jagter en die jagtersgidse. Die kultuur is 'n belangrike been van ekotoerisme en daarom is dié spesifieke kommunikasie nodig. Interkulturele kommunikasie is veral nodig as die wildboere graag etnotoerisme as deel van ekotoerisme aan die toeriste (jagters) wil bekend stel.

3. *Ekotoerisme lei tot 'n verbetering van lewenskwaliteit van die gemeenskap.*

¹²³ Sien 4.2, bl. 71

¹²⁴ Kyk 2.4, bl. 14

¹²⁵ Kyk 6.2.1, bl. 108

¹²⁶ Kyk 6.2.1.1, bl. 112 en 6.2.2.1, bl. 119

Die teorie en die resultate stem ooreen¹²⁷. Daar is dus meer kommunikasie in die verband met die plaaslike gemeenskap nodig, want die plaaslike gemeenskap koppel die verbetering van lewenskwaliteit nog nie geheel en al direk aan ekotoerisme en bewaring nie.

4. *Die gebruik van inheemse kennis is noodsaaklik vir die vestiging en vooruitgang van ekotoerisme-praktyke.*

Ook in die Tswana-kultuur het die resultate die teenwoordigheid van 'n omvattende inheemse kennis en effektiewe inheemse kommunikasiesisteem aangedui¹²⁸. Die wildboer kan egter meer hiervan gebruik maak. Die inheemse kennis word deur hierdie kommunikasiekanale oorgedra¹²⁹. Die wildboer moet dit gebruik om 'n ekotoerisme-projek sowel as die voordele daaraan verbonde te kommunikeer. Die gebruik van die kommunikasiekanale sal ook groter gemeenskapsdeelname inisieer.

5. *Wildboere onderskat die waarde van inheemse kennis en kommunikasiesisteme.*

Hierdie is uit die resultate as 'n voldwonge feit bewys. Nie net onderskat die wildboere hierdie aspek nie, baie van hulle is nie eers hiervan bewus nie¹³⁰.

6. *Slegs wanneer daar deelname op plaaslike vlak is, sal ekotoerisme suksesvol wees en lei tot 'n verbetering van lewenskwaliteit.*

Ten opsigte van hierdie aanname is daar 'n definitiewe leemte in die navorsing. Dit was baie moeilik toetsbaar in Thabazimbi, omdat die ekotoerisme-projekte daar nog grotendeels vanuit die wildboer se perspektiewe geloods word. Daar is op kleiner skaal deelname en betrokkenheid van die plaaslike gemeenskap af - veral van die jagtersgidse en hul gesinne. Hulle besef die voordele van natuurbewaring. Die voordele van kultuurbewaring word glad nie goed besef of gekommunikeer nie¹³¹. Dit sou wenslik wees indien die wildboere en gidse op elke plaas saam kan beplan aan 'n ekotoerisme-projek. Daar is nie rede waarom dit nie sal werk nie, want oor

¹²⁷ Kyk 2.5, bl. 19 en 6.2.2.1, bl. 119

¹²⁸ Kyk 5.3, bl. 96

¹²⁹ Kyk 2.5.5, bl. 34

¹³⁰ Kyk 5.2, bl. 88 en 6.2.1.1, bl. 112

¹³¹ Kyk 5.2, bl. 88 en 6.2.1.1, bl. 112

die algemeen is daar goeie kommunikasie en terugvoer tussen die wildboere en die jagtersgidse en is daar al deelname op beperkte vlak.

7. *Die plaaslike kulture het 'n belangrike rol om te speel in ontwikkeling.*

Deelname in enige ontwikkelingsprojek is noodsaaklik¹³². Die omvang van die Tswana's se inheemse kennis, hul kennis van en liefde vir die natuur en hul behoefte na beter lewenskwaliteit bevestig die rol wat hulle kan speel in ontwikkeling. Sonder die deelname van die plaaslike kultuur sal die projekte wat beoefen word nie as volwaardige ekotoerisme beskou kan word nie.

8. *Interkulturele- en ontwikkelingskommunikasie moet gebruik word om inligting oor natuurbewaring aan die toeris oor te dra.*

